

# BIBLIKASIE





## Die NUUTHEID van 'n NUWEJAAR

Dit was vir my asof daar teen die einde van die ou jaar by ons almal tog 'n mate van fisiese en geestelike tamheid te bespeur was. Die verpligte blaaskans tussen Kersfees en Nuwejaar was blykbaar die regte medisyne. Dit is 'n voorreg om saam met u 'n nuwe jaar in geloof, vol moed en met wilskrag en daadkrag aan te pak.

Die nuutheid van die nuwe jaar is tans op verskeie terreine te bespeur en te ervaar. Mag die glans daarvan lank behoue bly sodat ons ook ons paraatheid ten opsigte van die hantering van elke probleem en uitdaging wat 1978 mag oplewer, kan handhaaf. Ek wil in hierdie eerste aflewering van "Biblikasie" vir vanjaar, sake noem wat die nuutheid van die nuwe jaar duidelik weerspieël.

Eerstens, deel ons in die vreugde van kollegas wat 1978 nou saam met 'n huweliksmaat tegemoet gaan. Mag die geluk en vreugde waarmee u die huwelikspad begin steeds toeneem. Ons vertrou dat die nuwe inspirasie wat u tuis mag vind ook tot in u werksituasie sy dividende sal afwerp.

Ten opsigte van diegene vir wie 1978 die eerste ervaring van 'n nuwe werkkring beteken - ek hoop u sal goed aanpas en inpas. Mag u die gesondheid en insig ontvang om u dagtaak met sukses en entoesiasme uit te voer.

Dan het die nuwe jaar ook vir sommige van ons gevestigde personeellede 'n nuwe uitdaging gebring. Die Hoof en personeel van die nuut gestigte Seksie vir Finansiële Administrasie het die groot taak op hulle skouers om die beheer oor alle aspekte rakende ons besteding van fondse asook die beheer van voorrade op 'n hegte grondslag te plaas. Hierdie stap het 'n kettingreaksie tot gevolg gehad. Dit het nie net meegebring dat verskeie personeellede vanjaar in 'n nuwe hoedanigheid werksaam sal wees nie, maar het ook 'n herorganisasie van die Afdeling vir Aanskaf en Insameling en 'n uitbreiding van die Hoof van Ontsluiting se verantwoordelikhede tot gevolg gehad. Ek vertrou dat die aanpassings, veranderings en verskuiwings wat teweeggebring is, die doeltreffendheid van ons Biblioteekdiens in die nuwe jaar verder sal verhoog.

Vervolg/.....

U.P – Biblioteekdiens · nuusblad · JAN. 1978.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Vir sommige vertakkings van die Biblioteekdiens sal 1978 'n algehele vernuwing beteken. Na verwagting sal die nuwe Mediese Biblioteek teen April gereed wees en staan ons op die vooraand van 'n algehele vernuwing van dienste aan die gebruikerskorps op die hele Mediese kampus - soortgelyk aan die effek wat die nuwe Merensky-biblioteek destyds op die Hillcrest-kampus laat voel het. Ons vertrou dat die verbetering van fasiliteite ryklik sal vergoed vir die ontwrigting en vermoeienis wat die trekkery sal meebring.

Die resultate van die arbeid deur lede van ons Afdeling Beplanning en Ontwikkeling en ander senior personeellede bring mee dat verskeie afdelings reeds die nuwe jaar met 'n nuwe baadjie tegemoet gaan. Die implementering van 'n nuwe lêerstelsel, 'n nuwe stelsel van statistiekhouding, 'n gerekenariseerde katalogus vir die Afdeling vir Tydskrifadministrasie en vir die Seksie vir Gereserveerde Studiemateriaal en someer, bring mee dat 1978 vir die betrokke personeel heel anders as 1977 sal verloop. Daarbenewens dui die vordering wat met verskeie projekte gemaak word daarop dat vernuwing oor 'n wye front in die nuwe jaar voortgesit sal kan word.

Selfs "Biblikasie" kon die vernuwing wat 'n nuwe jaar bring nie ontsnap nie. Namens ons almal wens ek die nuwe redaktrise, mej Jeanetta du Preez, alle sukses toe. Ons sê by voorbaat dankie vir die werk wat bykomend tot die gewone dagtaak verrig sal word om aan ons ander soveel leesgenot te verskaf.

Tog lê die werklike betekenis en diepere sin van vernuwing daarin dat ons almal by geleentheid moet kan sê: "Die ou dinge het verbygegaan, kyk dit het alles nuut geword".

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

## REDAKSIE


Ons staan reeds 'n paar treë in die nuwe jaar.

Hierdie tyd van die jaar keer alles terug na die normale. Die feesgety is verby en daar word met groot verwagtinge en mooi voornemens uitgesien na 'n nuwe jaar.

As nuwe redaktrise van "Biblikasie" is dit my wens dat ons in die komende jaar die goeie samewerking van almal verbonde aan UP se Biblioteekdiens sal handhaaf. Mag ons deur Biblikasie die bande tussen ons as personeel net hegter saamsnoer.

Mej Jeanetta du Preez
REDAKTRISE

Hiermee aan almal baie dankie vir die bydraes vir hierdie uitgawe. Weens 'n gebrek aan ruimte sal dié berigte wat nie nou geplaas is nie oorstaan na die volgende uitgawe.




Ons skryf nie graag kleredrag voor nie, Joris, maar jou geklingeling en getok-tok raak op almal se senuwees

# LUS VIR LEES?

COETZEE, R. Spys en drank.

641.596.8 563 678

Kaapstad, Struik, 1977.

"Vir spys en drank, sê ons u dank
Ons prys u naam, o Heer!"

Met die tradisionele tafelgebed begin die boek van Renata Coetzee wat handel oor die ontstaan van die Afrikaanse eetkultuur, veral gedurende die 17de en 18de eeu. Die boek is 'n heerlike illustrasie (letterlik!) van die kaapse kookkuns en die ontwikkeling daarvan. Sy skets die historiese agtergrond, gebeure en dinge in en om die kaapse kombuis, die voedselgebruike en sosiale gewoontes, asook die eerste kookboeke waaruit sy sommige van die 167 reseppe wat sy in die boek gee, gehaal het.

Een van die interessantste hoofstukke is seker die oor tafelgebruike, of soos dit bekend gestaan het - "hoe men tafelde." Daarin word vertel van die tafelmaniere in 'n tyd toe vurke nog 'n onbekende was, van die meubels, porselein, silwer en glas wat onder andere die kaapse edelliede se tafels versier het.

Die boek is ryklik geïllustreer met besonderse kleurfoto's wat veral die Africanawaarde van die boek verder verhoog, en dit sommer ook 'n lekker kyk-boek maak.

Vir die dames wat 'n slag op 'n eg-kaapse manier wil onthaal, of sommer net nie weet wat om vir aandete op te dien nie, is daar ruimskoots voorsiening gemaak met die reseppe uit die kaapse kombuis. Wat van "frikkadel in wingerdblare" of "oblietjies" of het u al "Juffertjie-in-'t-groen" na die ete bedien?

'n Heerlike boek vir die persoon wat in die kookkuns belangstel, of sommer net vir deurblaai.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# drama

LUISE MILLER deur FRIEDERICH SCHILLER

Regisseur en vertaler: Fred Steyn - Departement Drama, UP.
Ontwerper: Hans Nel

LUISE MILLER (KABALE und LIEBE - 1784) is een van die vroeër werke van die Duitse dramaturg, Friederich Schiller, vriend en tydgenoot van die beroemde Goethe. Die werk word vandag beskou as een van die klassieke stukke van die Duitse drama en word gereeld dwarsdeur Duitsland opgevoer. Die opvoering van die stuk deur die Dramadepartement gee dan ook aan sy studente die geleentheid om met dië drama op die verhoog kennis te maak.

Dis 'n aangrypende verhaal van twee jongmense se liefde wat tragies eindig as gevolg van die teenkanting en gekonkel van hul ouers. Klasseverskille en politieke intriges is die struikelblokke wat die liefde laat verongeluk. Die twee jongmense behoort tot verskillende wêrelde. Ferdinand is die seun van die President en Luise die dogter van 'n arm man. In hulle jeugdige voortvarendheid glo hulle dat hulle liefde sterk genoeg is om alle teenkanting te oorwin en die grense tussen mense af te breek. Tradisie, politieke knoeiery en die onbuigsame wette van die gemeenskap kry egter die oorhand en hulle idilliese liefdesgeluk word vernietig. Die twee jongmense sien nie kans om verder te leef nie en soos Romeo en Juliet kies hulle eerder die dood as om van mekaar geskei te word

Schiller skep 'n hele reeks interessante en veelsydige karakters. Elkeen van hulle openbaar 'n reeks karaktertrekke wat van goed tot sleg verloop. Elke studentespeler word dus voor 'n besondere uitdaging gestel waar daar veel van elkeen se speeltalent geverg word. Daarbenewens is die karakters almal met vaste oortuigings en sterk hartstogte wat heerlike speelgeleentheid bied.

Afgesien van twee dosente van die Departement wat rolle vertolk - Braam Cilliers en Tjaart Potgieter - bestaan die hele geselskap uit tweede-, derde- en vierdejaarstudente wat die grootste gedeelte van hulle somervakansie opoffer deur vroeg in Januarie reeds te begin repeteer, sodat hulle gereed kan wees met die opvoering wanneer die Universiteit in Februarie open.

Die amptelike openingsdatum is Maandag 13 Februarie om 20h00 in Die Masker. Besprekings kan gedoen word by Computicket vanaf 1 Februarie.

What greater or better gift can we offer the republic than to teach and instruct our youth? (Quod enim munus reipublicae afferre majus meliusve possumus, quam si docemus afque erudimus juventutem?)

Cicero, De Divinatione. Bk ii, hfs 2, afd 4.

VERJAARSDAE IN FEBRUARIE

| | |
|---|---|
| 2 | Mev M Lang - Ontsluiting |
| 3 | Mev A Geldenhuys - Tydskrifte |
| 7 | Mej M Lee - Ontsluiting |
| 8 | Mnr T du Toit - Buitemuurs |
| 9 | Mev M Stols - Ontsluiting |
| 13 | Mej A Nel - Vakbibliotekaris |
| 14 | Prof E D Gerryts - Direkteur |
| 16 | Mej I de Vaal - Tydskrifte |
| 17 | Mev S Scheepers - Toonbank |
| 20 | Mev J van Wyk - Beplanning |
| 22 | Mnr M Labuschagne - Bindery |
| 27 | Mej W Shipman - Inter |
| 29 | Mev B von Ehrenberg - Musiek |

# gelukwense

Die Beplanningsafdeling het so stil-stil 'n nuwe Bibliotekaris gekry - geluk met die bevordering mnr Rolf Tönsing.

Gelukwense aan studente wat suksesvol uit die stryd getree het:

Mev Alma Cronje het haar B.A. graad behaal.

Mnr Jakkie Schlebush het die Laer Diploma in Biblioteekkunde geslaag. Vanjaar skryf hy in vir B.Bibl.

Mev Innarie Annandale het drie vakke van die Hoër Diploma in Biblioteekkunde voltooi. Sy sit haar studies vanjaar voort.

Mnr V Hulme van Buitemuurs het die B.A.(Hons) graad behaal.

Mnr Pieter Ferreira voorheen van die seksie Africana en Besondere Versameling is aangestel as Hoof van die seksie Finansiële Administrasie. Voorspoed in die nuwe werk.

Ons hartlike gelukwense aan mej Annie Pienaar wat opnuut vir 1978 verkies is tot leier-vakbibliotekaresse, ook aan mev. Annatjie Korkie wat herkies is as sekundus. Voorspoed vir die groot taak wat op julle wag.

Onder die nuwe name is daar twee minder nuwe gesigte: Mej Elsa Muller en Christel Claassens het onderskeidelik mev Cronje en mev Van Waesberghe geword gedurende die feesseisoen. Ons beste wense vergesel julle vir die toekoms.

Mev Hannatjie Marnewick het 'n babadogter ryker geword. Baie geluk. Mag die dogtertjie in die familiekring groot vreugde bring.

Baie geluk aan mej Susna Hurn wat verloof is aan mnr Marthinus Höll.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# van die buiteposte

## Musiek

Mev Cecile Coertze wat gedurende die drie jaar wat sy werksaam was in die Diskoteek, bekend en bemind geraak het in die Musiekafdeling, bevind haar vanaf die begin van die nuwe jaar weer terug in Merensky-biblioteek by die Africana-afdeling. Ons wens haar alle sukses toe in haar nuwe pos.

Intussen trotseer mej Laetitia Jacobsz die stilte van alleenwerk gelukkig nog net tot Februariemaand, wanneer mev Babs von Ehrenberg haar kragte by die Musiekbiblioteek gaan ingooi. Baie welkom aan haar.

## Uit die middestad

Vir byna 'n maand skryf die studente eksamen en vir ons voel dit of ons in die land van melk en heuning lewe. Helaas! Dit was maar net die stilte voor die storm. Want wat daarna met ons sou gebeur, getuig daarvan:

Losbladtoevoegings tot die Statute en Ordonnansies word afgehandel; statistiek word omgewerk tot resultate en gevolgtrekkings; boek- en tydskrifrakke word gekontroleer; uitstaande boeke word ingevorder en selfs die personeel word daaraan herinner dat hulle ook regulasie-pligtig is; Publieke Administrasie se boekevoorraad word uitgedun en oorgeplaas na Merensky-biblioteek; die Voorgraadse Studieversameling word op datum gebring vir die komende jaar; ens., ens.

Tussen alles deur maak die personeel (al vier van hulle) een groot ontdekking: ons is moeg! Diplomasie word aan die dag gelê en na 'n paar rondtes van dialoogvoering met ons Hoof, is die resultaat as volg:

Mnr du Toit ondervind weer maanskyn en rose in sy nuut uitgeverfde huis. "... nog net my garage en my dak kort 'n lagie."

Na 'n paar luilekker dae tuis maak mev Mercia Neitz weer 'n draai op Bethlehem. "... die Vrystaat bly maag die lekkegste plek op aagde."

Mnr Victor Hulme voel weer perdfris na 'n staptoer deur die Kaapse berge. " ... die Kaap is 'n woeste lekker plek." Op die oomblik is hy nog met praktiese studieverlof.

Mnr Rudi Schwartz gebruik sy verlof om te gaan prakties doen op Koster. Van skone bewerasie en senuwees doen die gemeente een oggend toe amper belydenis van hulle twyfelbare en onchristelike geloof.

Groetnis tot volgende keer.

## Onderstepoort

Onderstepoort lyk maar nog soos altyd: bokke, perde, skape en pragtige Simmentaler beeste. Nou-die-dag het ons tot 'n leeuwelpie hier gehad. En moet net nie die Biblioteekkat vergeet nie. Ons het hom "gedoop en aangeneem". Sy naam is Casper.

Ons studente is nog nie hier nie, en ons is maar bly! Hierdie jaar is daar 90 tweede jaar, 90 derde jaar en 90 vierde jaar studente. Die vyfde jaars is omtrent 45 en ons diereverpleegsters gaan ook omtrent 40 wees. En dit terwyl die plek beplan is vir 30 studente per klas! Dit lyk of daar 'n dol jaar vir ons voorlê.

Ons het darem iets nuuts ook bygekry! Mev Hantie Nel is in die plek van Rita Erasmus aangestel. Sy is nie regtig nuut nie, aangesien sy gedurende 1975 ook al hier gewerk het. Sy is al klaar weer baie tuis hier op ons "plasie".

Ons hou van besoekers! Julle kan gerus kom kyk hoe lyk dit hier by ons!

Lekker werk.

HANTIE & FRANCINA

## Landbounuus

Hier uit die geledere van die landbouers wil ons vir u almal 'n voorspoedige 1978 toewens.

Met die goeie reëns van die afgelope tyd, wat ons boereharte verbly het, en die vakansie agter die rug, is ons gereed om die nuwe jaar "soos 'n bul by die horings te pak".

Hier op die ooskampus begin die jaar met hereksamens, die skryf van die jaarverslag en rekordhouding van die nuwe statistiek.

Gedurende November/Desember was mej Jeanetta du Preez en mev Alet Fisher besig met die uitsortering van die ou pamfletreekse wat "geërf" is van die Departement Landbou-Tegniese Dienste. Na goeie samewerking met die doserende personeel is die reuse taak nou afgehandel.

In die resestyd het mev Alet Fisher huisvrou gespeel terwyl mej Jeanetta du Preez 'n aangename vakansie in Durban deurgebring het.

Ons groet en sien uit na 'n nuwe jaar vol nuwe bedrywighede!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Welkom.... totsiens

LEENAFDELING

'n Baie besondere persoon het hierdie jaar sy opwagting by die leenafdeling gemaak, in die persoon van mnr Michiel Strauss. Michiel behartig nou die gereserveerde versameling boeke in die plek van mnr Hendrik Bosman.

Wat 'n waardige plaasvervanger! Net soos Hendrik, was Michiel ook Voorsitter van die Studenteraad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat tydens sy B.A.-studiejare, met Grieks en Wysbegeerte as hoofvakke. Daarna het hy Honneurs gedoen in Wysbegeerte en ook intussen die President van die Afrikaanse Studente Bond geword, wat hy tans ook nog is.

Michiel het intussen na Tukkies verhuis en is besig met sy BD tweede jaar.


Aan Michiel en sy vroutjie wil ons baie baie welkom in ons midde sê. Ons hoop jou Tukkie jare hier in ons midde gaan onvergeetlik aangenaam wees!

Nog 'n nuwe aankomeling by die toonbank is mev Attie de Frey. Moenie sê die onderwyseresse is nie goed verteenwoordig by die leenafdeling nie!

Attie het ons geledere kom versterk, en was reeds 23 jaar in die onderwys met haar BA THOD. Sy het 'n groot gedeelte hiervan in die skoolbiblioteek deurgebring en vind ons biblioteekwerk dus nie té onbekend.

Attie was sō beïndruk met ons universiteit én Pretoria, dat sy en haar gesin, as Ou-Johannesburgers, besluit het om hierheen te verhuis. Haar man is ook, as lektor, verbonde aan die universiteit.

Baie welkom Attie! Jou bydrae in die hantering van hope studente word baie waardeer, en verwelkom.



TWEEDE VERDIEPING

Aan nuwe assistente ontbreek dit nie op die tweede vlak nie. 'n Totale "nuwe blaadjie" is omgeslaan.

Ons verwelkom mev Susan Swanepoel wat vanaf 1978 by die Sosiale Wetenskappe haar gewig kom ingooi.

Mev Elbie van Wyk het diens aanvaar by Teologie en die Ekonomiese wetenskappe. Baie welkom Elbie. Ons wens jou ook voorspoed toe met die HDB. Mev Ria van Zyl het diens aanvaar by die Staatswetenskappe en Volkekunde. Ons hoop die ruil is goed waar jy vroeër werksaam was by die Departement van Nasionale Opvoeding se tak vir Kultuurbevordering.

Die laaste dametjie wat ons graag in ons midde wil verwelkom is mej René du Randt, wat tussen Opvoedkunde, Geskiedenis, Biblioteekkunde, Wysbegeerte en Spraakheelkunde soveel te doen het dat sy weinig kans kry om asem te skep tussenin. Ons hoop jy geniet die nuwe werkkring by Merensky, René.

TIKSTERS

Daar is 'n nuwe tikster in ons geledere in die persoon van mej Annemarie Janse van Rensburg. Annemarie, ons hoop jy geniet die werk baie en vertrou dat jy al tuis voel hier by ons.

ONTSLUITING

Twee nuwe gesigte het hul opwagting gemaak. 'n Groot welkom aan mejj Clarisse Venter en Santie Gericke. Nogal akademies ook, dié twee. Clarisse volg 'n kursus in Italiaans aan UNISA, terwyl Santie nie kan wag dat die universiteit moet begin sodat sy kan inskryf vir haar B.Bibl. (Hons) nie. Ons hoop julle is nou, na die eerste maand al ten volle ingelyf in die geheimenisse van die afdeling!

BEPLANNING

Mev Ouneke van Wyk het by ons aangesluit - hartlik welkom Ouneke!

Die volgende persone verlaat ons eersdaags.

Mev Dina Smith van Ontsluiting. Waar sy nou haar moederlike pligte tuis gaan vervul gun ons haar 'n wekverdiende "rustyd".

Voorspoed vir die toekoms aan mevv M Botha, E Botha en M Harteveld wat nou voltyds huisvrouens gaan word.

Juffrou Nortjé, ek hou ook van lekker eet, maar ek kry by die huis klaar.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

OP DIE 10:15 SPYSKAART

Nou is ons seker

word gevul die beker

deur 'n ieder en 'n elk

met geurige koffie en melk

# tussen ons gesê...

Mnr Piet de Kock se brein dink nog so flink soos altyd. Die rande wat hy op die radio-program "Venture" losgedink het, bewys dit.

Arme mev Lorraine Erasmus se minute met man-lief is letterlik getel as sy dit regkry om hom op Voortrekkerhoogte te besoek.

Beplanning neem swaar afskeid van mej Marie Nortjê. Hulle gaan haar afstaan aan Ont-sluiting.

Mevv Rinie Viljoen en Anette Lessing droom oor nuwe huise, matte en gordyne, en vergeet maar van die Groot Trek wat vir beide van hulle voorlê. Met die vooruitsig van 'n nuwe huis vir die Lessings in Elarduspark, en vir die Viljoens in Potchefstroom is daar seker veel om oor te droom - en om te doen!

Die eksamenspook het sy verskyning gemaak. Mej Manda Mörsner skryf so tussen die werkery deur die eerste gedeelte van haar Afrikaans (Hons) (Horrors?). Hoop dit het goed ge-gaan en sterkte vir die jaar wat voorlê, Manda!

Mev Minda Meyer het sommer 'n ekstra week verlof gehad weens siekte. Minda moes in die bed lê nadat sy 'n virus opgedoen het. Ons hoop jy voel nou piekfyn en gesond, Minda.

Mejj Elsa Lategan, Marie Schoeman en Chrissie Potgieter asook mev Marietjie Willemse wil graag die volgende persone bedank vir die mooi geskenkies: Mnr Peet van der Merwe, Chris Buys en mevv Marietjie Verster en Amke de Jager.

Mnr Julie Luüs se vrou was vir 'n paar dae in die hospitaal met die gevolg dat Julie die kinders betyds by die skool moes kry. Wanneer hy verjaar sal ons aan hom 'n kookboek skenk.

Mnr Paul Erasmus was in die Eugene Marais Hospitaal. Ons wens hom 'n spoedige en alge-hele herstel toe.

Almal in die Bindery wat gewoonlik so ietsie op die perde verwed se woorde na elke wedren is: "Jissie, maar dit was amper, net een been uit". Maandag 23 Januarie 1978 was die woorde so ef-fens anders: "Ek het darem die boerpot gewen al is die prysgeld net R2,00". Daar was dié keer drie wenners in die bindery.

Na maande van ongerief, geraas en stof is die werk aan die bindery se vloer voltooi. Dit is heerlik om rond te loop sonder om oor hope rommel te struikel. Die kurk oppervlak lyk baie mooi in vergelyking met die hobbelrige teëlvloer van voorheen.

# vakansie!

Vakansie dinge met wyer kringe .....

Dit was 'n heerlike kersvakansie vir baie mense, soos blyk uit al die nuus uit die afdelings.

Sommige het met gevolge daarvan afgekom!

Mev Marietjie Verster het op skoonpa se eien-dom gaan uitspan, en wou tydens die fees 'n botteltjie of twee uit die wynkelder gaan haal. Net daar het die laaste uitspan gekom. Dit was 'n glibberige matjie oor die klipvaldeur wat Marietjie twee voortande gekos het. Die uiteinde van die storie? Sy sal nóóit weer haar "voortande gee" vir 'n stukkie sjokolade of 'n botteltjie soet hanepoot wyn nie. Mej Mariëtte Bothma het die Vrystaat in 'n toer-geselskap aangedurf en vol geheimpies terug-gekeer.

Praat van ver dinge. Al gehoor van Mtunzini? Nog nie? Vra vir mej Alida Dippenaar. Sy sal jou ook goed kan inlig oor die prosedures wat daar vóór so 'n seevakansie gevolg word. Jy weet, die prosedures van molekules verminder. Dit verminder sô vinnig dat jy dink sy's weg, en dan staan sy, nog al die tyd langs jou'. En dit alles net vir 'n Mtunzini seevakansie.

Vra vir mej Magriet Bruyns oor haar Kaapstad vakansie en jy hoor een ding: Sonlig, see en swem. Dis nou behalwe die feestelikhede, want dis blykbaar al woord vir haar daaglikse lewe.

Aan mev Maretha Kuhles: Hartlik welkom te-rug uit Duitsland. Welkom terug in Suid-Afrika
in Pretoria
in Merensky
by die toonbank!
Ons het jou so gemis dat ons besluit het om die regpak van die trollies 'n Nuwejaarsvoor-neme te maak.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mej Valery Snodgrass het haar vakansie saam met 'n groep jongmense in 'n strandhuis op Plettenbergbaai deurgebring. Behalwe swem en seil het sy ook 'n vliegtuigrit oor die distrik geniet.

Mev Berry Matzopoulos en haar gesin het 'n paar dae lieflike weer in Oos-Londen gehad. Uitgerus kon sy toe weer die terug-skool-toe take by die huis baasraak.

Mej Annatjie Momberg, mev Alet Klue en Mev Elbie Smal kon gedurende die Kerstyd weer hul onderskeie families besoek. Die geluk om familie naby die see te hê is ongelukkig nie vir almal beskore nie.

Mev Rita Botes het haar vakansie benut deur 'n draai in die Vrystaat te maak en daarna het sy die groot trek na die nuwe huis aangepak. Wil u dalk iets weet van huisbou en al die slaggate en probleme daaraan verbonde? Vra gerus vir Rita of miskien moet sy al haar wedervaringe te boek stel. Tussen Augustus en Desember 1977 was sy gedurig op 'n drafstap en elke dag kon nie lank genoeg rek vir alles wat gedoen moes word nie. Die nuwe huis blyk 'n rustige verblyf buite die stadsgewoel te wees en ons wens haar alle sukses met die tuin toe.
Die oorblywende "aanskaffers" kyk nog uit na 'n bietjie verlof in 1978.

Mej Annie Pienaar is tans met verlof en sy het die Otterwandelpad aan die Wildekus aangedurf. Ons hoop dat die vyf dae "in lewe en gesondheid" deurgebring word. Ons wag in spanning op die stories wat saam met jou terugkom, Annie!

Party mense kry maar swaar om van die vakansiegees ontslae te raak. Hoe kan mens dan ook as die neonligte weier om soos die son by die see te voel? Mev Manda Lang was Suid-Wes (Namibië) toe om die see op Swakkopmund te gaan beproef (dikwels op 'n perd se rug!), en sy en mev Dina Smith wat in Durban 'n draai gaan maak het, en mej Jo Breed wat by Robberg gaan vakansie hou het, ruil gereeld drome - en sonbrandmiddels uit!
Mevv Anita Visser en Leonie van Wyk redekawel oor wie die héél lekkerste vakansie gehou het. Die Vissers het drie weke in Nederland deurgebring en daarna vir 'n verdere drie weke deur Europa getoer, terwyl die Van Wyks op wittebrood was ....

## Poskamer - Januarie 1978!


Ons begin gewoonlik die jaar met massas pos die eerste dag
En die posman het hierdie jaar ook nie op hom laat wag
Soos molle in 'n molshoop maal ons rond
Maar 'n bewering dat ons blind is, is ongegrond
Ons sorteer pakkie en briewe en notas en snert
maar dit is darem ook die moeite werd
want die ekstra gewiggies, so oor Kersfees vergaar
verdwyn sommer gou, voor jy dit gewaar
Die poskamer spog met 'n spinternuwe vloer
En nou kan ons soms skelm kaalvoet daar boer

REDAKSIE 1978

| | |
|---|---|
| Redaktrise | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | Mev M-L Erasmus |
| Medewerkers | |
| Beplanning | Mej J Joubert |
| Bestelafdeling | Mev E du Plessis |
| Bindery | Mnr C F Buys |
| Leendienste | Mev M Verster |
| Ontsluiting | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | Mev M L Kuhles |
| Tiksters | Mev I Venter |
| Tydskrifafdeling | Mev B Gunther |
| Vakbibliotekaresse en -assistente | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | Mev H Nel |
| BMW | Mej E Klopper |
| Medies | Mev A v.d. Watt |
| Landbou | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | Mnr V E Hulme |
| Diskoteek | Mej L Jacobsz |
| Fisiese Versorgers | Mej W Shipman |
| | Mnr W Porter |

## Kelderplan

Die Kelder is ons eerste projek hierdie jaar
En daar gaan ons die volgende paar weke baljaar
Want Jan Student kan nou mos gladnie meer tel nie
En nog nooit het dit iemand regtig gekwel nie
maar ons leef in die Eeu van die kind soos jul weet
So sal ons maar liewers nie begin kragte meet
In plaas van 1-2-3 gaan ons nou A-B-C
Al gaan dit ons nog baie voetseer gee!!
Ons groet julle dus terwyl ons nog kan
Sterkte vir dit wat jûl vir 1978 beplan





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD



Mej Jeanetta du Preez
Redaktrise



Mev Babs von Ehrenberg
Musiek



Mev Christel
van Waesberghe

Vakbibliotekaris



Mnr Pieter Ferreira
Seksie vir Finansiële Administrasie



Mev Elsa Cronje


Vakbibliotekaris



Mnr Rolf Tönsing
Beplanning

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# welkom



Mnr Michiel Straus
Gereserveerde Studieversameling



Mev Ouneke van Wyk
Beplanning



Mev Attie de Frey
Toonbank



Mej Annemarie Janse van Rensburg
Tikster



Mej Clarisse Venter
Ontsluiting



Mej Santie Gericke
Ontsluiting

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# welkom







Mev Elbie van Wyk

Mej Renée Du Randt

Mev Ria van Zyl

Vakbibliotekarisassistente

# totsiens



Mev Marié Botha
Vakbibliotekarisassistent




Mev Dinah Smith
Ontsluiting



Mev Marietha Harteveld
Vakbibliotekarisassistent

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## Biblioteekoriëntering van Eerstejaars-'n Noodsaaklike Ont-groening

Op Maandag 6 Februarie 1978 het U.P. se taakmag gereed gestaan om 'n inval van duisende nuwelinge en ouers die hoof te bied. 'n Groot aantal dosente en ander senior personeellede was vanaf vroeg die oggend beskikbaar om al die koersloses koers te help kry. Busvragte ouers is met gereelde tussenposes ingesleep en die gidse aan boord het die universiteitskampusse met al hulle fasiliteite aan elke toergroep bekend gestel. Die program in die Aula en die middagetes op universiteitskoste het daartoe bygedra om 'n noodsaaklike binding tussen universiteit en 'n skare van nuwe belanghebbendes te bewerkstellig. Na die Rektor se toespraak op Loftus Versfeld die middag was dit vir almal ook duidelik wat in hierdie ernstige tye van elkeen verwag word.

Biblioteekoriëntering was andermaal 'n integrale deel van die intensiewe oriënteringsprogram wat op 7 Februarie vir die meer as 3400 eerstejaars (132 meer as in 1977) begin het. 'n Span biblioteekpersoneellede moet o.a. voortdurend gereed staan om die nuwelinge na afloop van die lesing oor die biblioteekdiens deur die Merensky-biblioteek te vergesel. Sodoende is voortgebou op die grondslag wat in die vorige twee jaar gelê is. Volgens syfers wat die Studentediensburo aan my bekend gestel het, was 91,5% van die eerstejaars in 1977 immers van mening dat die biblioteekoriënteringsprogram vlot verloop het.

Die vraag mag ontstaan of al die maniere en fondse wat aan die oriëntering van eerstejaars bestee word, geregverdig is. Oor die meriete daarvan in die algemeen kan ek nie hier uitwy nie. Net dit: syfers wat voor die Senaat gedien het, het wel getoon dat die deeglike oriënteringsprogram wat die afgelope paar jaar gevolg is, 'n daling in die aantal kursuswysigings en stakings van studie tot gevolg gehad het.

Wat die biblioteek betref, het die nuwe biblioteekoriënteringsprogram meegebring dat veel meer eerstejaars as in die verlede as biblioteekgebruikers geregistreer het. Dit is egter nie genoeg nie. Die vraag is hoe intensief hulle

Vervolg/.....




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

werklik die biblioteek sal gebruik en hoe effektief hulle die biblioteek gedurende hulle studiejare sal kan aanwend. Dit word deur verskillende faktore bepaal. Sommige daarvan is buite beheer van die biblioteekdiens. In die meeste gevalle sal dit egter afhang van die volgehoue aandag wat ons aan die oriëntering en opleiding van ons biblioteekgebruikers kan verskaf.

Wat die eerstejaars betref, voel hulle na die formele algemene oriënteringsprogram wat die biblioteek betref hopelik minder groen en sal hulle nou makliker met die biblioteek kontak maak. Daarmee is slegs 'n eerste tree gegee en moet ons gereed wees om elke student verder sô te lei en te onderrig dat die biblioteek vir hom 'n hulpmiddel van onskatbare waarde sal word. Die reëling dat 'n aantal personeellede (hoofsaaklik uit die Seksie Makro-ontsluiting) op 'n aflosbasis inligting en katalogusadvies aan gebruikers verskaf, is 'n poging om gebruikers wat die elementêre probleme in die benutting van die biblioteek ondervind, behulpsaam te wees. Sodra gevorderder probleme in verband met die benutting van bepaalde vakliteratuur na vore kom, is die vakbibliotekarisse gereed om die gebruiker by te staan. Daarbenewens word dit ook van vakbibliotekarisse verwag om senior studente en dosente in oorleg met departementshoofde op 'n georganiseerde basis te help om die tegniek van biblioteekgebruik volkome onder die knie te kry.

Tog begin dit alles met die mate wat ons daarin slaag om met die biblioteekoriëntering van eerstejaars hulle, wat die biblioteek betref, behoorlik te ont-groen. Ons sukses in daardie verband sal grootliks bepaal of hulle spoedig as spontane biblioteekgebruikers na vore sal tree.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS



ARBEIDSGENOT!

Leerling besig om vergulding te doen toe tyd nog in dae bereken was en nie in minute nie. Let op die trek van genoegdoening op die vakman se gelaat. Links op die voorgrond is die gasstofie met alternatiewe verguldwiele.

## Biblioteekoriëntering

Aan die begin van Februarie het heelwat van die personeel van Merensky deeglik kennis geneem van die feit dat die eerstejaars van 1978 opgedaag het. Die oriënteringskursus het plaasgevind tussen die 7de en die 10de Februarie. Gedurende daardie tyd is tien biblioteekoriënteringslesings deur die Direkteur aangebied - benewens nog dié by Buitemuurs! Die biblioteekpersoneel het die studente in groepies (soms groepe) deur die biblioteek geneem, en verduidelik wat hulle te doen staan om van hierdie gebou vol boeke, 'n nuttige instrument in hulle studiejare te maak.

Alhoewel die personeellede wat as toergidse opgetree het, se tonge begin uithang het hier teen Vrydag, het die vreugde van die feit dat hulle slegs vir tien toere verantwoordelik was en nie vir tien lesings nie, hulle met nuwe ywer en entoesiasme laat voortgaan.

## TERUGBLIK

DIE LETTERE-GEBOU EN DIE BIBLIOTEEK
E H D Arndt (1925 - 1946)

Die Letteregebou het die hele destydse Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, die Hervormde Teologiese Fakulteit, alle betrokke dosente se kantore, 'n algemene personeelkamer, twee kleedkamers vir die studente, en nog boonop die biblioteek gehuisves.

Vir onderlinge ontmoeting en ontspanning van kollegas was daar 'n klein kamer reg oorkant die hoofingang op die grondvloer. Aan die end van elke klaskamer was daar twee kantore vir die dosente wat die klaskamers moes deel. My eie lesingkamer was onmiddellik oos van die hoofingang op die eerste verdieping en my kantoor in die suid-weste hoek daarvan.

Die ooste vleuel op die eerste verdieping was bekend as die "Inter" saal, wat glo hoofsaaklik vir Nederlands-Afrikaans met sy groot klasse gebruik is. Die oorsprong van "Inter" gaan terug na die dae vóór die stigting van die Universiteit van Suid Afrika in 1918, toe universiteitseksamens deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop afgeneem is. In daardie dae is 'n publieke eksamen aan die einde van die eerstejaar afgeneem, bekend as "Intermediate" BA, BSc, ens, met die gevolg dat die eerstejaarsklasse bekend was as die "Intermediate" klasse en hul groot klaskamers as die "Inter"-kamers of sale. Die daaropvolgende jare was dan Junior en Senior BA ens. Omdat 'n erkende sertifikaat aan suksesvolle eerstejaars uitgereik is, het sommiges vir 'n paar jaar daarmee genoeë geneem om eers geld vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

hul verdere studies te verdien. Baie van hulle het egter ondervind dat die onderbreking van die studiedissipline nadelig was en dat hulle nie binne die normale oorblywende 2 jaar hul grade kon verwerf nie.

Die studente kleedkamers was aan die noordekant van die grondverdiepings van die twee vleuels van die gebou.

Die hele biblioteek van TUK het bestaan uit die weste vleuel van die eerste verdieping en 'n klein voorportaal wat as kantoor gedien het. In daardie voorportaal het ook een van die klein dosentekamers (waarna ek verwys het) geopen, maar het 'n klein TUK Koöperatiewe Boekwinkel gehuisves. Dié winkel het egter nie lank bestaan nie, hoofsaaklik omdat dosente onverskillig met hul voorraadbestellings was. Later is die klaskamer onmiddellik agter die gewese winkel (ek dink dit was dié van die Departement Geskiedenis, waarvan prof Leo Fouché hoof was) ingelyf om as eerste leeskamer van die biblioteek te dien.

Die bibliotekaris was 'n Amerikaner, C C Spruce, wat glo een of ander Amerikaanse universiteitsopleiding gehad het, maar om een of ander rede voorheen in een of ander hoedanigheid aan ons myne gewerk het. Van biblioteekwese het hy nie baie geweet nie, maar toe ek dit noem in 'n verslag wat ek kort na my aankoms oor die biblioteek moes opstel, was hy so beledig dat hy gedreig het om my vir laster te dagvaar! My voorstel was naamlik dat TUK hier Stellenbosch se voorbeeld moes volg en 'n gekeurde persoon vir gespesialiseerde studie na Amerika moes stuur. Daar moet egter onthou word dat hy stoksielalleen alles self en per hand moes doen en dat hy ook nie Afrikaans geken het nie. 'n Amusante voorval wat ek onthou is dat die professor van Rekeningkunde (S R Barnes) 'n boek oor "Stock Watering" - d.w.s. kapitaal-afwatering deur maatskappye bestel het, maar nêrens kon vind nie. By navraag het Spruce hom verseker dat die boek wel gearriveer het en op die rakke staan. Maar toe prof Barnes dit nog nie kon vind nie, het Spruce dit vir hom onder die landbouseksie gewys omdat dit volgens hom met veeteelt te doen gehad het! 'n Grap van hom was ook om gewoonlik na die teoloë as "Sky Pilots" te verwys.

Ek meen die eerste assistent wat aangestel is was P C Coetzee, wat toe 'n onbelangrike pos in die administrasie beklee het. Later het hy Waarnemende Bibliotekaris geword en hoewel Rektor Du Toit, om een of ander rede, dit wenslik geag het om hom mee te deel dat hy nie moet dink dat hy eendag bibliotekaris sal word nie, het hy dit tog geword en daarna selfs professor in Biblioteekwese - 'n Baie mooi prestasie vir 'n onbevoorregte persoon wat met volharding volle gebruik van sy geleenthede gemaak het en

tot sy doktorsgraad verwerf het. Onder sy leiding is meer dames-assistent in diens geneem, onder andere mej Cote, die latere eggenote van Anton Rupert.

Met die verloop van tyd is besef dat 'n eie gebou noodsaaklik geword het. As voorsitter was ek dikwels by Wits waar 'n eie biblioteekgebou reeds gebou was. Van die ingevoerde gespesialiseerde bibliotekaris Freer wat professor status gehad het,het ek van alle wenslike en onwenslike aspekte van 'n biblioteekgebou verneem, sodat ons daarvoor in ons eie planne kon uitkyk. (Op daardie tydstip het egter 'n hoogs onwenslike toestand aan UP geheers, naamlik dat mnr Gerhard Moerdyk, die Voorsitter van die Raad, terselfdertyd ook as argitek van die Universiteit gedien het en dus, agter die rug van die Biblioteekkomitee, altoos die laaste woord in die Raad gehad het.) Op die manier is die Merensky Biblioteek uiteindelik gebou met geen gesentraliseerde geboukontrole nie en 'n slingerput waarvoor niemand gevra het nie, maar wat mnr Moerdyk as enig beskou het. Volgens die natuurkundiges sou dit van 'n wetenskaplike standpunt, totaal nutteloos wees om die beweging van die aarde te kan volg omdat die slinger glo veels te kort sou wees. Dit het dan ook so geblyk en is die put nooit vir sy beoogde doel gebruik nie maar spoedig geheel en al toegemaak.

Hoewel Hans Merensky slegs 'n gedeelte van die totale koste geskenk het, (ek meen sowat R15 000 uit 'n totaal van R75 000) is die gebou nogtans na hom vernoem. Bo die destydse hoofingang het mnr Moerdyk ook een of ander griekse of egiptiese afbeelding van 2 stelle bobejane of olifante of soiets aangebring wat kop aan kop teenoor mekaar staan. Met die opening van die gebou deur die destyde Minister van Onderwys, mnr E G Jansen, het hy skertsend meegedeel dat hy verstaan dat dit die Raad en Senaat voorstel wat dikwels in botsing met mekaar was.
Die onwenslike toedrag betreffende mnr Moerdyk het sô lank voortgeduur dat die Senaat dit wenslik geag het om hom daaroor uit te spreek, naamlik dat hy ôf as Voorsitter ôf as amptelike argitek moes bedank. Hy het op laasgenoemde besluit.




Moenie nog tjank nie, jy maak dit net erger



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# kuns

BATTISS-UITSTALLING

Vir diegene wat in Kuns geïnteresseerd is, is die Battiss uitstalling in die Hoffergalery 'n MOET. En as die versoeking daar is om te sê: "O, ek kan net so goed, of (nog erger) beter as DIT!" volg hier 'n uittreksel van Phyllis Konya se oorsig. Sy is 'n bekende en aanvaarde kunskritikus. Wees dus versigtig as jy voel jy weet beter as sy!

"All the drawings are superb; the line of the portraits is masterly. But then, wherever you look on a Battiss exhibition you meet this complete and sophisticated control behind the apparently effortless work. There is fun, freshness, fascination - incredible riches in the equally surprising variety of these 60 works - to be enjoyed countless times, endlessly."

# van die buiteposte

## Landbounuus

Die eerste week in Februarie was die week van die vloede in Pretoria. Landboubiblioteek het gelukkig oorstromings vrygespring. Die Kelder van die Nuwe Landbougebou was egter vol water en dit moes uitgepomp word.

Gedurende die tweede week van Februarie het die eerstejaars hul verskyning gemaak. Mej du Preez het die voornemende landbouers onder hulle op die kampus gaan haal en teruggekom met 110 van hulle. 'n Hele paar meisies is onder hulle opgemerk. Mev Annatjie Korkie het kom help met die oriëntering in die Landboubiblioteek, wat in groepe van 20 gedoen is.

Later in dieselfde week is Landboubiblioteek se personeel genooi vir tee by die nuwe departementshoof van Diereproduksie, prof Maree. Baie dankie aan Merensky wat iemand gestuur het om ons af te los vir dié tydjie.

In die derde week van Februarie keer die lewe terug na die ooskampus in die vorm van die studente wat kom inskryf en by die biblioteek 'n draai kom maak om roosters te fotokopieër. Die klasse neem 'n aanvang en die nuwe akademiese jaar begin in alle erns.

Intussen het Landboubiblioteek se mense van die vakansie gebruik gemaak om sekere administratiewe take af te handel terwyl dit stiller aan die studentefront was. Daar is aandag gegee aan boekordening, aanmanings, tydskrifuitstalrakke en die oorskuif van die jaarverslae na die tydskrifafdeling.

Daar word ook opgemerk dat die Joolkamertjie van die Landboustudente skoongemaak word ter voorbereiding van die nuwe jaar se Jool.

## Onderstepoort

Na verloop van slegs 'n maand is dit duidelik dat die studente by hulle hordes terug is en dat dit die lewe in die biblioteek bedrywiger en tog ook interessanter maak.

Op Onderstepoort het ons 'n reuse veldtog beleef met die aanmanings wat voorlopig net aan alle dosente uitgestuur is (aangesien die studente toe nog met vakansie was). Na die aanvang van klasse, is die studente eers herinner. Aanvanklik het die reaksie met groot optimisme gepaard gegaan en het ons twee agter die toonbank beslis geweet dat ons bedrywig was. Daar was toe 'n kenmerkende stilte na die storm en dit het meegebring dat die studente intussen gearriveer het en die dosente dus hard besig was met die voorbereiding van lesings (dit kom weer duidelik na vore aan die toename in die gebruik van die fotostaatmasjiene).

Tot op daardie stadium was die hernuwings nog nie na wense nie (en elke dosent was nou reeds minstens twee keer herinner). Op die ingewing van die oomblik besluit ons om almal nog 'n laaste keer-te herinner maar ons stel toe 'n spesifieke laaste dag en uur vas vir finale hernuwing. Glo my, ons was 'n bietjie huiwerig oor wat die reaksie sou wees, maar dit was heeltemal onnodig - in 'n kwessie van sowat vier ure was alle boeke terug (en daar was regtig nog 'n massa uitstaande) met die uitsondering van vyf; twee is aangemeld as vermis maar die ander drie is net "weg" - die leners hoop om dit nog te vind. Dit is niks anders as wonderlike samewerking nie. Ons is regtig trots daarop dat ons teen die helfte van Februarie reeds kan spog met 'n byna skoon leenrekord.

'n Groot taak wat die takbibliotekaresse aangepak het, is om 'n finale tydskriflys daar te stel met uitwysing van alle tydskrifreekse wat gedupliseer word en wel in watter biblioteke: Voorklinies, Medies, Landbou, Veeartseny, asook die Landbou-Tegniese Dienste se biblioteek te Onderstepoort.

Die uitsluitlike doel is om onnodige duplisering te probeer uitskakel sover moontlik en dit te behou waar dit werklik essensieel is. Indien hierdie deurdringende taak afgehandel is, sal dit werklik 'n voorwaartse stap wees. Daardie fondse kan dan op 'n meer doeltreffende wyse aangewend word tot positiewe benutting.

Groete tot volgende keer!

## Medies

Op 24 Januarie 1978 het mev Delene Taylor 'n babaseun ryker geword. Ons het almal die geleentheid gehad om hom te bewonder toe ma en baba ons verlede week besoek het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Musiek

Dit is nou maar eenmaal so met die Merensky-personeel. Vir maande en selfs jare kan dinge doodrustig voortgaan en dan skielik op 'n dag begin die wiele rol en die mense begin 'n nuwe koers inslaan. En sommige slaan 'n ver-in-die-wêreld nuwe koers in soos byvoorbeeld mej Laetitia Jacobsz wat op 1 Maart na Bonn vertrek. Sy gaan as "au pair" werk by 'n Afrikaanse gesin wat verbonde is aan die Suid-Afrikaanse Ambassade. Gelukkig het sy al haar nuwe werkgewer ontmoet en weet dus wat haar te wagte is. Voorspoed vir al die nuwe planne en ons hoop dat jy baie gelukkig sal wees.

Hulle het vroeg-vroeg al kom inloer om te sien hoe lyk die nuweling by musiek. Gehoor sy kom van Merensky-biblioteek en het glo by die Teologie-afdeling gewerk. Dis maar bra moeilik om só iemand by die musiekbiblioteek in te dink! Die vrae het gou gevolg: "Is dit lekkerder hier as daar anderkant" (bedoelende die Teologie-afdeling). "Hou jy van jou nuwe werk?" "Voel jy darem al gelukkig by ons?" En dan, wanneer jy laat op 'n Vrydagmiddag, voetseer en hangoor nog maar net verlep kan glimlag van al die rondspring, stap een van die musiekproffies by die biblioteek in en sê: "Toemaar, ons is eintlik 'n gawe klomp - net soms 'n bietjie lastig!" Nouja, van die lastig het ek nog geen ervaring nie maar wel van besig wees en rondspring.

So tussendeur het 'n mens darem 'n kansie om deur die nuwe plate te loer en hier volg 'n paar titels waarna sommige moontlik sal wil luister.

BACH, J S: Das Kantatenwerk (volledige kantates)
COPLAND, A: Dance Symphony
DAVIES, Peter Maxwell: Missa super thomme armé; From stone to thorn; Hymnos; Antechrist
HAYDN: Tjellokonsert in D majeur, Opus 101
INSTRUMENTS of the Middle ages and Renaissance
JAMMIN for the jackpot: Big bands and territory bands of the 30S
MIASKOVSKY: Simfonie no 22
MOZART: Die Zauberflöte (Die Towerfluit)
SCHUBERT: Kwintet in A majeur, D 667 (Forelkwintet)
SHOSTAKOVITCH: The nose

STRAUSS, J: Die Fledermaus
SWEET and low Blues: Big bands and territory bands of the 20S

# BMW

By BMW het ons net vere reggeskud gehad vir die nuwe jaar, toe tref die onheil ons. Die nag van die storm het mev Sarki du Toit in haar sitkamer rondgeplas en asof dit nie genoeg was nie, het sy die volgende dag in die biblioteek kom verder swem.

In die plek van ons mooi nuwe mat het ons nou gom beplakte vloere waaraan jou skoene agterbly en jy verder gaan.

Vra vir mev Marie Willemse wat is die toppunt van frustrasie - om op 'n Vrydagmiddag 15h45 die uitleenlaai se inhoud om jou te strooi.

Na 11 jaar se diens by BMW neem ons afskeid van mej Erna Klopper. Erna ons sal jou baie mis, maar sterkte met die werk by Merensky!

# Kalafong

Mnr Hennie Bosch is weer terug nadat hy vir die eksamentydperk deur mnr Jaap Taljaard afgelos is. As die enigste man tussen sewe dames het Jaap nie een vervelige oomblik gehad nie en moes hy met 'n swaar hart terugkeer na Merensky.

Soos seker by al die ander takbiblioteke het verlede jaar 'n stil dood gesterf. Die meeste dosente en nagraadse studente het reeds vroeg in Desember begin uitspan. Maar met die nuwe jaar wat voor ons lê is 1977 nou slegs 'n herinnering. En soos met die begin van elke nuwe jaar is daar die gebruiklike "goeie voornemens wat gekoester word, maar een in besonder en dit is om hierdie jaar die beste jaar by die Klinikalabiblioteek te maak.

# uit die spens

PYNAPPEL-KERSIE-KLAPPERKOEK

Mej Marié Nortjé

300g (560 ml) meelblom
15 ml bakpoeier
1 ml sout
150 g botter
200 g (250 ml) suiker
4 eiers
80 g (250 ml) klapper
250 ml fyngedrukte pynappel in stroop (crushed)
125 ml fyn opgesnyde kersies
5 ml vanieljegeursel


Sif alle droë bestanddele saam en klop die botter en suiker baie deeglik saam. Skei die eiers versigtig en voeg eiergele geleidelik by die geroomde mengsel. Vou die droë bestanddele, pynappel, klapper en kersies om die beurt by die geroomde mengsel. Voeg geursel by. Klits die eierwitte goed styf en vou dit liggies in die mengsel. Skep die mengsel in 'n gesmeerde tuitpan (chiffonpan). Dit is raadsaam om die pan met groentevet of verhelderde botter te smeer en liggies met meel te strooi. Bak die koek ongeveer 45 min. by 180°C op die oondrak 2de van onder. Laat die koek 5 min. afkoel voordat dit uitgekeer word. Strooi versiersuiker oor die koek as dit koud is. Lekker eet!!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VERJAARSDAE IN MAART

7 Mnr P Ferreira - Seksie Finansiële Admin.
15 Mej C Malan - Medies
17 Mej A Nolte - Voorgraads
Mev M Viljoen - Tydskrifte
20 Mej E Coertze - Ontsluiting
23 Mev S Hattingh - Ontsluiting
26 Mej A Venter - Ontsluiting



"Skat soos jy weet is meeste van die lyne na die Universiteit uit orde, so moet maar nie probeer om my werk toe te bel nie ...."

# Welkom .... totsiens

Ontsluiting

Twee nuwe persone het hulle opwagting gemaak. Mej Leonie Vorster, 'n oud-Tukkie wat in vier jaar nie genoeg van die akademie kan kry nie, en vir Honneurs ingeskryf het, en mev Mathilda du Preez, wat na sy 'n draai by Departement Beplanning gemaak het, terug is by die Merensky.

Aanskafafdeling

Mej Annatjie Momberg was twee jaar werksaam as Hoof van die Aanskafafdeling. Sy verlaat ons om vir 'n jaar deur Europa en Amerika te reis. Ons beste wense vergesel jou Annatjie en net die mooiste vir die jaar wat voorlê.

Tweede Verdieping

Ons wil graag vir mej Rita Badenhorst baie hartlik verwelkom in ons midde. Sy het vanaf die begin van Februarie die pos van vakbibliotekaresse vir Teologie oorgeneem van mev Babs von Ehrenberg. Waar sy vroeër verbonde was aan die Onderwyskollege se biblioteek waar sy vakbibliotekaresse was vir alle vakke, hoop ons Rita, dat jy die "rustigheid" van slegs Teologie hier sal geniet en dat jy gou sal tuis voel in Merensky.

Mej Erna Klopper is gedurende Februarie aangestel as bibliotekaresse belas met UP argief. Ons hoop jy gaan 'n baie aangename werkkring hier ondervind en dat jy gelukkig sal wees by Merensky Erna.

Almal in Merensky het met groot spyt kennis geneem van die vertrek van mej Annie Pienaar na Voorklinies. Ons gaan jou baie mis Annie, maar ons hoop dat jy jou nuwe werkkring sal geniet. Ons mooiste wense vergesel jou.

Baie welkom aan mev Alida Dippenaar wat aangestel is as nuwe vakbibliotekaresse vir Volkekunde en Staatswetenskappe in die plek van mej Annie Pienaar. Ons hoop jy gaan jou nuwe pos baie stimulerend vind.

DERDE VERDIEPING

Vanaf die 1ste Februarie is mev Magda van Deventer werksaam op die 3de verdieping as vakbibliotekarisassistente by Taal- en Letterkunde. Met Latyn III en Grieks II behoort sy mnr Van der Merwe (wat skielik weer breed glimlag) goed by te kan staan. Ons wil jou hiermee welkom heet Magda, en hoop dat jou jare in Merensky baie vrugbaar en aangenaam sal wees.

BUITEMUURS

Mnr Victor Hulme wat drie jaar werksaam was by die MacFadyen-biblioteek verlaat ons diens die einde van Februarie. Hy gaan voltyds studeer aan sy M-graad in Kliniese Sielkunde. Namens die redaksie wil ons hom voorspoed toewens met sy studies. Baie dankie vir die gereelde bydrae vir Biblikasie wat ons uit jou pen ontvang het.

# verrassing!

Woensdag, 22 Februarie, het 'n groot hoogtepunt opgelewer vir die vakbibliotekarisse.

Vanweë die vertrek van mej Annie Pienaar na Voorklinies, het daar 'n vakature vir leiervakbibliotekaris ontstaan. Tydens 'n vergadering is mev Annatjie Korkie toe verkies tot nuwe leiervakbibliotekaresse, en mev Alida Dippenaar tot sekundus. Ons wil hulle albei graag baie hartlik gelukwens met die verkiesing - en ook sterkte toewens vir alles wat dit meebring.

Ná die vergadering (wat om verskeie redes maar kort gehou is!) is die vakbibliotekarisse op 'n heerlike onthaal vergas deur die senior ondersteuningspersoneel.

'n Vloeidiagram van wit en rooi
Die landgoed reg - dit pas so mooi ...
'n Organogram - eg Italiaans
Met bybehore - lyk my dis Frans!
Die fees die kom so uit die boek
En die gees daarvan - dit vat die koek.
Vir organiseerders wil ons sê
Dit was lekker
"Merci beaucoup!"

Te Koop:

Ligblou 1973 Cortina Big Six Stasiewa.
Skakel: Mnr Chris Buys by Uitbreiding 242.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MEETINGS OF THE MINDS

In any given meeting, when all is said and done, 90 per cent will be said - 10 per cent will be done. - Orben's Current Comedy

A committee meeting provides a great chance for some people who like to hear their own voices to talk and talk, while others draw crocodiles or a lady's legs. It also prevents the men who can think and make quick decisions from doing so - Lin Yutang, The Pleasures of a Non conformist.

Having served on various committees, I have drawn up a list of rules: Never arrive on time, or you will be stamped a beginner. Don't say anything until the meeting is half over, this stamps you as being wise. Be as vague as possible, this prevents irritating the others. When in doubt, suggest that a sub-committee be appointed. Be the first to move for adjournment, this will make you popular - it's what everyone is waiting for. - Harry Chapman

# uit die afdelings

## Inter

By inter is 'n ryke verskeidenheid van gebeurlikhede altyd aan die orde van die dag. Dit blyk verder dat dit hoofsaaklik so by die draai van 'n oujaar en die begin van 'n nuwe jaar gebeur. Mej Susna Hurn het ons almal kom verras met 'n blink klippie - ons sê weer eens geluk! Die groot dag ... ons weet ook nie! Sy bly maar een wat lief is vir verrassings. Mev Gerda de Bruin, 'n ou bekende het die 20e Januarie 'n seun. Theuns de Bruin is voorwaar in sy skik. Mev Denise Wheeler hou so tussen die loodgieters, matte en kombuiskate nog kop en een van die dae bly die Wheelers in hulle nuwe huis. Mev Susan Scheepers en haar wederhelf het verhuis na 'n groter woonstel en is moeg gespook om alles in orde te kry. Dit is dus geen wonder dat hulle die 3e Februarie so bietjie verlof neem, om weer hulle kragte by 'n warmwaterbron te gaan herwin nie. Linda en Johan de Villiers het die armoede in hulle huis welkom geheet vir 1978, want albei gaan studeer. Studente was mos nog nooit ryk nie! Mej Wilma Shipman gaan glo een van die dae groot word. Ja, sy vier haar 21e verjaardag in Februarie. Mev Sannie Hattingh en haar man spook met hittegolwe en vloede om die tamatie liefhebbers tevrede te stel. Dit is genoeg om enige een hoofbrekens te besorg! Ja-nee, inter bly 'n interessante seksie!

Hier is raad vir ..KATALOGUSVOETE

Daar is niks wat die voete na 'n dag van baie staan en stap so springlewendig maak soos 'n handvol sout in 'n kommetjie lou water nie. Hou die voete 10 minute in die soutbad. Spoel dan af met yskoue water.

## Ontsluiting

In die lig van die kabinetskommeling wat die afgelope tyd in Regeringskringe plaasgevind het, het die Eerste Minister van die Ontsluitingsafdeling ook besluit om háár kabinet te skommel. Dit spruit voort uit die kom en gaan van die personeel.

Met mev Dina Smith se vertrek het mev Rinie Viljoen die pos van Buitelandse Sake aanvaar, met mej Breggie Kotzé as Minister van Binnelandse Sake. Die ander twee Ministers sonder Portefeulje is mevv Dalena Stols en Rieta Otto. Hulle is hoofsaaklik verantwoordelik dat die res van die "kabinet" se werk die "volk" foutloos bereik.

Mev Anita Visser behou die pos van Justisie. Met vakke soos Staatsleer, Regsgeleerdheid en Publieke Administrasie het sy nie juis 'n keuse nie. Met vakke soos Landbou, Veeartsenykunde, Ingenieurswese en Stads- en Streeksbeplanning bly mev Manda Lang die regte kandidaat vir die Departement Landbou en Waterwese. Daarby behartig sy ook nog Beplanning. Sommer maar net om te sorg dát sy besig bly.

Mej Clarisse Venter het Finansies en Ekonomie geërf. Dit sluit in Bedryfsekonomie, Ekonomie en Geld- en Bankwese. Daarby behartig sy dan ook die Franse buitelandse betrekkinge - tot haar groot vreugde! Die ander nuwe "minister", mej Santie Gericke, was met hoofvak Sielkunde en Sosiologie en Kriminologie die regte kandidaat vir die Departement Volkswelsyn. Behalwe vir dié vakke, is sy ook verantwoordelik vir Biblioteekkunde - 'n voorspel tot die Honneurs wat voorlê!

Mev Heléne Fourie is die Minister van Kuns en Kultuur (hoop net nie die een in Bartho Smit se "Keiser" nie) met vakke soos Kuns, Musiek en Toneel. Mev Leonie van Wyk was met haar HOD net die regte een vir Opvoedkunde en vandat sy Africana ook onder haar vlerk het, is sy nou regtig die Minister van Nasionale Opvoeding. Mej Manda Mörsner het die pos van Gesondheid (Medies, Spraakheelkunde en Dierkunde) by mej Magriet Lee oorgeneem. Magriet deel die pos met mev Anette Lessing tot aan die einde van Maart, totdat laasgenoemde se begrotingspos deur die kabinet goedgekeur is, en sy dan 'n welverdiende rus gaan geniet ...

Met mej Jo Breed se wye algemene kennis oor die Taalkunde, en die Natuurwetenskappe, tree sy in diens as die Eerste Minister se raadgewer oor dié onderwerpe, terwyl mev Amke de Jager met vakke soos Wysbegeerte, Latyn, Grieks, Argeologie en Volkekunde bevorder is tot Senior Antieke-Navorser.

Die nuwe gesigte, mev Mathilda du Preez (met o.a. Chemie, Biochemie, Argitektuur en Huishoudkunde), mej Leonie Vorster (met Geologie, Aardrykskunde, Plantkunde en Engels) en mej Marié Nortjé, is op die oomblik in Adjunkhoedanigheid werksaam tot die ergste nuwigheid afgeskaaf is ...



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Beplanning

OPNAME VAN RAKBESETTING 31 JANUARIE 1978

Die gebruikers wat op 31 Januarie in die biblioteek was, het seker gemeen dat 'n paar van die personeellede gedurende die vakansie sommige van hulle skroewe verloor het, want 'n stuk of dertig van hulle het met maatbande rondgeloop en elke boek in die biblioteek gemeet! Hulle was egter besig met 'n opname met 'n tweeledige doelstelling:

1. Om die liniêre rakbesetting van al die materiaal in die Merensky-biblioteek te meet met die oog op die bepaling van toekomstige ruimtebehoeftes.

2. Om die aantal items in die Merensky-versameling by benadering te bereken as basis vir statistiekhouding. Vir hierdie doel is die items op 'n steekproefbasis getel.

Benewens die items op die rakke, is items in studiehokkies, op die tafels of uitgeleen, ook in berekening gebring. Ten einde so 'n betroubare beeld as moontlik te verkry, was dit belangrik dat die opname binne een dag afgehandel sou word - danksy die samewerking van ons biblioteekpersoneel kon dit gedoen word. 'n Prestasie as 'n mens in ag neem dat daar ±5 000 rakseksies in die biblioteek is.

Ons moet darem meld dat daar ook 'n sekondêre doelstelling met die opname was: om aan die personeel geleentheid vir 'n bietjie goeie oefening te gee. Die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling noem dit "Beplande Ontspanning" (Inspanning?). En net om te verhoed dat ons van diskriminasie beskuldig word, beplan ons vir die takbiblioteke 'n soortgelyke aksie.

Oor die resultate van die opname sal die Afdeling later rapporteer - mev Ouneke van Wyk het die reusetaak om die massa gegewens op die opnamevorms te verwerk.

# Bindery

In die Bindery het die personeel letterlik en figuurlik geswoeg en gesweet om BMW se beskadigde boeke, na die storm droog te kry. Elke persoon het met 'n haardroeër of verwarmer gesit en "droogmaak" (neem dit op soos julle wil).

Na die droogmaakproses het mnr Porter die boeke met alkohol bespuit om te verhoed dat dit muf.

Ons is almal jammer oor die skade, maar nog jammerder vir onsself wat moes droogmaak.

(Hulle was toe seker lekker aangeklam! - Redaksie)

# Tydskrifte

"Dit was koud, dit was nat, maar die "seksie" tydskrif administrasie se getalle was volledig en ons het gewerk dat dit klap.


Wanneer dit by onthaal kom is Juffrou van Zyl 'n doring, sy rek 'n rand soos kougom en daarmee trakteer sy haar gaste en bekamp terselfdertyd inflasie.

Onse Hessie-die-rooibruinhen weet nie van eiers lê nie, maar sy weet hoe om ons gelukkig te hou met vetkoeke. Hester, dit was heerlik!

Het jy 'n rekenaar probleem? Gee dit net vir Rolene, vir haar is dit niks. Sy los dit op in 'n kits.

"Antjie Engelbrecht" van die ouetehuis werk nou reeds al aan haar lappieskombers. Dis reg Annemarie, begin vroegtydig jou eie ou warm dingetjie maak."

Aan die vyf studente in ons afdeling wil ons graag sterkte toewens met die studiejaar.



;;; en dit is my blou parkeerskyf en dis die pienke, en hierdie is vir aanddiens .... dit? O, dis 'n periskoop sodat ek kan sien waar ek ry.

W-A-A-T-S DIT?

Jenewermoed: moed dat deur sterk drank (jenewer) veroorsaak word

Jerusalemponie: weeluis

Kwastelorum: windmaker, pronker, modegek, ydeltuit, verkwister

TERBLANCHE, H J Afrikaanse Woordeboek



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# sosiale klub

Aan die Sosiale Klubkomiteelede van 1977 en diegene wat hulle bygestaan het, baie dankie vir die werk wat u deur die jaar gedoen het.

Die komitee van 1978 bestaan uit die volgende lede: Mnr J Davies (voorsitter), mev C van Waesberghe, mev L Erasmus, mej W Shipman, mej J Breed (ouditeur), mej M Schoeman (sekretaresse), mev R van den Berg, mev B Matzopoulos, mej D van der Merwe, mnr P Ferreira (tesourier) en mnr W Duminy.

Die jaarlikse personeelfunksie sal die vorm aanneem van 'n boersport en braaivleis. Dit sal plaasvind op Saterdag 8 April. Die terrein sal nog gereël word.

Ons sien uit na 'n baie gesellige 1978. Mag alle funksies "vreetsaam" en jolig verloop.

# lus vir reis (of lees?)

Beste Merenskypersoneel

Ja, ek geniet my vakansie deur en deur. Ek is besig om regtig om die wêreld in tagtig dae te reis, soos die roman uit my kinderdae vertel het. Ek vlieg soos enige bekende stralerjakker die wêreld deur op my pad om vyf-en-twintig van die bekendste wêreldstede te besoek.
Die toergeselskap bestaan uit van ons land se bekendste skrywers, wat keer op keer wegraak as die skrywersinstink roep, en daar dikwels op 'n parkbankie eers 'n klompie aantekeninge neergekrap word. Op die manier het Chris Barnard in Parys se strate verdwaal, kon ons nie vir I L de Villiers uit Avila van Theresa kry nie, en wou Audrey Blignaut opsluit die hele Dublin platloop op die spoor van Jonathan Swift. Ons het selfs 'n visum gekry om in Leningrad 'n draai te gaan maak, en Anna M Louw sê dis die stad wat op haar die grootste indruk gemaak het ..

Die toerplan wat voorlê sien heel indrukwekkend daaruit. Ons gaan nog van Londen na Lissabon, van Bankok na Berlyn, en van Kairo na Khartoem, om maar net 'n paar van die stede te noem. Ons sal maar sien wat mense soos Elsa Joubert, Henk Rall (Langgevestigde personeel onthou nog seker sy vrou Maureen wat in Merensky gewerk het ) en Robert Mohr van al die plekke sê!

Nee, ek het nie die eerste bonusobligasietrekking gewen nie ... ek het "Stad en Stedelig" (810.4; 561 992) by die Merensky uitgeneem. Die boek is saamgestel uit 25 essays wat verlede jaar deur die Afrikaanse Diens uitgesaai is, en deur Tafelberg in boekvorm uitgegee is. Ek toer dus deur die wêreld, deur die bril van 'n ander - sonder 'n sent in my sak.
Vir die wat al op die plekke was, en ou herinneringe wil terugroep, of die wat nog net droom, kom toer gerus saam. Ek belowe die boek is terug op die rak as die brief verskyn.

Groete
mej M Lee

# tussen ons gesê...

Mnr Porter het vanaf 13 tot 17 Februarie verlof gehad. Hoeveel hy gerus het weet ons nie, ons weet wel dat werk die nare gewoonte het om tuis op te hoop.

Mnr P Erasmus is na 'n lang afwesigheid weens siekte weer in ons midde.

In Ontsluiting het twee nuwe aankomelinge hierdie maand hulle opwagting gemaak - nie mense nie, maar motors. Mej Breggie Kotzé het die baas van 'n splinternuwe blou Passat geword terwyl 'n nuwe Cressida die Langs se garage deesdae versier. As verjaarsdaggeskenk het mev Manda Lang toe die Volksie geërf, mits sy haar bestuurderslisensie kry ...

Mev Anita Visser se oë blink weer nadat sy van die griep ontslae geraak het, en Danie weer terug is uit Europa.

Aan mev Amke de Jager, sterkte met die sustersaamtrek die 11e Maart. Hoop die nuwe uitrusting verskaf al die nodige selfvertroue!

Mev Dalena Stols verkeer in die greep van eksamen. Herman het op haar verjaarsdag sy eerste vak geskryf!

# redaksie:

| | |
|---|---|
| Redaktrise | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | Mev M-L Erasmus |
| Medewerkers | |
| Beplanning | Mej J Joubert |
| Bestelafdeling | Mev E du Plessis |
| Bindery | Mnr C F Buys |
| Leendienste | Mev M Verster |
| Ontsluiting | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | Mnr J Davies |
| Tiksters | Mev I Venter |
| Tydskrifafdeling | Mev B Gunter |
| Vakbibliotekarisse en -assistente | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | Mev H Nel |
| B M W | Mev M Willemse |
| Medies | Mev A vd Watt |
| Landbou | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | Mev B von Ehrenberg |
| Fisiese Versorgers | Mej W Shipman |
| | Mnr W Porter |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD

## welkom



Mej Rita Badenhorst
Vakbibliotekaresse



Mev Magda van Deventer
Vakbibliotekarisassistent



Mev Mathilda du Preez
Ontsluiting




Mej Leonie Vorster
Ontsluiting

## totsiens



Mej Annatjie Momberg
Aanskafafdeling



Mnr Victor Hulme
MacFadyen-biblioteek



Mej Laetitia Jacobsz
Musiek




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# oorstromings....



Mevv Irene Venter en Rienie Viljoen besig om boeke in die kelder reg te pak

Die boeke van B.M.W.-biblioteek word in die bindery drooggemaak






# opname....


Mev Irene Venter en mej Marie Schoeman besig met besettingsopname

## laat berig: verlowing

Baie geluk aan mnr Nic van Vuuren en mej Esmarie Kotzé met hul verlowing. Mag daar nog baie gelukkige jare voorlê.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## TERUGSKOUING___ VOORUITBEPLANNING?

Uit alle oorde word beklemtoon dat ons met entoesiasme, toewyding en vertroue voortdurend vorentoe moet kyk en dat ons gereed moet wees om alle probleme en uitdagings wat mag kom na die beste van ons vermoë die hoof te bied. Tog sou ons dom-astrant wees as ons nie van tyd tot tyd ook 'n keer omdraai om dit wat gedoen is, krities onder oë te neem nie. Dit is noodsaaklik om gereeld ook oor die skouer te loer en om jou huidige posisie in terme van sowel dit wat verby is as dit wat wag te evalueer en te interpreteer.

Elke seksie en afdeling in die Biblioteekdiens moes in Januarie vanjaar oor sy doen en late in 1977 rapporteer. Alles is daarna in 'n verslag van 45 bladsye saamgevoeg. Hierdie verslag dien op 29 Maart voor die Biblioteekkomitee, op 24 Mei voor die Uitvoerende Komitee van die Senaat en daarna ook voor die Senaat en Universiteitsraad. Via die verslag kry ons 'n sinvolle blik op 1977 en deur dit sorgvuldig te bestudeer kan dit heelwat lig werp op die pad wat in 1978 geloop moet word. Alhoewel die verslag eersdaags in alle afdelings van die Biblioteekdiens sal sirkuleer, verdien enkele sake tog ons gemeenskaplike aandag. Eerstens, is dit baie duidelik dat die ongunstige finansiële omstandighede reeds sy merkteken gelaat het. In vergelyking met 1976 se 20 915 boeke is slegs 9 030 boeke in 1977 aangekoop. Maatreëls is getref om op sowel keurings- as administratiewe vlak te verseker dat die beperkte fondse optimaal benut word. Hierdie maatreëls het vrugte afgewerp, maar sal in 1978 verder verfyn moet word. Op administratiewe vlak is die instelling van 'n Seksie vir Finansiële Administrasie reeds 'n eerste stap in daardie rigting. Wat die keuringsaspekte betref, word tans ondersoek ingestel na enersyds, die wyse waarop keuringshulpmiddels benut word en andersyds, die oorwegings en prosedures wat by die aanskaf van duurder biblioteekmateriaal soos naslaanwerke behoort te geld.

Tweedens, blyk dit dat daar in 1977 op
skaal en meer intensief van die biblioteekdiens gebruik gemaak is. Wat die Merensky-biblioteek betref, het die totale aantal uitlenings en uitreikings aan studente met 18 229 gestyg (vanaf 69 706 in 1976 tot 87 935 in 1977) en het dosente 2 246 meer boeke uitgeneem as in 1976 (16 288 in 1976 teenoor 18 534 in 1977).

Vervolg/....



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Wat die takbiblioteke betref, het die moderniseringsaksie by sowel die MacFadyen- as die Voorkliniese biblioteek biblioteekgebruik bevorder. Die tendens wat aan die einde van 1975 geïdentifiseer is, is wat biblioteekgebruik betref dus in 1977 in toenemende mate gehandhaaf en sal beslis ook in 1978 verder voortgesit word. Enersyds, is dit verblydend. Dit toon dat al ons pogings om die gebruik van die biblioteek te bevorder nie tevergeefs is nie. Andersyds, is dit teleurstellend. Eerstens, is studente se gebruik van die biblioteekfasiliteite op die Mediese en Veeartsenykundekampusse nog betreklik swak. Tweedens, blyk dit dat slegs 48,53% van die studente op die hoofkampus as biblioteekgebruikers geregistreer het - dit wil sê slegs ,03% meer as in 1976.

Hierdie sake sal in 1978 opgevolg moet word. Stappe is reeds gedoen om die verskaffing van biblioteekdienste op die Mediese kampus te rasionaliseer en om te verseker dat die nuwe mediese biblioteek aangewend word om alle fasette van ons biblioteekbeleid ten volle toe te pas. Wat Veeartsenykunde betref, word ondersoek ingestel na die moontlikheid om biblioteekure òf te verleng òf om minstens beter by die studente se studieprogramme te laat aanpas. Laastens, sal in geval van die hoofkampus ondersoek ingestel moet word na die verskynsel dat so 'n groot groep studente afsydig teenoor die biblioteek bly terwyl andere dit nodig vind om die biblioteek al meer intensief te benut.

Daar is ook verskeie ander aangeleenthede in die 1977-verslag wat kommentaar en opvolging verdien. Daaroor handel ek liefs by 'n volgende geleentheid.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

## besoekers

Gedurende Maart het afvaardigings van twee universiteite besoek aan die Merensky-biblioteek gebring met die doel om inligting te versamel vir die beplanning van nuwe biblioteke.

Op 2 en 9 Maart het mej M Eales en prof Olivier van die Universiteit van Transkei ons besoek.

Op 19 Maart het 'n afvaardiging van die Vrystaatse Universiteit bestaande uit prof P Overduin (Dept Biblioteekkunde), mnre F J Potgieter (Universiteit bibliotekaris), J A Jacobs en D Uys (Adjunk bibliotekarisse), Gertenbach (Beplanner) en Van der Walt (Argitek) die Merensky-biblioteek besoek.

Na 'n besigtiging van die biblioteek is probleme met die topbestuur bespreek.

Die besoek van die Vrystaatse Universiteit is op 28 Maart opgevolg deur 'n besoek van mnr Pansegrouw om sekere punte waaroor daar nog onduidelikhede was op te klaar.

Librarian to student: "Here's a book that will do half your work for you."

"That's great," said the student. "Give me two of them."

## Te Veel Mense--- Grootste Bedreiging vir die Natuur en die Omgewing

(Uitgereik deur die Departement van Natuur- en Omgewingsbewaring)

Omgewingsagteruitgang neem jaarliks groter afmetings aan - van verdwynende plant- en diersoorte in die natuur, oorbeweiding en erosie in die land - bou tot besoedeling en sosiale verval in die stede.

Regerings het met kommer van hierdie toestande kennis geneem en in 1972 is 'n Internasionale Konferensie oor die Omgewing te Stockholm gehou, waar Suid-Afrika ook verteenwoordig was. Daar is onder meer besluit om die 5de Junie elke jaar as Wêreldomgewingsdag te gedenk.

Die doel hiervan is om die wye publiek daarvan bewus te maak dat ons erfenis van natuurskone landskappe, vrugbare grond, suiwer water en skoon lug, sowel as ons wilde diere en plante en ons minerale bronne, uitputting en vernietiging in die gesig staar tensy ons behoeftes en ons getalle binne die perke van die natuur bly.

Suid-Afrika se bevolkingsaanwas is van die snelste ter wêreld en moet vandag as ons ernstigste omgewingsprobleem beskou word. Dit het ons hele geskiedenis geneem om die huidige bevolkingstotaal van 26 miljoen mense te bereik, maar teen die heersende aanwastempo gaan hierdie getal na berekening in die volgende 24 jaar verdubbel.

As hierdie skrikwekkende bevolkingsontploffing nie onder beheer gebring word nie, loop ons gevaar om die voordele van 'n beskaafde lewenswyse te verbeur. Alles wat ons reeds in Suid-Afrika ten opsigte van omgewingsbewaring bereik het, waaronder natuurbewaring, bewaringsboerdery, landskapsverfraaiing, sosiale opheffing en die bewaring van ons historiese en kulturele gedenkwaardighede, word hierdeur bedreig. Daarbenewens vererger bestaande probleme soos erosie, oorbeweiding, besoedeling, behuisingstekorte, sosiale verval en misdaad omdat mense vinniger aanwas as wat hierdie probleme opgelos of verbeterde dienste voorsien kan word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons sal mettertyd verplig wees om elke geskikte oppervlakte vir stedelike uitbreidings, nywerhede en voedselproduksie te gebruik. Op die lange duur mag die voortbestaan van ons natuurreservate en parke in die gedrang kom. En wat hou die toekoms in vir ons kultuurlandskappe en ons openbare ontspanningsoorde en kamptereine? Dit sal 'n treurige dag wees as ons genoodsaak gaan word om hierdie maatskaplike voordele in te boet in belang van 'n groter, maar ongelukkiger en geestelik armoediger bevolking.

Die groot uitdaging is dus nie hoeveel mense Suid-Afrika kan huisves en voed as ons natuur- en landboustelsels tot die uiterste ingespan word nie, maar eerder watter getal mense nie oorskry moet word nie ten einde aan almal genoeg geleenthede vir goeie behuising, opvoeding, werkbevrediging, veiligheid, sekuriteit, ruimte, ontspanning en voldoende voedsel te verseker.

Die meerderheid van die wêreldbevolking geniet vandag weinig of geen van hierdie voordele nie. Weens oorbevolking voer hulle 'n skemerbestaan in vernielde omgewings waar hongersnood en armoede heers. Geen land is van hierdie lot gevrywaar nie. Slegs deur heersende toestande onbevange te bestudeer en ag te slaan op die lesse wat daaruit te leer is, kan voorkomende maatreëls betyds getref word.

Hierdie uitdaging kan ons nie meer ontwyk nie. Die besluit wat ons vandag neem en die optrede wat ons nou loods, sal bepaal of ons 'n toekoms van veiligheid, geluk en vervulling gaan erf, of die ellendes wat oorbevolking meebring, met miljoene gaan deel.

STEM U SAAM?

1. The true university of these days is a collection of books (Carlyle, Heroes and Hero-worship).

2. Every library should try to be complete on something, if it were only the history of pinheads (Holmes, The Poet at the Breakfast Table).

3. The richest minds need not large libraries (Emerson, Nature Addresses and Lectures).

4. It is not observed that ... librarians are wiser men than others (Emerson, Spiritual Laws).

5. Bibliotheken zijn de enige plaatsen te wereld, waar de dwaling rustig naast de waarheid slaapt (Boiste).

6. Aan baie boeke maak hom geen einde nie, en baie studie is vermoeiing van die vlees. (Prediker 12:12).

# skenking

Op 'n klein onthaal in die Merensky-biblioteek op 21 Maart 1978 het dr F Hamburger, Eerste Sekretaris van die Oostenrykse Ambassade 'n aantal boeke deur Oostenrykse outeurs oor Oostenryk aan die Direkteur, prof Gerryts oorhandig.

Die skenking is des te meer waardevol omdat die Biblioteek vooraf, in samewerking met dosente van die Departement Duits 'n keuse kan maak van die boeke wat ons benodig.

# kuns

Frans Claerhout

Kunsliefhebbers belewe nou 'n interessante maar moeilike tydjie. So pas na die geslaagde Battiss-uitstalling by die Hoffer-Kunsgalery was daar 'n uitstekende uitstalling van Walter Westbrook, en skaars haal mens weer gemaklik asem of hier is weer eens 'n uitstalling wat moet gesien word. Op Maandagaand 3 April om 20h00 word 'n uitstalling van Frans Claerhout geopen, maar reeds op Saterdag 1 April is daar 'n voorskou van 15h00 - 17h00 waar almal welkom is. Dis nie so druk soos met die openingsaand nie, sodat mens die skilderye beter kan besigtig, en daar is ook geen probleme met parkering op 'n Saterdagmiddag nie! Die uitnodigingskaartjie hou die belofte in van 'n genoeglike uurtjie tussen kleurryke en vrolike skilderye.

# van die buiteposte

## Landbounuus

By Landbou is op die 20ste Maart 'n vergadering gehou tussen prof Gerryts, die dekaan en departementshoofde van die Fakulteit van Landbouwetenskappe, en die vakbibliotekaresse, mej Du Preez.

In 'n fratsongeluk op een van die leesstoepe van die Landboubiblioteek, is 'n leser sodanig beseer dat hy die oggend by die Ongevalle-afdeling van die H F Verwoerd hospitaal moes gaan deurbring. Hy is deur die kampusverpleegster soontoe verwys nadat 'n reuse splinter uit 'n tafelblad in sy bobeen vasgesteek het toe hy vinnig wou opstaan. Aangesien ons plaaslike noodhulpvoorraad net bestaan uit 'n naald, 'n bottel Dettol en 'n rol watte, kon ons ook nie veel konstruktiewe hulp lewer nie. By Ongevalle is die splinter onder plaaslike verdowing verwyder en 'n steek is daarin gesit.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Musiek

AFSKEIDSIMFONIE

In 1761 word Joseph Haydn (1732 1 1809) deur Vors Esterházy aangestel as komponis en kapelmeester by die vors se kasteel. Haydn het oor 'n honderd simfonieë geskryf en word beskou as die grondlegger van die simfonie as musiekvorm.

Van sy vroeëre simfonieë het die Afskeidsimfonie, Nr 45, bekendheid verwerf. Die gewildheid van die simfonie kan terug gevoer word na die ontstaansgeskiedenis daarvan en Haydn se vermoë om skerts en erns met mekaar te verenig.

Vors Esterházy wou sonder enige besondere rede nie die verlof toestaan van die kapelorkeslede nie. Haydn besluit toe om in musikale gestalte die dringende pleidooi van die musikante voor te dra.

Die finale gedeelte kom nie eintlik tot ontwikkeling nie en hou plotseling op. Dit word gevolg deur 'n klaende adagiogedeelte. Die Vors was baie verbaas oor hierdie wending in die musiek. Maar sy verbasing was nog groter toe die persoon wat die 2de Horing bespeel, sy boek toemaak, kers doodblaas en die saal verlaat. Kort daarna het die eerste Lobospeler, die fagotspeler, die 2de Lobospeler ens. die saal verlaat totdat daar in die byna donker saal net twee vioolspelers oor was wat moeitevol in 'n klaende toon die Adagio tot sy einde gevoer het.

Die Vors het die skertsery goed verstaan en het goedmoedig toestemming verleen vir die musikante se verlof.

WESTERMANN, Gerhart von: Knaurs Konzertführer München, Droemer, 1969.

# Uit die middestad

Op 'n dag kom ons op die volgende af: (Dit staan geskryf op een van die kaartjies wat leners magtig om hulle eie boeke die magasyn in te neem)

> "Aan die houer van die kaartjie: Sterkte met die swottings! As jy voel soos ek op die oomblik voel, dan het jy dit nodig. Met my gaan dit ...! Plotselings."

Veral die slotgedeelte val ons op. Want miskien kan ons die harde werklikheid daarin raaksien. Altans, wat ons by Buitemuurs betref. Dit was juis die laaste keer dat ons met mekaar in gesprek was, dat ons gepraat het van die stilte voor die storm. Toe was dit nog in die toekomende tyd - nou in die hede.

Plotselings storm die studente op ons af;

Plotselings begin die ratte weer draai;

Plotselings verloor ons 'n staatmaker in die persoon van mnr Victor Hulme;

Plotselings kry ons weer hulp: Mnr Piet Lourens.

Nou sê ons dankie aan ons anonieme skrywer - vir die sterkte. En as Merensky-personeel voel soos ons voel, wil ons ook net sê: Sterkte vir dié deel van die jaar wat nog voorlê.

Groetnis tot volgende keer

BUITEMUURS

---

Wie sê 'n Buitemuurse student kan nie oorspronklik wees nie. Kyk net hier. Sô vul een mos mooi die inligting in:

Klasno: A 3 ('n lokaal in die gebou)

Registerno: 76 1234 8

Outeur: Prokureursklerk

Titel: Meneer

---

# uit die spens

PAELLA

Mej Anne van Zyl

1 Hoender in stukke gesny
1 ui fyngekap
1 wortel in repies gesny
Paar bone in repies gesny
1 klein groenrissie gekap
2 ryp tamaties
2k rys
Saffraan of borrie of paprika (geskat volgens kleur en eie smaak)
1 Hoenderblokkie opgelos in 1k water
Vis: Garnale en stokvis en 1 blikkie van die volgende: mossels, oesters, krap, seekat, kreef
Olie
Sout

Metode:

Braai hoenderstukke in olie gaar en bruin, haal uit en hou warm.

Braai in dieselfde olie die uie, wortels, bone en groenrissie en laat in die pan. Voeg hierby die tamaties.

Voeg dan by: rys, saffraan, al die vis wat gebruik word, hoenderstukke (hou 'n paar uit om bo-op dis te plaas) asook die opgeloste hoenderblokkie.

Laat stadig prut totdat vog weggekook is (moenie weer roer nie).

Plaas nou hoenderstukke bo-op vir versiering.

Bedien direk uit die pan met 'n groen slaai en baie wyn.

Hierdie resep behoort genoeg te wees vir agt persone, maar dit is gewoonlik nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# lus vir reis (of lees?)

Kannaland
Maart 1978

Dagsê aan al die Merenskyers!

Ja, ek reis alweer. Darem nie so ver soos verlede keer nie. Het sommer hier in ons eie land 'n draai kom ry in die Klein-karoo, of Kannaland soos hy onder die inwoners bekend staan.

My toergidse is hierdie keer Abraham de Vries en die fotograaf Paul Alberts wat, die een met sy pen, en die ander met sy kamera, vir my 'n wêrelddeel laat ontdek het, wat tot dusver nog onbekend - en, vrees ek, onbemind was.

Ons het perskes geëet op Barrydale, volstruis gery op Oudtshoorn, gaan kyk hoe lyk plekke soos Seweweekspoort, uitgespan op De Rust, "waar daar weeklank 'n Sondagsvrede heers" ... en net 'n bietjie later met rillings langs jou ruggraat geluister na die stories oor Gert Swanepoel wat nou nie juis veel waarde aan 'n lewe geheg het nie!

Deur die lens van Paul Alberts het ek die kleine en mooie waargeneem wat mens dikwels met die blote oog miskyk. Ouderdom en jeug op 'n gesig vasgevang, die Du Toit broers se Wynstoor, 'n regte wasskottel en lampetbeker op 'n outydse wastafel, 'n stukkende windpomp ... en in nog vele ander gewone dinge moes ek van vooraf die mooie leer raaksien.

Al dië lekker is in die boek "Die Klein Karoo; 'n legkaart (G 968(04 Karoo)) deur Abraham de Vrees en Paul Alberts. Dit is uitgegee deur Tafelberguitgewers en die prys is R15,00. Ek het een klagte: die teks en die foto's is geskei. Maar volgens mnr Alberts was dit nie vir hulle altyd prakties moontlik om saam te werk nie. Dus stem die teks en foto's nie altyd direk ooreen nie.

Nou moet ek groet want ek is halfpad met die storie oor hoe Stanley die koei op sy skoot laat sit het en dit is so snaaks, dat ek sommer die hele storie vir julle wil aanhaal ...

Groete van almal op Volmoed!

Mej Magriet Lee.




"I'll let you talk to our man in charge of microfiche - here he comes now."

# uit die afdelings

## Beplanning

KATALOGUS IN DIE KLEINE

Het u al gedink hoe die grondverdieping sal lyk sonder die katalogi? Wat sou u met al die addisionele ruimte doen?!

Ons mag dalk oor antwoorde op hierdie vrae begin droom as daar besluit word om die biblioteekkatalogi te mikroverfilm. Die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling skenk tans aandag aan hierdie saak.

Daar is verskeie redes waarom so 'n stap oorweging geniet. 'n Mikroverfilmde katalogus is nuttig.

- vir sekuriteitsdoeleindes in geval van vernietiging van die katalogus of die voorraad;
- vir gebruik by dienspunte bv. takbiblioteke;
- as aanvulling tot 'n moontlike gerekenariseerde mikrofiche-katalogus.

'n Probleem met 'n mikroverfilmde katalogus is egter om dit op datum te hou. Die ideaal sou dus wees om die mikroverfilming van die katalogi te laat saamval met die rekenarisering van die ontsluitingsfunksie, wanneer die laatkatalogi buitendien afgesluit word (hoop ons).

Dat die mikroverfilming 'n reuse taak sal wees, blyk uit die beraamde aantal kaartjies wat die betrokke katalogi tans bevat:

| | |
|---|---|
| - Hoof outeur- en titelkatalogus | 641 000 |
| - Hoof sistematiese katalogus | 455 000 |
| - Katalogi vir plate en partiture | 126 000 |
| Totaal | 1222 000 |

Al hierdie kaarte sou egter op ongeveer 1 000 mikrofiche verfilm kon word en dan 'n ruimte van slegs 0,005 $m^3$ beslaan - minder as 1 kataloguslaatjie. Die huidige katalogi in die hoofbiblioteek alleen beslaan tans ongeveer 100 $m^2$.

## 3de VLOER

Mnr Dries Grobler is vanaf 1 Maart aangestel as vakbibliotekarisassistent. Hy is toegewys aan mnr Jos Davies wat verantwoordelik is vir Ingenieurswese, Opmeetkunde, Stads- en Streeksbeplanning en Chemie. Mnr Grobler is tans besig met sy finale jaar B.A. en beoog om volgende jaar die Hoër Diploma in Biblioteekkunde te loop. Baie welkom in die geledere van die Merenskyaners. Werk lekker en alle sukses met die studies.

## 2de VLOER

### uitstalling

Die Teologiese Fakulteit van die Nederduits Gereformeerde Kerk aan die Universiteit van Pretoria is vanjaar veertig jaar oud. Na veel beplanning en onderhandelinge in die vooraf gaande jare het die Teologiese Fakulteit op 16 Maart 1938 'n werklikheid geword met die kerklike bevestiging van die eerste vier leraars in Godgeleerdheid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Met die ontstaan van die Fakulteit in 1938 was daar vier professore en ses studente. Dertig jaar later was daar ses professore en sowat sewentig studente. Vanjaar is daar sestien dosente en meer as driehonderd-en-sewentig studente.

Die huidige dekaan van die Fakulteit, prof A H van Zyl, het goedgunstiglik 'n paar foto's van die vorige dekane asook van Deo Gloria-groepe aan die biblioteek geleen en is dit gebruik as deel van 'n uitstalling om die veertigjarige bestaan van die Fakulteit nie ongesiens te laat verbygaan nie. Publikasies en proefskrifte van vorige en huidige dosente is uitgestal asook uitgawes van "Deo Gloria", die jaarblad van die Fakulteit wat sedert 1940 al verskyn.

Die uitstalling is by die Teologie-afdeling op die tweede verdieping gehou vanaf 13 tot 20 Maart 1978 en het veral belangstelling van studente uitgelok.

## Tydskrifte


Die stilte in seksie tydskrif administrasie beteken nie dat almal met verlof is nie - O nee! ons praat maar net moeilik tussen bombardemente pos en gebinde bande, klasloop, rekenaarfieterjasies en laaste maar nie die minste - trouree̋lings.


Ja, uiteindelik het Nic en Esmarié agtergekom dat hulle nogal baie van mekaar hou. Almal in Tydskrifte en die Bindery het dit geweet, toe wonder hulle nog wat is hierdie gevoel wat hulle voel wat hulle nog nooit vantevore gevoel het nie.

Wat die meeste van u nie weet nie is dat dit alles begin het by die Suidwester (dis nou Suidwes se koerant) Nic het elke liewe dag sy lang bene na die Poskamer gewend om te kom uitvind of die koerantjie dan nie al gekom het nie. Dit was opvallend dat hy die koerant gegryp het en teetyd in die Bindery gelees het wanneer ons getroude vroue pos oopgemaak het. Wanneer Esmarié egter daar was het hy die koerant sommer net daar in die Poskamer gelees - soms sommer onderstebo!

Deur alles het ons ou tannies vol wysheid vir mekaar geglimlag en begin dink aan trougeskenke. Moeder Anne het af en toe die wenkbroue gelig en gesug: "Ja, hulle is nes die Suidweskwessie - sukkel om te settle."

Nou is hulle "gesettle" en ons se almal: "Veels geluk" (Die Suidwester kry natuurlik geen aftrek meer nie.)




Baie welkom aan mev Marianne Viljoen en mev Elwena Theron, nuwelinge in die geledere van die Tydskrifte Afdeling. Ons hoop dat hulle hier baie gelukkig sal wees.

## Ontsluiting

Mev Amke de Jager het gewis die besigste maand van al die Ontsluiters agter die rug. Binne een week moes sy voorsitster wees vir 'n modeparade ten bate van Geestesgesondheid, wat die nuutste modes van ons land se voorste modeontwerpers tentoongestel het, en ook sekretaresse van die Gereformeerde Sustersaamtrek wat by Unisa plaasgevind het. Haar kommentaar op die bedrywigheid: Oor die modeparade "Ietwat anders as die Merensky op 'n Woensdagmôre" en oor die Sustersaamtrek - "Alles het goed afgeloop, maar ek is darem bly ek was nie voorsitster nie!"

Motors voer nog steeds botoon in die Afdeling. Mevv Anita Visser en Manda Lang het hulle leerlinglisensies ryker geword. Hulle gaan glo al om die Universiteit oefen, want as jy dáár kan bestuur, is enige ander plek in Pretoria soetkoek!

Ons sê totsiens aan mev Rinie Viljoen wat na Potchefstroom verhuis en mev Anette Lessing wat haar babakamer gaan inrig, sodat die nuweling heeltemal tuis kan voel as hy (of sy!) een-van-die-dae sy opwagting maak ...

## Bestellings

"Die mense wat nog lopies moet doen, moet asseblief met my kom reël." "Teken net gou my lopie aan asseblief." "Ek kan nie nou kyk nie, want ek is besig met my lopie."

Nee verkeerd geraai, dis nie curriebeker krieket nie. Ons teken wel lopies aan, maar dit is vir mnr Viljoen van U.O.V.S. se navorsing wat handel oor die boekaanskaffingskoste van Suid-Afrikaanse-Universiteitsbiblioteke.

Dit was beslis 'n baie interessante tye in die bestelafdeling. Ons het bepaal hoe lank verskeie take neem om voltooi te word, byvoorbeeld besitkontrole, die tik van bestellings, liassering van bestelrekords, die kanselleer van bestellings asook korrespondensie oor bestellings. Dit was soms verbasend om te sien hoeveel tyd sommige take in beslag neem - nou weet ons waar ons dae heengaan. Ons is bly dat ons in 'n mate tot hulp kon wees vir mnr Viljoen, maar ook vir die leersame ondervinding wat dit vir ons was.

VERJAARSDAE

7 Mev J Fourie - Ontsluiting
8 Mnr J Engelbrecht - Beplanning
8 Mej J van Zyl - Vakbibliotekaris-asst.
10 Mej E Kotze - Tydskrifte
12 Mej A van Zyl - Tydskrifte
14 Mej M van der Merwe - Bindery
17 Mnr H Bosch - Kalafong
19 Mnr F Venter - Bestel
20 Mev A Korkie - Vakbibliotekaresse
21 Mnr V Otto - Leendienste
28 Mnr A van Rensburg - Bindery
29 Mev R van den Berg - Tydskrifte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorgraads

Voorbeelde van navrae oor dieselfde onderwerp:

Het fregatschip Johanna Maria

1. Weet jy nie iets van 'n skip of ding wat deur mnr Snyman hier geplaas is nie?
2. Ek soek iets oor Afrikaans, ek was nie in die klas nie, maar jy behoort tog al teen dië tyd te weet .....
3. Ek soek daardie een van die Fregatschip, Moeder Maria.
4. Weet jy nie wat presies die dosent van ons verwag oor die verteller in Van Schendel nie.
5. Inleiding oor Johanna de Maria.
6. Het fregatschip Johanna de Maria.
7. Darie skip of iets van Johanna Maria.

# Bindery

Dit spyt ons om te berig dat mnr P Erasmus vanaf die 14de Maart afwesig is as gevolg van ongesteldheid. Ons wens hom en sy familie sterkte toe.

Mnr D Hughes was die hele Maartmaand met verlof. Hy was onder andere Durban toe. Ons hoop die weer was hom goedgesind.

Mnr Nic van Vuuren se verlange is sterk na Suid-Wes. Die langnaweek is te kort gevolglik het hy vanaf die 21ste Maart verlof geneem.

Mnr Chris Buys gaan gedurende die skoolvakansie ook twee weke met verlof.

'n Wenk van die Bindery: Moet nooit 'n boek met kleefband regmaak nie. Gebruik lym of gom.

# tussen ons gesê ___

Mev. Marietjie Willemse is so pas terug van 'n welverdiende vakansie by Hiberdene. Marietjie het soveel te vertel gehad van die vakansie dat ons ander wens vir 'n vakansie by die see.

Mej Elsa Lategan was ook met verlof. Elsa het eers gaan kamp by "Champagne Castle" en het toe vir haar ouers op Bloemfontein gaan kuier. Elsa lyk so lekker uitgerus en sommer lus om aan die werk te spring.

Nog een van die tiksters het gaan kamp. Mej Marie Schoeman het die Paasnaweek by Roepersfontein naby Lydenburg gaan kamp met die KJA. As ons so na Marie se vertellinge luister, klink dit asof sy 'n baie aangename naweek gehad het.

Mev Minda Meyer is deesdae so geïnteresseerd in Plantkunde en Dierkunde dat ons almal se wenkbroue gelig het. Die rede is egter dat haar dogter 'n B.Sc-kursus by U.P. volg en Minda volg die studies met eweveel belangstelling.

Mej Annemarie van Rensburg is nou heeltemal ingeburger hier by die Merensky. Sy het ook nog nie heeltemal herstel van haar "Groot Trek" na haar eie woonstel in die stad nie.

Welkom terug aan mnr Peter Lor wat vyf weke lank aan sy verhandeling gaan swoeg het en aan mev. Lorraine Erasmus wat 'n Kaapse draai gemaak het.

Baie welkom aan mev Alma Cronjé wat vanaf die begin van Maart die geledere in Africana kom versterk het. Ons hoop jy gaan jou nuwe werkkring baie geniet.

Mej Renée du Randt tree op 25 Maart in die huwelik met mnr Johan Roux. Ons mooiste wense vergesel julle, Renée. Mag julle huwelik baie geseënd en gelukkig wees.

---

"For it may be stated as an axiom that those who wish to learn consult a book, but those who seek to understand, consult a library."

- Uit die voorwoord van "Principles of pathology for dental students" deur J B Walter.

---

# redaksie:

| | |
|---|---|
| Redaktrise | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | Mev M-L Erasmus |
| Medewerkers | |
| Beplanning | Mej J Joubert |
| Bestelafdeling | Mev E du Plessis |
| Bindery | Mnr C F Buys |
| Leendienste | Mev M Verster |
| Ontsluiting | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | Mnr J Davies |
| Tiksters | Mev I Venter |
| Tydskrifafdeling | Mev B Gunter |
| Vakbibliotekarisse en -assistente | |
| Onderstepoort | Mev C van Waesberghe |
| B M W | Mev H Nel |
| Medies | Mev M Willemse |
| Landbou | Mev A vd Watt |
| MacFadyen-biblioteek | Mej J du Preez |
| Diskoteek | Mnr D R Schwartz |
| Fisiese Versorgers | Mev B von Ehrenberg |
| | Mej W Shipman |
| | Mnr W Porter |

---

Gee vir liefde, leen vir ergernis, staan borg vir selfverwyt.

(C J Langenhoven)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD

## welkom



Mevv Elwena Theron en
Marianne Viljoen -
Tydskrifte



Mnr Dries Grobler
Vakbibliotekaris-assistent




Mnr Piet Lourens
Buitemuurs

## totsiens



Mev Rinie Viljoen




Mev Anette Lessing

Ontsluiting

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Skenking v.d. Oostenrykse Regering



Prof E D Gerryts (Direkteur: Biblioteekdiens), prof J A E Leue (Dept. Duits), dr F Hamburger (Oostenrykse Ambassade), prof A N Pelser (Vise-Rektor), prof F G E Nilant (Dept. Kungsgeskiedenis), dr E W Funcke (Dept. Duits)

# Jitstalling



Mej Rita Badenhorst - Vakbibliotekaresse vir Teologie


# Besoekers



Agter: Mnr H de Bruin en prof E D Gerryts
Voor: Prof Olivier en mej Eales (Transkeise Universiteit)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## BIBLIOTEKE, REKENAARS en DATAKOMMUNIKASIE.

Gedurende die week van 3 tot 7 April is 'n hele aantal byeenkomste in Pretoria gehou om verskillende aspekte van die rekenarisering van biblioteek- en inligtingsdienste en -netwerke te bespreek.

### Gesamentlike Stelselontwikkeling

Op Maandag 3 April het 'n tiental biblioteek- en inligtingsdienste wat rekenarisering oorweeg of daarmee besig is, op uitnodiging van die Perseus-rekenaarmaatskappy vergader om die moontlikheid van samewerking in die ontwikkeling van sekere rekenaartoepassinge te oorweeg. Dit het geblyk dat daar wel behoefte is aan sodanige samewerking maar dat elke instansie weer individueel hieroor genader sal word. Hierdie moontlikheid hou veral verband met die aanwending van minirekenaars om sekere biblioteekfunksies binne 'n gerekenariseerde netwerk of daarbuite te bedryf.

### Rekenarisering van die Gesamentlike Katalogus en die S A Nasionale Bibliografie

Ook op Maandag 3 April het 'n groot aantal bibliotekarisse vanoor die land en sekere buurstate, op uitnodiging van die Staatsbiblioteek vergader om die voorgenome rekenarisering van die Gesamentlike Katalogus van monografieë in Suid-Afrika biblioteke asook die S A Nasionale Bibliografie te bespreek. Die doel van die vergadering was om die mening van die biblioteekberoep in te win oor die voorgenome ontwikkelinge en samewerking te verseker. Die belangrikste implikasies is dat die UNIKAT soos dit tans bekend is, vervang sal word met 'n gesamentlike katalogus in 'n outeurs- en titelvolgorde en wat op datum gebring sal word tot 1971 om die huidige verfilmde weergawe wat tot 1971 dek, aan te vul. Biblioteke wat rekenariseer sal ook voortaan hul katalogusrekords in 'n standaardformaat en -inhoud aan die Staatsbiblioteek moet lewer.

### Konferensie oor Tendense in Inligtingshantering en Biblioteekrekenarisering

Op Dinsdag en Woensdag, 4-5 April, was tussen 200 en 300 afgevaardigdes by die WNNR se nuwe konferensiesentrum byeen om sake soos ontwikkelinge op die gebied van die rekenaar-, telekommunikasie- en datakommunikasie-tegnologie, biblioteeknetwerke en gerekenariseerde inligtingsdienste te bespreek. Vier buitelandse gaste het onder andere tydens die konferensie voordragte gelewer.

U.P.–Biblioteekdiens - nuusblad - APRIL 1978.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die volgende algemene indrukke is tydens die konferensie gevorm:

1. Die rekenaar- en datakommunikasie-tegnologie plaas nie werklik meer beperkinge op die aanwending daarvan deur biblioteek- en inligtingsdienste nie. Van die laaste beperkinge sal hopelik verdwyn wanneer die Poskantoor se SAPONET (vir datakommunikasie in S A, naas die bestaande telekommunikasienetwerk) gedurende 1979/1980 in werking gestel en internasionale skakeling ook bewerkstellig word. Probleme wat nog bestaan is eerder van 'n praktiese, ekonomiese en menslike aard.

2. Gerekenariseerde biblioteeknetwerke op 'n streek en/of nasionale vlak in S A hou groot belofte in vir groter biblioteeksamewerking en die optimale benutting van inligtingsmateriaal as nasionale hulpbron.

3. Die vestiging van gevorderde biblioteeknetwerke in Suid-Afrika sal 'n spanpoging tussen bibliotekarisse, rekenaar- en datakommunikasiedeskundiges verg. Daar bestaan tans nog 'n groot kommunikasie-gaping tussen hierdie groepe.

4. Die benutting van gerekenariseerde inligtingsdienste neem reeds 'n geweldige omvang aan in oorsese lande, veral in die VSA. Dit sal ook in Suid-Afrika verder op die voorgrond tree.

5. Die behoeftes van verskillende biblioteektipes en gebruikersgroepe in Suid-Afrika asook Suider-Afrika moet nie uit die oog verloor word nie. In dié verband is veral gewys op die bestaan, langs mekaar, van 'n ontwikkelde asook 'n onderontwikkelde gemeenskap.

Die konferensie is afgesluit deur die Wetenskaplike Raadgewer van die Eerste Minister, dr. A P Burger. Hy het onder andere bekend gemaak dat die Eerste Minister se Wetenskaplike Adviesraad by die Regering aanbeveel het dat 'n Wetenskaplike Raadgewer vir die Inligtingwese aangestel word. Hy sal bygestaan word deur 'n Adviesraad en sal 'n eie sekretariaat hê. Wanneer hierdie bedeling sy beslag kry, sal die bestaande Biblioteekadviesraad waarskynlik ontbind.

## IMPLIKASIES VIR DIE BIBLIOTEEKDIENS

Die bogenoemde aktiwiteite gee 'n aanduiding van die groot belangstelling wat die aanwending van hierdie tegnologiese ontwikkelinge by die verbetering van biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika tans geniet. Vir ons het dit ook die geleentheid geskep om nog eens kennis te neem en te besin oor die moontlikhede wat die tegnologie ons bied. Die pad vorentoe lê egter nou betreklik duidelik. Die ondersoeke en besinning van die afgelope jaar moet nou in die praktyk neerslag vind en toepaslike stelsels, hopelik voor die aanvang van die tagtigerjare.

H. de Bruin
ADJUNK-DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

---

Die meeste mense is omtrent so gelukkig as wat hulle besluit om te wees (ABRAHAM LINCOLN)

# drama

DIE STORM deur Alexander Ostrovskii

Regisseur en verwerker in Afrikaans: Braam Cilliers - Departement Drama, U.P.

DIE STORM (GROZA - 1859) word allerweë beskou as die Russiese dramaturg se meesterwerk. Die werk word vandag nog beskou as een van die klassieke stukke van die Russiese drama en word gereeld in Rusland opgevoer. Die stuk is vertaal en onder andere opgevoer in Frankryk, Duitsland, Engeland, Amerika, Sjina, Hongarye en Finland. Die Russiese Komponis, V Kahperov se opera DIE STORM is vir die eerste keer in Oktober 1860 in Moskou en Petersburg opgevoer. Die Tjeggiese Komponis Janacek se opera Katya Kabanova, wat op DIE STORM gebaseer is, word vandag gereeld in Europa opgevoer. Die opvoering van die stuk deur die Dramadepartement gee dan ook aan sy studente die geleentheid om met dié drama op die verhoog kennis te maak.

Dis 'n aangrypende verhaal van 'n dromerige, sensitiewe, jong vrou wat deur 'n tiran van 'n skoonmoeder verguis en vervolg word. Die verhaal speel af in 'n godverlate dorpie langs die Volgarivier. Katerina, 'n onderdrukte, diep goedsdienstige en geïnhibeerde vrou, is teen haar sin getroud met Kabanôva (die "Wilde Sog") se seun, Tikhon. Sy persoonlikheid word heeltemal oorheers en onderdruk deur sy hardvogtige moeder. Katerina kom in opstand teen die versmorende atmosfeer in haar skoonmoeder se huis. Die oorgeërfde morele taboes verhoed haar egter om onafhanklik op te tree. In 'n poging om weg te kom van sy moeder se morbiede invloed af gaan Tikhon dikwels op sakereise. Gevolglik word Katerina te veel alleen gelaat in haar skoonmoeder se teenwoordigheid. Sy raak verlief op Bôris, 'n sjarmante maar ruggraatlose jong man uit Moskou, wat by sy oom (Dikoy - "Barbaar") kom werk. Tydens een van Tikhon se sakereise knoop sy en Bôris 'n verhouding aan. Haar skuldgevoel word 'n oorheersende obsessie by haar. Vervolg deur haar skoonmoeder en haar eie morele en geestelike spoke asook 'n donkerstorm, wend sy 'n vergeefse poging aan om hierdie skuldgevoel te oorkom. Na Tikhon se terugkeer bely sy haar skuld in die openbaar. Die ongelukkige vrou word daarna vervloek deur haar skoonmoeder en op dié se aandrang deur haar man geslaan. Sy sien nie kans om verder te leef nie en nadat sy van Bôris afskeid geneem het, verdrink sy haarself in die Volga.

Ostrovskii skep 'n reeks veelsydige karakters. Elkeen openbaar 'n reeks karaktertrekke wat eie is aan die inwoners van hierdie landstreek in Rusland. Die studentespelers word dus voor uitdagings gestel wat hoë eise aan hulle speeltalent stel. Sommige kritici beweer dat die rol van Katerina die moeilikste vrouerol in die Russiese rpertorium is. Die rolle word deur die tweedejaarstudente van die Departement vertolk.

Die amptelike openingsdatum is Dinsdag, 23 Mei om 20h00 in die Masker.

Die speelvak duur tot Saterdag, 27 Mei.

Bespreking kan gedoen word by Computicket vanaf Maandag, 1 Mei.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# argief

Daar bestaan reeds lankal 'n behoefte aan die Universiteit vir 'n sentrale bewaarplek waar dokumente en ander geskrifte van studente-verenigings en ander liggame aan die Universiteit vir die nageslag bewaar kan word. Sodanige stukke is vir toekomstige geskiedskrywing oor die Universiteit van die allergrootste belang.

As gevolg van die afwesigheid van so 'n sentrale bewaarplek en ook die gebrek aan kontinuïteit weens die feit dat besture van die Verenigings uit studente bestaan wat, uit die aard van die saak, net vir 'n beperkte tyd aan die Universiteit verbonde is, is daar nie altyd rekord gehou van waar die stukke hulle bevind nie en het sommige stukke dan ook deur die jare verlore geraak.

Baie van die instansies het ook gereeld publikasies die lig laat sien, maar om een of ander rede nagelaat om eksemplare daarvan aan die Universiteitsbiblioteek vir bewaring te oorhandig, met die gevolg dat die Biblioteekdiens dikwels in die verleentheid geplaas word deurdat persone van buite navraag doen oor 'n bepaalde publikasie waarvan daar geen rekord is nie.

Na sorgvuldige oorweging het die Biblioteekdiens onderneem om 'n "Tukkie-argief" op te bou, waar onder andere notules en ander dokumente van studente-verenigings asook publikasies van alle instansies verbonde aan die Universiteit, versamel, georden en vir navorsingsdoeleindes bewaar sal word.

'n Bibliotekaresse, mej E Klopper, is reeds deur die Biblioteekdiens afgesonder om hiermee 'n aanvang te maak. Dit sal haar taak wees om die stukke op te spoor en vir die argief te bekom en te orden.

Oud-studente kan hierin behulpsaam wees deur mej E Klopper, Tukkie-argief, Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria, te verwittig van enige dokumente en ander geskrifte van studente-verenigings wat moontlik nog in hulle besit mag wees. Die Biblioteekdiens sal graag sulke publikasies van oud-studente ontvang indien hulle bereid sou wees om daarvan afstand te doen of dit dalk beskikbaar te stel vir fotokopiëring.



"Sure you're dependent on the computer - But don't forget the computer is dependent on you."

# besoekers

Vier lede van die General Medical Council (die Britse Mediese Raad) het op Vrydag 7 April 'n besoek aan die Merensky-biblioteek afgelê. Die afvaardiging besoek tans alle mediese fakulteite in Suid-Afrika in terme van 'n ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, waarkragtens Suid-Afrikaanse geneeskundige kwalifikasies in Brittanje erken word en omgekeerd.

Die besoekers, Sir Richard Wright, proff Cruickshank en Trethowan, en mnr Gray, het eers 'n kort samespreking met prof Gerryts gevoer waartydens hulle oor die filosofie en ontwikkeling van die UP Biblioteekdiens ingelig is. Hierna het 'n kort besigtigingstoer van die Merensky-biblioteek en die ou en nuwe Kliniese Biblioteke gevolg. Mnr Lor, wat as "toerleier" opgetree het, berig dat die besoekers beïndruk was met die Merensky-gebou en veral belangstelling in die verklikkerstelsel getoon het.

prof Martha Williams van die Universiteit van Illinois en mev Mary Jane Reed van die Washington State Library, het UP se Biblioteekdiens op 7 April besoek.

# skenking

Op 17 April 1973 is 'n waardevolle stel van 6 bande van die Hertzogtoesprake, saamgestel deur proff F J du Toit Spies, D W Krüger en J J Oberholster, namens die Federasie van Rapportryerskorpse deur prof J E Pieterse en mnr Hattingh (Sekretaris van die Federasie) oorhandig aan die Vise-rektor, prof A N Pelzer, vir opname in die Africanaversameling van die Merensky-biblioteek.

By die geleentheid was ook teenwoordig mnr C H Cilliers, direkteur van Openbare betrekkinge en mnr W W Duminy, adjunk-direkteur, Biblioteekdiens.

# kuns

Die Hoffer-Kunsgalery bied 'n uitstalling van blomstudies in waterverf deur Joey Visser vanaf Maandag 24 April vir twee weke.

'n Uitstalling van besondere erdewerk en keramiek kan besigtig word in die Skolimowski Galery, Arcadiasentrum vanaf 24 April tot 6 Mei.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# LUS VIR LEES?

'n Baie interessante boek wat hierdie maand op ons rak verskyn het, is "Zuid-Afrika in opspraak" deur prof. H Jonker (328.315 564087)

Prof. Jonker het Suid-Afrika in Mei en Junie 1976 besoek, die eerste keer na sy besoek twintig jaar gelede. Die boek wat uit reisindrukke, besoeke en onderhoude saamgestel is, dien hoofsaaklik as teenvoeter vir die massa anti-Suid-Afrikaanse propaganda wat Nederland binnestroom. Prof. Jonker stel dit baie duidelik dat hy nie verteenwoordiger van enige organisasie, pro- of anti-Suid-Afrikaans is nie, en dat hy slegs die korrekte feite wil weergee soos hy sake self ervaar het.

Die toerplan het gestrek van Kaapstad in die suide, tot by die Universiteit van die Noorde naby Pietersburg, met ook besoeke aan die Transkei en Natal. Hierdeur het prof. Jonker 'n geheelbeeld probeer vorm deur alle moontlike omgewings- en alle betrokke partye binne sy eie wêreld kans te gee om sy saak te stel. Hy het met verskeie swart Indiër- en Kleurlingleiers wat sowel positef as negatiefgesind is teen ons landsbeleid gesels, en gee hulle standpunte weer. Twee interessante gesprekke wat die met ds. Sam Buti jnr. en dr. Beyers Naudé.

Prof. Jonker gee eers 'n geskiedkundige oorsig van die hele situasie sodat die leser 'n duidelike beeld kan vorm wäär die hele probleem sy ontstaan het, en hoe dit ontwikkel het tot op die huidige stadium. Hy vergelyk ook toestande twintig jaar gelede met 1976, en skets ook die kontras tussen die verskillende volke, sowel as die verskil tussen die swart leier teenoor diê wat nog in hulle natuurlike omgewing woon.

Daar word nie oplossings aan die hand gedoen nie, daar word net begrip gevra, en tyd gegun aan 'n gemeenskap om sy probleme op sy manier op te los. Hy probeer dit duidelik stel dat die swart man in Suid-Afrika geheel en al verskil met die beeld wat die Europeër van hom koester, en dat selfs die blanke nie meer dieselfde is na 300 jaar op 'n ander kontinent nie. "... vind ik de Zuid-Afrikaner toch een ander mens dan de Hollander: hij heeft de levenswijze van de Engelsman, de sentiment van de Duitser en die humor van de Vlaming" (p.128)

Prof. Jonker stel dit duidelik dat die houding van die Europeër ook somtyds ons eie skuld is, omdat daar byna niks in Europa verskyn wat ten gunste van S.A. is nie. Nuus word tweederangs van Britse koerante soos "The Observer" en "The Guardian" oorgeneem - twee uiters Anti-Suid-Afrikaanse dagblaaie.

So 'n laaste stuiwer uit dié interessante boek: Prof Jonker beweer dat 'n groot aantal Suid-Afrikaanse studente (hy verwys na Teologie omdat dit sy vak is) in Nederland verder gaan studeer vanweë die gebrek aan materiaal in ons biblioteke. Soos hy self sê: "Ik begrijp niet dat die Zuid-Afrikaanse regering geen scheepsladingen boeke laat overkomen ter distribuering over de bibliotheken in het land". Dalk dink ons ook so - ons moet net wag tot ons skip kom!

Werk, en die beloning sal nie uitbly nie, dit maak nie saak of jy koring saai of boeke skryf nie, solank dit eerlike werk is en jy voel dat jy dit na jou beste vermoë doen, sal die beloning vir die sinne en die verstand ewe bevredigend wees. Hoe dikwels jy ook al faal, onthou, die mens is geskape om te oorwin. Die beloning vir iets wat goed gedoen is, is dat jy dit gedoen het. (EMERSON)

# briewe

Die kuns van briefskryf ontwikkel deur die jare sekere grille en net soos met enige mode verander die idees oor aanvaarbaarheid. Gereeld het daar boeke verskyn met volledige voorbeelde van briewe vir omtrent enige geleentheid onder die son. Op een tydstip was briewe streng formeel bewoord soos die volgende voorbeelde uit 'n bekende boeke "The correct guide to letter writing" by A Member of the Aristrocracy.

Unfavourable answer from a Father, to a Gentleman soliciting his Consent

The Beeches, Clapham
June 9th.

Dear Sir

It seems to me that you have been premature in speaking to my daghter as you have done, without previously learning my wishes on the subject. I am very much displeased with herfor giving you any encouragement, as she fully understood that it would be contrary to my views were she to do so; however it obliges me to tell you distinctly that I decline to give my consent to any engagement between you, and I am not likely to alter this determination.

I am, Sir, yours faithfully,
E. Lyon

From a Gentleman to a Lady to whom he is Engaged, confessing his Jealousy.

Royal Hotel, Ryde
August 26th

My Dear Rose,

Is it your intention to break off your engagement with me? I can only suppose it is so from the way you allow Mr Little to devote himself to you. It seems everyone is aware he is paying you more attention than, under the circumstances, you ought to receive from any man save myself. Either he is ignorant of the engagement between us, or he is dishonourable enough to act in defiance of it. If you have not sufficient regard for my feelings and for your own position as my promised wife, to put an end at once to any further acquaintance with Mr Little, you will understand that I resign all pretensions to your hand, but I should be sorry to think that you had changed so completely in the last few weeks as to care for me no longer. My sentiments have not altered towards you, in spite of all that has passed; and it rests with you to say whether you prefer Mr Little to myself. I shall of course abide by your decision, and remain,

Yours very truly,
HENRY BANKS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# uit die spens

KONYN IN TAMATIE

Mev B von Ehrenberg

Konynvleis is verkrygbaar by slagters en supermarkte.

Bestanddele

Tamatiesous: 4-6 groot tamaties; sout en peper; 3-4 eetlepels olyfolie; ½t Orego (Engels: Oregano); 2 lourierblare; tiemie; soet balsemkruid (Engels: Sweet Basil); bietjie suiker

Konyn

Een jong konyn van 1,8 tot 2 kg; sout; 4 huisies knoffel; ½t orego; olyfolie; 300g baie dun gesnyde repe spek; witwyn; sampioene.

Metode

Tamatiesous: Sny tamaties in kwarte. Geur met sout en peper en prut tot sag. Druk deur 'n sif. Verhit olyfolie in 'n oondskottel en voeg die tamatie daarin. Voeg die kruie en suiker by. Roer goed, sit deksel op en plaas in 'n matige oond vir 20-30 minute.

Terwyl die sous in die oond is, word die konyn voorberei en in 3 of 5 stukke verdeel. Die knoffel word in skyfies gesny en met die plat oppervlakte van 'n mes op 'n klam houtbord met sout bevryf. Bestryk die vleis met olyfolie; vryf dan in met die knoffel en bestryk weer met olyfolie. Strooi die orego oor die stukke. Wikkel 'n reep spek om elke stuk vleis; maak vas met garing of tou. Plaas die vleis in die warm tamatiesous en laat gaar word, (± 1 uur vir 'n jong konyn), kort voordat dit gaar is, word die spek met 'n kombuisskêr afgesny ten einde die vleis te laat bruin braai. As die tamatiesous sterk weggekook het, word dit met witwyn aangevul en verhit tot amper kookpunt. Geur volgens smaak. Sampioene wat in botter gebraai is, kan bygevoeg word.

Kapokertappels (of noedels), mengelslaai en 'n Roséwyn smaak goed saam met die konyn.

---

SUURROOMSOUS VIR SLAAI

Mej Jo Breed

1½k suurroom
1½k mayonnaise
2E asyn
½t sout
2t mostert
Sap van 1 suurlemoen
Paprika en rooi peper na smaak

Metode

1. Meng suurroom en mayonnaise.
2. Voeg sout by.
3. Meng asyn en suurlemoensap, en voeg dit bietjie vir bietjie by mostert, paprika en rooi peper tot 'n gladde pasta gevorm is. Roer geleidelik by suurroommengsel om gladde sous te vorm.

(Die resep was 'n treffer by die braaivleis, en etlike van die personeel het daarom gevra.)

RESEP VIR GESONDHEID

| | | |
|---|---|---|
| Eet minder | - | kou meer |
| Ry minder | - | loop meer |
| Dra minder | - | bad meer |
| Kommer minder | - | werk meer |
| Sit minder | - | speel meer |
| Praat minder | - | dink meer |
| Gaap minder | - | slaap meer |
| Mors minder | - | gee meer |
| Raas minder | - | lag meer |
| Preek minder | - | handel meer |

# van die buiteposte

## Landbounuus

Na 'n regte "tuisverlof" het beide mev Alet Fisher en mej Jeanetta du Preez teruggekeer om hulle pligte te hervat.

Vroeg in Meimaand kry Landbou 'n bindbeurt en daar sal vrugbare ure tussen die tydskrif rakke deurgebring word. Mnr Porter het ons verseker dat die bindwerk agterstand 'n bietjie afgewerk sal word.

Noudat die jool iets van die verlede is, is hier 'n kenmerkende akademiese stilte te bespeur op die stoepe waar die studente studeer.

Die week voor die vakansie het die studente baie stof kom uitneem wat hetsy gelees of ongelees terugbesorg is na die vakansie.

Ons groet vanaf die Oos-kampus met die byt van die winter in die lug!

---

## BMW

Het enige een van julle al gewonder hoekom party boeke se bestellings nie uitgevoer kan word nie? Op die boekaankondiging het gestaan: dat die boek geredigeer is deur:

H.Fritz Bach, M.D. and A.Robert Good - op die bestelkaartjie was dit as volg getik:

H.Fritz, M.D. Bach, A.Robert.
Helaas!

---

Wil jy iets gedoen hê, kies dan 'n besige man; die ander het nie tyd nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Onderstepoort

Aprilmaand was 'n maand van gebeurtenisse op Onderstepoort.

Ons het 'n nuwe geregistreerde personellid ryker geword. Haar naam is Vicky, en alhoewel sy 'n mooi sjokolade kleur het, is sy baie gewild by al ons gebruikers.

Mnr Duminy en mnr De Kock het ook al met haar kennis gemaak. Tot mnr De Kock se verontwaardiging het sy dit nogal gewaag om vir mnr Duminy te blaf! O ja, haar "van" is POEDEL.

Ons het ook soos buitemuurs 'n besonderse gebruiker gehad. Sy volledige besonderhede op die uitleenkaartjie het soos volg daar uitgesien:

| Datum | Klasnommer | Registernommer |
|---|---|---|
| | BVSc III | |

Outeur ...................................

Titel ...................................

Vervaldatum

| |
|---|
| 636.03 |
| 521 093 |
| |


Naam van lener ..........
Handtekening ............

'n Ander gebeurtenis is mev Hantie Nel se besluit om ons die einde van April vir tyd en wyl te verlaat. Sy gaan eers 'n paar maande rus, dan 'n maand of wat pajama-dril doen en as sy terugkom, gaan sy éérs werk!

Ons wens haar alle voorspoed toe vir die tyd wat voorlê. Vir die persone wat so gelukkig is om op ONDERSTEPOORT te kom aflos, sê ons baie welkom, en geniet dit!

Tot volgende keer

van ONDERSTEPOORT PERSONEEL



# Medies

Medies is tans besig met voorbereidings vir die trek na die nuwe Klinikalegebou by die H.F. Verwoerd Hospitaal.

Die biblioteek is reeds voltooi en slegs die ameublement ontbreek nog.

Mnr Johan Engelbrecht van Beplanning het kom hand by sit met die nodige meet en pas.

Intussen word tydskrifte bymekaar gesoek vir inbind en rakke reggepak.

Hopelik is ons, voor die winter regtig met ons is, in ons nuwe biblioteek en ons nooi almal by Merensky uit om te kom kuier.

Die dames by Medies het almal besluit om 'n paar dae verlof te neem om heerlik te rus voor daar met die trek begin word.

Mej Cora Malan het vir twee weke gaan uitspan op haar ouers se plaas naby Bethal. Ons het veral die koekblik vol tuisgebakte koekies verwelkom met haar terugkeer!

Mev Ingeborg van Wyk kuier by haar huis waar sy laat slaap en luilekker in die sonnetjie sit.

# uit die afdelings

## Beplanning

Die Afdeling Beplanning beleef moeilike tye. Ons moes aan die begin van die maand totsiens sê aan mnr Piet de Kock wat nou sy eie kantoor betrek het. Dinge is net nie meer dieselfde nie, Piet! Jy moet gereeld kom inloer, hoor!

Aan die einde van die maand verloor ons mnr Johan Engelbrecht wat 'n pos aanvaar het by Unisa. Baie geluk, Johan. Ons hoop jy werk lekker. Op die oomblik is Johan besig om by Klinies te help met voorbereidings vir die groot trek later vanjaar.

Ons geledere is nog verder uitgedun deurdat mnr Rolf Tönsing besluit het om 'n bietjie langs die Natalse kus te gaan uitspan. Hy verdien die blaaskansie noudat hy saam met mnr De Bruin die DOBIS-verslag voltooi het.

Intussen hardloop mev LORraine Erasmus se vingers 'n marathon-wedloop teen 'n 100 meter-wedloop se spoed oor die toetse van haar tikmasjien ten einde mnr Peter LOR se M-verhandeling betyds gereed te kry. Ons bewonder hulle "gLORious" poging.

Te midde van al die verwarring darem twee ligpunte: mev Ouneke van Wyk het verlede week haar Hons. B.Sc(Sielk)-graad op Potch gaan haal. Mej Jeanne Joubert het op 26 April haar B.Bibl.(Honn)-graad van UNISA ontvang. Baie geluk aan dié twee yweriges.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Ontsluiting

Baie geluk aan die twee nuwe graduandi wat deesdae in die Ontsluitingsafdeling werk. Mejj. Santie Gericke en Leonie Vorster het die status verwerf toe die B.Bibl.-graad aan albei toegeken is.

Mev Ria Visser se eerste groot vuurdoop is seker nou al agter die rug na die eerste maand se nuwigheid. Alles van die beste verder, Ria!

Nog steeds voer nuwe motors die botoon in die Afdeling. Dié maand het mev Anita Visser die gedeeltelike eienaar van 'n blinknuwe Audi geword, (haar man is die ander aandeelhouer!) en mej Leonie Vorster se droom, 'n blou Datsun het skielik haar besitting geword.

April was ook die eerste groot vakansiemaand, en die Ontsluiters het streep-streep gaan uitspan. Die interessantstes was seker die van mej Breggie Kotzé wat eers Bloemfontein toe was, en toe in die Blyderiviercanyon gaan stap het, en mev Dalena Stols wat twee weke Kaap toe was. Jammer die Weermag het eerste seggenskap op Herman gehad, Dalena!

Die van u wat verbaas was omdat heelparty van die dames die eerste Maandag in April so versigtig-versigtig by die werk aangekom het, en geweier het om enige iets swaarder as 'n pen op te tel ... ons het maar net met die harde werklikheid van 'n R.1-geweer te doen gekry. Party het nogal nie sleg gevaar nie! Aan ons mede-skutters in die ander afdelings - vasbyt solank vir die naweek van die 19e Mei. Gedeelde lot was nog altyd ligter as die volle kwota!

Mev Mathilda du Preez het besluit om deeltyds met kuikens te boer ... of so iets, want sy gaan vir die volgende vier maande by Onderstepoort help om presies te leer wat om alles te doen. Alles van die beste, Mathilda. Moet net nie oor vier maande terugkom en sê om met konyne te boer is 'n beter proposisie as die Merensky nie!


# Kelder

Mev Wilkes en haar familie het 'n week in die noorde van die Wildtuin gaan deurbring. Ons hoop en vertrou dat die terroriste prof Wilkes se Zoeloe of ander Ngunetale sal verstaan!

Die kelder lyk 'n bietjie slordig met al die uitgebreekte teëls maar ons vertrou dat die bouers en versekerings mense hulle geskille sal kan bylê en dat dit spoedig iets van die verlede sal wees.

Mev Rautenbach kan byna ook weer as een van die kelderspan gereken word aangesien sy gereeld die etenstyddiens waarneem.

"Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die Here rig sy voetstappe" Spreuke 16:9.




Die probleem is nie meer boekwurms nie maar boekboeke!

# 2de VLOER

Op 'n goeie Vrydagoggend was daar sommer heelwat meer lewe as gewoonlik op die 2de vloer. Almal het met groot verwagting die dag begroet. Die gewone Merenskydrag kon nie heeltemal die tekens van die feesgewade verberg nie - maar die eintlike ding wat die geheim verklap het, was die spyskaart wat so half-uit-sy-plek op 'n sentrale lessenaar gelê het. Die drukte waarmee daar by voorbaat gespekuleer is oor wie nou eintlik wat wil bestel, was kenmerkend: Sal dit skyfies wees - of is daardie suurroomsous dalk lekkerder? ( ... dalk is die skoon gebakte aartappel tog minder swaar op die gewete ...)

Diegene wat met verlof was, het ons sommer dáár ontmoet. 'n Lang tafel - groot genoeg vir almal - het ons begroet, sowel as borde voorbereide kos (groot genoeg om heelwat van die persoon daaragte te verberg!)

Met soveel dinge wat die aandag in beslag neem, het dit skielik begin stiller raak na die voorafgaande geskerts.

Die Vrystater onder ons het ons laat twyfel of die geografiese afstand tussen die Kaapse wynlande en haar land van oorsprong, nie dalk nog altyd verkeerdelik op die landkaart aangedui is nie, want die kennis en die smaak was baie oortuigend!

Ons bruidjie-van-gister het die fees verbly met 'n houertjie vol verleiding, wat die maaltyd só lekker afgerond het, dat elkeen sy gewete maar vir die oomblik op die agtergrond geskuif het. 'n Baie versadige groepie het net so "effens" laat by Merensky opgedaag. Almal was in 'n baie vrolike stemming - 'n stemming wat nie net toe te skryf was aan dit wat die blos op die wange veroorsaak het nie ...

# Tiksters

Die tiksterseksie het by die dag verminder. Mev Venter is verplaas na Toonbank. Ons hoop dat sy dit baie sal geniet. Mev Minda Meyer het besluit sy het twee weke nodig om 'n bietjie te rus, en moontlik 'n draai in die Bosveld te gaan maak. Mej Schoeman het ook nie op haar laat wag nie. Sy het besluit om 'n Skoolverlaterskamp op Batseloop by te woon.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Bindery

Mnr Julie Luüs en familie is vir die skoolvakansie Durban toe, heerlik!

Mnr Paul Erasmus het 'n paar weke uitspantyd. Ons hoop hy geniet die Vrystaatse plaaslug en sal uitgerus na sy verlof terugkom.

Mnr Nic van Vuuren was in die hospitaal vir 'n blindederm operasie.

# "Huiskoop"

"Huiskoop" is tans 'n baie aktuele onderwerp op die 2de en 3de verdiepings. Alle fases daarvan is vir die een of ander persoon van aktuele belang. Die geluk is dat iemand anders pas tevore, dié stadium beleef het wat tans dreig om iemand onder te kry, en dus ontbreek dit geensins aan raad en algemene onderskraging nie:

Mev Susan Swanepoel is tans nog aan die lot van die argitekte oorgelaat, en aan planne ontbreek dit glad nie. Mev Cora Moolman is al half deur die diepe waters - hulle pleister al ...

Mev Ria van Zyl het besluit dat daar dalk tog voordeel lê in die feit dat die bekommernisse wat met 'n bouery gepaard gaan, met gemak uitgeskakel kan word; hulle soek dus na 'n klaar huis - en haar idee van die "gemak" van die saak, het ook al 'n nuwe dimensie gekry.

Mevv Elbie van Wyk en Ingrid Smith betrek eersdaags hulle nuwe huise en mev Christel van Waesberghe het al gevorder tot by die tuinstadium. 'n Wonderlike kringloop van aspekte wat mens skielik laat kennismaak met dinge wat jy nooit geweet het bestaan nie!

Alle voorspoed met die bestaande en voorgenome huiseienaars. Die volgende stap kan dalk wees, 'n tuinbourubriek in Biblikasie ...

VAN WOONSTEL NA HUIS

Monuko en Elna du Plessis het een van die grootste wense van 'n jong getroude paar verwesenlik toe hulle onlangs in 'n huis van hulle eie ingetrek het. Ons hoop hulle geniet die gegrawery in die grond asook die ruimte, wat seker baie welkom is na die beknoptheid van die woonstel.

Mag julle vele gelukkige jare in die nuwe huis ondervind.

# gelukwense

Baie geluk aan mej Chrissie Potgieter met haar verlowing aan mnr Blikkies Blignaut, hoop julle pad vorentoe is letterlik met rose besaai.

Mej Ingrid Orban het een en almal in Merensky skoon onkant betrap met die heerlike nuus van 'n trouery wat op hande is. Sy hoef trouens niks te gesê het nie - want die vreugde in haar oë het haar geheim verklap.

Ingrid, ons is saam met jou só bly - en ons ag jou Henry Smith 'n baie gelukkige man.

Mag julle saam baie vreugde en voorspoed beleef.

VERJAARSDAE

2 Mej Marie Nortjé - Africana
3 Mev E Smal - Aanskafafdeling
4 Mev Marietjie Verster - Toonbank
6 Mnr Rolf Tönsing - Beplanning
7 Mnr Peet van der Merwe - Vakbibliotekaris
8 Mej Mariëtte Bothma - Toonbank
10 Mnr Peter Lor - Beplanning
11 Mnr W W Duminy - Adjunk-Direkteur
14 Mev Marie Willemse - Voorklinies
15 Mej D Malan - Voorklinies
18 Mev Mercia Neitz - Buitemuurs
19 Mev R Roux - 2de Verdieping
24 Mev Cora Moolman - Vakbibliotekaresse
27 Mev Elsa Cronje - Vakbibliotekaresse
Mev M Meyer - Ontsluiting
30 Mev S du Toit - Voorklinies

# redaksie:

| | | |
|---|---|---|
| Redaktrise | - | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | - | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | - | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | - | Mev M-L Erasmus |
| Medewerkers | - | |
| Beplanning | - | Mej J Joubert |
| Aanskafafdeling | - | Mev E du Plessis |
| Bindery | - | Mnr C F Buys |
| Leendienste | - | Mev M Verster |
| Ontsluiting | - | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | - | Mnr J Davies |
| Tiksters | - | Mej C Potgieter |
| Tydskrifafdeling | - | Mev B Gunter |
| Vakbibliotekaresse- en assistente | - | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | - | Mev H Nel |
| B M W | - | Mev M Willemse |
| Medies | - | Mev A van der Watt |
| Landbou | - | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | - | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | - | Mev B von Ehrenberg |
| Fotograaf | - | Mnr P de Kock |
| Fisiese Versorgers | - | Mej W Shipman |
| | | Mnr W Porter |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# welkom



Mev Ria Visser - Hoof van
Makro-ontsluiting



Mev Joyce Botha
Algemene Administrasie



Mnr J C du Preez
Kleingeld

# geluk!




Mev Ingrid Smith
Vakbibliotekaresse



Mev René Roux
Vakbibliotekaris-assistent

# totsiens



Mnr Johan Engelbrecht
Beplanning

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# SKENKING van die FRANSE AMBASSADE



v.l.n.r.: Prof L Peeters: Dept. Frans, U.P.
Prof M Nusimovici: Franse Ambassade
Prof E D Gerryts: Direkteur Biblioteekdiens

## SKENKING VAN BOEKE DEUR FRANSE AMBASSADE

Die Franse Ambassade het onlangs 'n skenking van werke van Jeanne Jacques Rousseau aan die Merensky-biblioteek oorhandig. Dit is 'n kritiese uitgawe wat teksvariante en kommentaar bevat, en is deur Marcel Raymond geredigeer vir die Bibliothéque de le Pléiade-reeks.

Die uitgawe in vier dele vul 'n leemte in die voorraad Franse boeke, siende dat daar nog nooit 'n voortreflike uitgawe van Rousseau se werk op die rak beskikbaar was nie. Die departement kan dit nou oorweeg om Rousseau in die kursus in te sluit.


Die res bestaan uit die briefwisseling van Baudelaire, versorg deur Claude Pichois. Die notas en biografiese inligting is 'n onmisbare bron van hulp vir honneursstudente.

Die skenking vul 'n groot leemte ten opsigte van navorsingsmateriaal veral vir gevorderde studente.

Die skenking is oorhandig deur prof M Nusimovici die kulturele attaché van die Ambassade.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## BMW- en KLINIESE BIBLIOTEKE HERDOOP.

Met die totstandbrenging van 'n nuwe biblioteekbedeling vir U.P. teen die helfte van 1975, is onder andere gemeld dat een gesentraliseerde biblioteekdiens op die grondslag van 'n duidelik geformuleerde biblioteekbeleid vir die hele universiteit ontwikkel moes word. Riglyne vir die beleid is op grond van 'n verslag deur die Universiteitsraad se "Ad hoc Beplannings- en Advieskomitee in verband met Biblioteekdienste aan die Universiteit" deur die Raad neergelê en die verband tussen hoofbiblioteek, takbiblioteke en satellietbiblioteke is aangedui. Stappe om die Biblioteekdiens op 'n nuwe beleidsgrondslag te plaas, was in die eerste plek op die hoofbiblioteek gerig en is, namate verbeterings in fisiese fasiliteite by tak- en satellietbiblioteke bewerkstellig kon word, ook daarheen uitgebrei.

Die implementering van die nuwe biblioteekbeleid (soos o.a. reeds in beleidsreglemente vervat) is wat die Mediese kampus betref ongelukkig baie vertraag en kon o.a. vanweë die fisiese fasiliteite by die Kliniese biblioteek nie onmiddellik ten volle toegepas word nie. Na die vergroting en modernisering van die BMW-biblioteek kon dienslewering aan die Fakulteit Tandheelkunde wel meer aandag geniet en het mev M Willemse as vakbibliotekaresse vir Tandheelkunde in daardie verband reeds waardevolle werk verrig. Sake soos die konsekwente toepassing van verskillende beleidsaspekte en skakeling met die Kliniese Biblioteek moes egter nog aandag geniet.

Met die oog daarop het mej A Pienaar op versoek van die Topbestuur die groot taak op haar skouers geneem om ons dienste op die Mediese kampus sorgvuldig te rasionaliseer en om veral aandag aan die verband tussen BMW- en Kliniese biblioteke te skenk. As uitgangspunt is gestel dat die bestaande Kliniese biblioteek as die hoof Mediese biblioteek op die Mediese kampus beskou moet word en dat die bestaande BMW-biblioteek hoogstens as 'n satellietbiblioteek van die bestaande Kliniese biblioteek behoort te funksioneer.

Mej Pienaar se eerste uitdaging was om alle aspekte rakende die funksionering van die BMW-biblioteek te rasionaliseer in die lig van eerstens, die toepassing van alle reeds aanvaarde beleidsreglemente en tweedens, die beoogde nuwe verbintenis met die Kliniese biblioteek. Voortspruitend uit haar ondersoek het verskeie interessante bevindinge reeds topbestuur se aandag geniet en is stappe gedoen om o.a. die Departement Verpleegkunde by die nuwe mediese biblioteek in te skakel; ernstige leemtes in die versameling van die BMW-biblioteek voortaan sis-

vervolg/.. ..



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

tematies aan te vul; onnodige duplisering tussen die BMW- en Kliniese biblioteke (veral t.o.v. die intekening op en hantering en inbind van tydskrifte) uit te skakel; gedupliseerde reekse by genoemde twee biblioteke te konsolideer en om alle beskikbare biblioteekruimtes en -personeel op die mediese kampus optimaal ten behoewe van albei biblioteke aan te wend.

Intussen is die nuwe mediese biblioteek feitlik gereed om betrek te word. Sodra dit gebeur, sal die personeel onder leiding van mej Pienaar alles in hulle vermoë doen om ons biblioteekbeleid, soos dit op die hoofkampus en ander kampusse geld, ook op die mediese kampus toe te pas.

Dit is 'n goeie gebruik om name en byname ooreenkomstig eienskappe en eienaardighede toe te ken. Wat ons dienste op die mediese kampus betref, sal die ou Kliniese biblioteek binnekort glad nie meer bestaan nie. Gelukkig is 'n plaasvervanger gebore - en sal die nuwe takbiblioteek op die Mediese kampus bekend staan as die Mediese Biblioteek. Eweneens is die jare van 'n onafhanklike BMW-biblioteek verby. Dit staan voortaan bekend as die Voorkliniese biblioteek en sal in alle opsigte as 'n satellietbiblioteek van Mediese Biblioteek funksioneer.

Ons waardeer wat ons personeel op die mediese kampus reeds bereik het en wens hulle graag alle sterkte toe vir die veeleisende skof en uitdaging wat voor die deur staan.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

## DIE OMGANG MET BOEKE

Die sieke wat 'n geneesmiddel in sy sak ronddra, hoef nie bejammer te word nie. Hoe ek met boeke omgaan en die voordeel en genot wat ek uit hul put, bewys dit. Ek geniet my boeke, soos 'n vrek sy skatte, deur te weet dat hulle altyd daar is om te gebruik. Hierdie besitreg stel my tevrede en stem my rustig.

My biblioteek is reg bo die ingang van my huis, en wanneer ek tuis is, is ek maar gedurig daar. Van hier af kan ek oral in my huis en my tuin sien. Hier kan ek van die een boek na die ander gaan en rustig daarin rondblaai, na gelang van my stemming of behoefte.

Ek gaan nooit op reis sonder 'n boek nie, maar daar gaan soms maande om dat ek hulle nie oopmaak nie. Die blote wete dat hulle daar is om my afleiding te gee wanneer ek dit nodig het, is vir my genoeg.

Veral nou, in my ouderdom, vul hulle my leë oomblikke, vertroos my in my eensaamheid en red my van vervelige geselskap. Hulle versag die pyn, as dit nie te erg is nie. Hulle verstoot my nooit. Hulle is nooit jaloers as ek hulle soms verbygaan en ander afleiding soek nie. Hulle ontvang my altyd weer met dieselfde hartlikheid en begrip.

Michel de Montaigne.

# drama



## OPVOERING: VYFLING

Die Departement Drama van die Universiteit van Pretoria is van voorneme om vanaf 20 Junie tot 8 Julie 1978 die DRIE voorgeskrewe dramas, te wete DIE HEKS van C L Leipoldt; OORLOG IS OORLOG van J F W Grosskopf en LAAT DIE KERSE BRAND! van Gerhard Beukes, wat as Hertzogpryswenners vir drama opgeneem is in VYFLING deur T T Cloete, op die planke te bring onder spelleiding van HANNES HORNE.

Hierdie drie kort stukke sal in een opvoering deur ons seniorstudente aangebied word in die Dramadepartement se teater, DIE MASKER, h/v Tindall- en Lynnwoodweg, op die oos-kampus van die Universiteit van Pretoria.

Weeksdae sal daar daagliks TWEE opvoerings wees. Die middagopvoering sal om 14h30 'n aanvang neem en die aandopvoering om 20h00. Saterdae sal daar DRIE opvoerings wees. Die oggend om 10h00; die middag om 14h30 en die aand om 20h00. Die aanbieding geskied in arena en die maksimum aantal sitplekke in die teater per opvoering is 200.

Die Departement Drama van UP het die afgelope paar jaar 'n opvoedkundige teaterbydrae probeer lewer vir primêre skole met 'n jaarlikse Kinderteater. Daarom het ons dit goed gedink om in 1978 die Transvaalse Afrikaanse voorgeskrewe dramas vir Matriek op te voer en sodoende aan alle matrikulante van Transvaal die geleentheid te bied om die voorgeskrewe werke in opvoering te beleef.

## KENNIS

Dra jou geleerdheid, soos jou horlosie, in jou binnesak en moet dit nie uithaal net om te wys dat jy dit het nie.

Lord Chesterfield.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Het jy al by Boerneef gekuier?

Het jy al by Boerneef gekuier? Saam met hom Boplaas platgeloop, skape opgepas in die Kro, 'n vleisie saam met hom en die nimlike Dirk Ligter oor die kole gebraai, of in die stad geluister as die Kleurling sy verlange uitsing met

My hart is seer oor die jong bokkie,
die trane die rol oor jou, bokkie?

Kan jy die lekker van lank-onthou se kindertyd voel as hy sê van

Boplaas het weer toegeval
van wit kapok en dik kapok
soos in jou vroeë kindertyd.

Dit was dae van bakstaan by die gerwe ry en trap - harde werk, maar nog genoeg geleentheid om 'n poets of twee uit te dink, soos hy in stories soos Kropvasmaak en Lipstrop vertel.

Was dit die Sondagdiens op die plaas wat gelei het tot

Die gemeinte sing 'n vaste burg
my stem die klink na niks
'n lied vir die ou en nuwe jaar
my note is bra onfiks
ek moet maar sagrag boslangs brom
anders kan daar dalk moleste kom.

Het jy al saam met Boerneef gesing van

die berggans het sy veer laat val
van die hoogste krans by Woeperdal
my hart staan tuit al meer en meer
ek stuur vir jou 'n berggansveer
mits dese wil ek vir jou sê
hoe diep my liefde vir jou lê -

of van

Aandblom is 'n wit blom
Aandblom is 'n bloedrooi vers
hartblom is my meisie
ek en sy by die opsitkers ...

en die slag toe hy vir die meisie gaan kuier het en sewentien uur alleen te perd moes ry, - was daar dalk in sy knapsak

'n Slopie droëvrugte
die warejakobsoort
'n handvol springbokbiltong
gekerwe soos dit hoort
gekookte skilpadeiers
uit Gam se tint gevat
en 'n stywe knapsak krokos
versukkereer jou vir die pad.

Al ooit saam met Boerneef in die stad geloop en kyk na die

Varkleerbaadjie en klinknaelbroek
ek is Baaiplek se skorriekoning
styfspanblous en nog stywerspanbroek
sy's my morrie my morriedoring ...
van Baaiplek se baie pare
raasbekskorrie en morriesnare ...

Dalk voel die ou van hierbo bietjie later soos Boerneef verder vertel

Na vrolikheid kom olikheid
aikôna jy met kappituit
ek is vanoggend blerrieblus
daars 'n doodsvlies oor my oë ...

seker 'n gevoel wat nie net altyd aan Baaiplek se skorriekoning toegedig kan word nie!

Of het hy jou al vertel van

Jy's man alleen
jy bly alleen
en speel jou flottina op 'n Saterdagaand
klawer hom hier
klawer hom daar
bietjie pilsier op 'n maanskynaand
maar later hoe alleniger later
niemand ken doepa vir allenigheid later
jy word stiller al stiller en doodstil
later

Of as die ouderdom werklikheid word en die sederbergse wonderbossiebos wil nie meer help teen die verlang nie, gaan maak ons vir oulaas 'n draai in die Karoo met

die dagbreek tintel deur die ouderdom
Swartrugseberg staan donker teen die rooi-
dagrooi
'n oomblik net verbeel 'n ou man hom
hy sien die Krovlak oers oopbars en blom

Kom kuier saam met my, en kom maak sommer 'n draai by oom Frans Weltevrede, Ollie Toebeursie en oom Hans Rondemagie op die kerkbasaar. Daar is nog vyf slonspampoene en 'n rou beesvel wat opgeveil moet word!

# uit die spens

Mev Manda Lang

1 Hoender in porsies gesny
2 groot gesnyde tamaties
2 groot gekapte uie
4 repies gekapte ontbytspek
¾K pitlose rosyne
1K soet rooiwyn
½K kookwater

Plaas hoenderporsies in bakskottel en kruie na smaak.

Voeg al die ander bestanddele by. Besprinkel met botterstukkies en bak ± 2 uur in medium oond met deksel op. Verwyder deksel ± 30 min. voor gereg opgedien word.

Hierdie gereg belowe, om, saam met tafelwyn bedien, sommer 'n groot sukses van jou Sondagmiddagslapie te maak!

VERJAARSDAE - JUNIEMAAND

1 Mev Alma Cronje - Africana

5 Mev Maretha Kuhles - Toonbank

8 Mev Elbie van Wyk - 2de Verdieping

13 Mej Rita Badenhorst - Vakbibliotekaresse

17 Mev Elwena Theron - Tydskrifte
Mej Alna Jordaan - 3de Verdieping

22 Mnr Jaap Taljaard - 1ste Verdieping



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TWEE LEWENSREëLS

Leer om streng teenoor jouself te wees en tegemoetkomend teenoor andere, dan sal jy nooit afkeer verwek nie.

Wanneer jy 'n goeie man sien, probeer om sy voorbeeld te volg; wanneer jy 'n slegte man sien, ondersoek jouself vir sy foute.

Confucius.

# Opname van Rakbesetting- 31 Januarie 1978

Ons stywe knieë en seer arms van 31 Januarie lê al ver in die verlede, maar hier is uiteindelik enkele resultate van al die arbeid met die maatband en potlood.

Voorlopige syfers vir die beraamde aantal items (plate, oudiovisuele materiaal, regeringspublikasies, ens. uitgesonder) in die Hoof- en die takbiblioteke is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Boeke | : | 426 761 |
| Gebinde tydskrifte | : | 244 691 |
| Los tydskrifnommers | : | 592 995 |

(Bogenoemde syfers is nie finaal nie, aangesien items in studiehokkies en op tafels en trollies tydens die opname nog nie hierby in berekening gebring is nie.)

In 'n vergelyking tussen die takbiblioteke en Merensky-biblioteek blyk dit dat die gesamentlike boekevoorraad van die takbiblioteke ongeveer 15% van die totale voorraad beloop. Hierdie syfer verdubbel egter wanneer die gesamentlike tydskrifvoorraad van die takbiblioteke in aanmerking geneem word, naamlik 31%. Van al die takbiblioteke toon die ou Mediese Biblioteek die hoogste algehele rakbesetting (63,4%) met die Musiekbiblioteek (60,6%) kort op sy hakke. In Merensky-biblioteek is die algehele rakbesettingsyfer vir Africana die hoogste, naamlik 54,3%, gevolg deur die tweede vloer (50,2%).

'n Ander interessante feit is dat die totale rakbesetting van Merensky-biblioteek en die takbiblioteke amper 18 km beloop.

Die algehele rakbesetting vir die Biblioteekdiens as geheel beloop 47,7%. Hierdie persentasies is egter misleidend omdat dit nie moontlik is om die biblioteekmateriaal eweredig oor alle beskikbare rakruimte te versprei nie.

Bowendien word 'n algehele besetting van ongeveer 80% reeds as volle besetting beskou.

Baie dankie weer eens aan almal wat behulpsaam was met die opname. Sonder u hulp sou die opname nie binne een dag afgehandel kon word nie.

# Hoe ry die Boere sit-sit so---!

Mev Ria Viviers en haar man was gedurende April na die Ooste. Sy het met 'n skat van ervarings teruggekom, en het die volgende te vertel.

In Nasionalistiese Sjina is die mense geweldig beangs oor kommunisme. Daar is by geleentheid 'n ooreenkoms onderteken wat daardie mense vir 99 jaar gevrywaar het van kommunistiese oorheersing. Die tyd is nou byna verstreke en die vraag wat op hulle lippe is, is "wat nou?"

Nasionalistiese Sjina is 'n kopersmekka vir toeriste - handwerk en juweliersware is daar te kus en te keur. Die mense woon in enige ding: Sampans, woonstelle, huise, sinkhuisies in die middelste baan van die snelweg - enigiets en oral.

'n Groot deernis gaan uit vir hierdie mense, omdat hulle so leef met 'n swaard oor die kop, en hulle het geen godsdienstige vastigheid nie. Boeddisme is die algemene vorm van godsdiens wat beoefen word. Dit is egter meer 'n ritueel sonder diepte; 'n filosofie wat berus op die idee van goed doen.

Japan staan in die teken van absolute tegnologiese vooruitgang. Dit stimuleer weer 'n groot nasietrots - iets wat verder verfyn is deur die feit dat die gesin vir elke moeder die primêre posisie inneem en dat sy haar onverdeelde aandag daaraan wy. Die hegte familielewe gee ook daartoe aanleiding dat Japan die laagste misdaadsyfer in die wêreld het. Daar vind mens ook die vroulikste van vroue en 'n pragtige natuurskoon.

Interessant is dit dat daar in Japan geen statusverskil voorkom nie. Solank elke persoon sy werk goed doen, word hy as 'n spesialis op daardie terrein beskou. 'n Busbestuurder verdien ± 16,000-20 p.j. - Hy is bepaald 'n spesialis as mens die feit in gedagte hou dat hulle die land met die laagste ongeluksyfer te wêreld is ...

In Taipeh (die voormalige Formosa) kom 'n mens vir die eerste keer werklik onder die indruk van die Oosterste boukuns. In die pragtige Karokavallei, tussen die ryslande en oral sien jy die pagodas staan. Ten spyte van algemene armoede is die mense besonder vriendelik en hoflik.

In Thailand is dit warm. Daar heers 'n besondere stilte as gevolg van die feit dat die huisies op stelte in die water gebou is, en daar dus weinig verkeerslawaai is. Praat van die water: dit dien vele doele: Daarop bly jy, daarmee ry jy, daarin was jy en daarvan drink jy. - En jy eet van die heerlikste vrugte denkbaar, want dit is volop.

In Thailand ervaar mens ook 'n sterk gevoel van nasietrots - dit word verder weerspieël in die vriendelikheid van die mense wat jou gemoed net so warm stem as wat die son jou liggaam laat.

Israel siën jy nie, jy voel dit. Die bepaalde atmosfeer is onmiskenbaar daar. Is dit moontlik as gevolg van die feit dat elke sentimeter grond met bloed verkry is? Vir elke Christenmens is dit 'n besondere belewenis: jy word terug verplaas in die tyd van Christus, en oral staan daar nog lewende monumente uit dié tyd.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die Tuin van Getsemané is aangrypend. Die ou olyfbome spreek jou aan. By 'n meningsverskil wat ontstaan het aangaande die feit of daar wel na Christus se graf gewys word, is gesê dat dit nie belangrik is of dit wel dié graf is nie. Dit is wel belangrik dat Hy opgestaan het. Baie aangrypend is dit as mense van verskillende wêrelddele in alle tale, maar verenig in hulle geloofsoortuiging, kan saamsing "By die Kruis wil ek bly ..."

Die vraag ontstaan of die saadjie van durf en uithouvermoë nie reeds lank gelede ná die voorval by Massada by die Israelse volk ontkiem het nie. Van daar af het die gesegde ontstaan: "We shall never fall again."

Dit was werklik 'n goeie afsluiting van 'n wonderlike toer, en mens kom met groot piëteit terug na jou eie, wonderlike Suid-Afrika - bly en dankbaar om te kan woon en werk in 'n land wat vir jou soveel geleenthede en 'n goeie toekoms bied.

# van die buiteposte

## Landbounuus

Hier op die ooskampus is dit die ene bedrywigheid. Die uitgrawings van die nuwe opvoedkundegebou en die aanbouings by die kafeteria van Huis- en Haard laat die stof staan!

Die xeroxmasjiene werk oortyd, want die wintereksamens begin vroeg in Juniemaand. Ook in die leesruimtes is 'n stilte te bespeur wat toe te skryf is aan die akademiese drukte. Tussen alles deur het ons geslaag om die bindwerk in gereedheid te kry.

Die landboustudente is in hulle skik met die nuwe proefplaas wat aangekoop is naby Bapsfontein. Dit sal bekendstaan as die Hoëveld proefplaas. Om die afstand van 20 kilometers vanaf die landboubiblioteek na die nuwe proefplaas te oorbrug begin ons dink in die rigting van 'n "rondreisende biblioteek". Vanweë die heersende ekonomiese toestande kan die "melklorrie" dalk ook in die behoeftes van 'n boekwa voorsien! Ons groet vanuit die landboubiblioteek.

---

Ons maak beloftes volgens ons hoop, maar hou hul volgens ons vrees.

As ons self sonder foute was, sou ons geen vreugde uit dié van andere kon put nie.

Die goeie wat die waarheid doen, kan nie opweeg teen die kwaad van die skynwaarheid nie.

La Rochefoucauld.

---

## Uit die middestad

Dit gebeur soms dat die oomblik wanneer jy begin afsluit om huis toe te gaan, daar nog iemand is wat gou-gou iets wil fotostateer of uitneem. Gewoonlik was daar dan ook niemand die vorige uur of twee nie. Veral op 'n Saterdagmiddag.

So het dit met my gebeur dat 'n gebruiker my so 'n Saterdagmiddag dan ook vra hoe laat ons Sondagoggende weer begin!

Hulpvaardigheid is die wagwoord. Ons moet help. Dadelik het ek begin dink. Ons leef mos in die tyd van die rekenaar. En as ons nie eens meer maan toe wil gaan nie omdat dit nie meer 'n uitdaging is nie, moet daar 'n manier wees om hierdie studente te help.

Ek het toe sô gedink. Ons ontwerp 'n rekenaar wat die volgende moet kan doen: Hy moet alle boeke wat die biblioteek het, in onderwerpe geklassifiseer hê. Daarbenewens moet hierdie boeke in rang van belangrikheid georden word. Dit sal die saak vir die student soveel makliker maak. Verder moet hierdie boeke ook nie boeke in die ware sin van die woord wees nie: Veel eerder moet dit opsommings daarvan wees waarin die hoofmomente saamgevat word. Hierdie gegewens moet in die brein van die rekenaar gestoor word sodat dit by die druk van 'n knoppie dadelik leesbaar word op 'n skerm soortgelyk aan diê van 'n televisiestel. Die student kan dan vanuit sy eie huis met die biblioteek (met behulp van sy huishoudelike rekenaar) in verbinding tree. Hy druk dan die kodes van die betrokke onderwerp en siedaar!, al die inligting verskyn op sy skerm by die huis. Natuurlik is hierdie stelsels nie gebonde aan biblioteekure nie, wat dit vir studente moontlik maak om selfs Saterdagaande of Sondagmiddae hulle referate te doen.

En moenie vergeet nie: Alle take en referate wat al oor hierdie betrokke onderwerp ingehandig is, moet asseblief ook op hierdie manier beskikbaar gestel word!

Hierdie stelsel sal sy nade ook hê. Dink maar net aan die klasgelde wat heelmoontlik weer sal verdubbel. Aan die ander kant sal hierdie "studente" dit ook nie agterkom nie, want die bedrae wat huidig aan fotostate spandeer word as gevolg van swak klasbywoning, beloop alreeds 'n aardige bedraggie.

Mens wonder of so 'n stelsel werklik die studente tevrede sal stel. Dalk verwag hulle van mens op die ou end om 'n paar take oor 'n bepaalde onderwerp gereed te hou by die toonbank sodat hulle net hulle registrasienommers bo-aan en handtekenings onderaan kan plaas vir goedkeuring.

## Beterskapwense:

Ons wil ook langs hierdie weg aan mev Du Toit wat tuis aansterk ná 'n operasie, voorspoed toewens. Ons bid haar en mnr Du Toit alles wat mooi is toe.

Ons dink ook aan mev M Neitz se moeder wat op die oomblik ernstig siek is in die hospitaal. Mag daar gou beterskap intree!

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Moenie lag vir diegene wat min weet nie, want elkeen van hulle weet iets wat jy nie weet nie.

Sigeunerspreuk

## Onderstepoort

Hier by ons op Onderstepoort gaan dit nog klopdisselboom. Mev Mathilda du Preez is al heeltemal ingeburger. Sy het al die nuwe kalfies gaan besoek (en is amper opgelek deur hulle). Sy het ook al 'n draai by Geneeskunde en Chirurgie gemaak. Mathilda het nogal lanklaas gesê dat sy haar werk by die Merensky mis. Miskien word sy nou 'n regte plaasjapie!

Ons fotostaatmasjiene en studieruimte word in die jongste tyd druk besoek deur ons studente. Hulle het seker besluit hulle sal moet begin "swot"! Die jaar is al amper weer halfpad verby.

As ons na die honderde aanvrae kyk, wil dit blyk asof die dosente besluit het dis hierdie jaar die tyd om hulle tesisse te voltooi. Ons tydskrifte is ondertussen na die binders en nou is dit maar 'n probleem om al die artikels in die hande te kry. Ons hoop mnr Porter speel sommer gou met ons tydskrifte klaar!

Alles van die beste tot volgende maand!

## Musiek

"O treurigheid op note
Ons staan op musikale afskeidspote ... "

Na bykans drie en 'n half jaar in die musiekbiblioteek verlaat mev Cecile Coertze ons op 30 Mei om haar volle aandag te skenk aan tuiste, tuin en telg. Laasgenoemde se opwagting vind iewers in Augustus plaas. Ons hou duimvas dat alles goed sal afloop en dat ouers en kleinding mekaar gou en goed sal vind.

Op akademiese front gaan dit onstuimig tussen al die toetse en take deur, maar wat, die einde van Junie is gelukkig om die draai, dan kan ons weer asem skep.

# uit die afdelings

## Beplanning

Die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling gaan 'n rare situasie tegemoet: ons sal binnekort twee graswewenaars hê!

Mnr Peter Lor het sy M-verhandeling voltooi en stuur sy vrou en seun op vakansie sodat hulle kan rus. Mnr Rolf Tönsing pak die saak effens ander aan: hy stuur sy vrou en kinders by voorbaat op vakansie (oorsee!) sodat hy aan sy M-verhandeling kan werk.

## 3de Verdieping

Sou u graag die pos van vakbibliotekaris wil beklee? Spoor tien boeke en/of tydskrifartikels oor die volgende onderwerpe op:

1. Beesmis as brandhout.
2. Lascaux grotte in Frankryk en die mense wat hulle beskilder het met die "heilige diere"+
3. Konstruksie van die Verrazano Narrows Bridge.
4. Dorfgeschichte en Bauernroman.

Die beloning op u arbeid, 'n bedankingsbriefie;

Juffrou X,

Vreeslik dankie vir u moeite en hulpvaardigheid. Dit help baie in vandag se lewe.

Student Y.

## Toonbank

"Nuwe besems vee skoon" en dit het Toonbank wel deeglik besef. Mev Denise Wheeler het besluit dat al die ou vergeelde aanmanings eens en vir altyd afgehandel moet word. Interbiblioteeklenings sou selfs kom aflos sodat ons al ons aandag aan die "projek" kon gee.

Alle ou rekords is uit die kardeks en hoofuitleenrekords onttrek. Al hierdie 1 077 kaartjies is teen die rakke gekontroleer. Gelukkig kon 324 opgespoor word maar die ander moes per brief aangemaan word. Die "projek" is nog nie afgehandel nie, want IBL was skoon bleek en voetseer na hul ervaring van normale diens by Toonbank. Danksy mev Attie de Frey se fenominale werkvermoë kon ons IBL se hulp ontbeer en die "projek" sommer so tussenin inpas. Al wat oorbly is dat mejj Mariëtte Bothma en Magriet Bruyns by Administrasie sal probeer om adresse te vind vir die 110 adreslose kaartjies.

Ons hartlike dank aan almal wat so hard gewerk het om hierdie projek so ver te voer. Toonbank hoop natuurlik dat mev Wheeler en mnr Otto nie nog sulke takies vir ons sal beplan nie. Ons is eintlik besig genoeg net met gewone roetine werk en bediening!

## Grondverdieping

Op die Grondverdieping gebeur daar tog altyd interessante dinge!

As mej Magriet Bruyns ons nie skoon op hol het oor die terroriste wat hul plaas in die Noord-Transvaal bedreig nie, dan kom mev Marietjie Verster soos 'n arabiese prinses hier opgetooi (maar nie vir lank nie!). Sy het verkies om die tulband liewer te verruil vir haar natuurlike kleur hare. Die poging tot "highlight" effekte was nie so geslaagd nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mev Irene Venter hou ons op en wakker met al die kenwysies wat sy vir ons sotto voce voorsing. Sou dit dalk wees waarom mej Mariëtte Bothma ons so onverwags oorval het met haar verlowing? Ons wens vir Mariëtte en Tinus baie hartlik geluk, maar ons wonder of Tinus weet van die "Night Fever"?

Mej Susna Hurn is toe Vrydagaand met Marthinus Höll in die huwelik bevestig. Ek glo ons het almal na ons asem gesnak toe die bruidjie haar verskyning gemaak het. Ook aan Susna en Marthinus ons hartlike gelukwense vir moei jare vorentoe.

Moenie dink dat G.V. nie ook sy opwinding het nie. Behalwe dat ons soms twyfel aan mej Ansie Nolte se "mediese" behandeling wat sy ondergaan, wil dit voorkom asof Hein se teenwoordigheid net die regte medisyne vir haar is.

Is daar enige persoon wat aspirasies het om 'n TV ster te word? Vra net vir mnr Michiel Strauss. In elk geval Giel, ons is trots op jou vertoning tot dusver, hou so aan!

# Ontsluiting

Saam met die stewels, swaar-opstaan en sneesdoekies wat die winter ingelui het, is die laaste klompie vakansiegangers ook terug by die Merensky. Mev Amke de Jager het saam met haar gesin die laaste bietjie somer uit die jaar op Warner Beach gaan haal. Ongelukkig het Pieter, haar seuntjie, se skoene soveel van die see gehou dat hulle die De Jagers alleen terug gestuur het Transvaal toe - 'n ontstellende ontdekking wat eers gemaak is die aand voor die skool weer sou begin. Die gevolg - Ma en Pa se ontsteltenis het gou in 'n lagbui verander toe Pieter ewe doodluiters met sy wit "tekkies" skool toe is - en die middag 'n paar nuwe skoene ryker geword het.

Intussen bereik die motorbestuurkoors sy hoogtepunt, en sal mevv Manda Lang en Anita Visser seker binnekort met hulle lisensies kan spog. Gelukkig vir hulle sit die grys hare wat met die leer saam gekom het, op hulle leermeesters se koppe. Manda erken dat sy 'n voorliefde vir motors se buffers ontwikkel het - veral as dit Cressidas is, terwyl Anita lang draaie óm die nuwe Audi ry.

Mev Heléne Fourie het ook 'n draai by die see gaan maak - en vasgestel hoe lyk Shelley Beach deur 'n reëngordyn. Gelukkig het hulle net betyds terug gekom, want 'n uur nadat hulle weg is, het die pad so verspoel dat hy gesluit moes word.

Mevv Leonie van Wyk, Amke de Jager en mej Manda Mörsner gaan so vir twee weke êrens tussen Medies en Voorklinies werk. Hulle gaan help met die oorplasing van die Verpleegkundeboeke na die nuwe Mediese biblioteek. Een ding waaroor ons bekommerd is, is hoe ons so lank met net één Manda en één Leonie in die Afdeling gaan klaarkom!

Daardie padda-wou-gaan-opsitstappie wat sommige mense in die Merensky deesdae openbaar is nie die Russiese griep nie, maar die produk van 'n weermagstewel wat sy merk op 'n paar teer damesvoetjies gelaat het. Gelukkig behoort dit net tydelik van aard te wees!

Mev Mathilda du Preez berig van Veeartseny af dat sy 'n fotostaatmasjien al net so goed kan herstel soos enige tegnikus. Sy het intussen so 'n liefde vir die inwonende kat(astrofe) ontwikkel dat sy glads Sondae ry om hom te gaan kosgee!

# Tiksters

Ons wil net vir mev De Bruyn baie welkom heet hier by ons in die Tikstersseksie. Ons hoop dat sy dit hier by ons baie sal geniet.

Ons wil ook vir mej Schoeman alle sterkte toewens, en ons hoop dat sy sommer baie gou weer terug by ons sal wees.

# redaksie:

| | | |
|---|---|---|
| Redaktrise | - | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | - | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | - | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | - | Mev M-L Erasmis |
| Medewerkers | | |
| Beplanning | - | Mej J Joubert |
| Aanskafafdeling | - | Mev E du Plessis |
| Bindery | - | Mnr C F Buys |
| Leendienste | - | Mev M Verster |
| Ontsluiting | - | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | - | Mnr J Davies |
| Tiksters | - | Mej C Potgieter |
| Tydskrifafdeling | - | Mev B Gunter |
| Vakbibliotekaresse- en assistente | - | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | - | Mev H Nel |
| B M W | - | Mev M Willemse |
| Medies | - | Mev A van der Watt |
| Landbou | - | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | - | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | - | Mev B von Ehrenberg |
| Fotograaf | - | Mnr P de Kock |
| Fisiese Versorgers | - | Mej W Shipman |
| | - | Mnr W Porter |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD

## totsiens



mev. C.Coertze - musiek



mev R v d Berg



mej E Lategan

## welkom




mev E de Bruyn



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## Biblioteekverwaarlosing: Gebrek aan Visie of Finansies?

By die totstandkoming van 'n nuwe universiteit is die voorsiening van biblioteekfasiliteite altyd 'n hoë prioriteit. Trouens, die eerste gebou wat opgerig word, bevat feitlik sonder uitsondering ook die biblioteek. In daardie stadium is die universiteitsowerheid dit eens dat geen akademiese aktiwiteite kan plaasvind alvorens biblioteekfasiliteite beskikbaar gestel is nie en 'n besondere groot deel van die nuwe universiteit se fisiese fasiliteite word gewoonlik aan die biblioteek afgestaan. In gevalle waar 'n universiteit moes begin funksioneer voordat met die oprigting van nuwe geboue begin kon word, is dit interessant om te let op die geweldige ywer waarmee minstens voorlopige biblioteekfasiliteite beskikbaar gestel is. Die voortreflike wyse waarop die RAU destyds 'n biersaal as biblioteek ingerig het, is 'n goeie voorbeeld in hierdie verband. Wat UP betref, is 'n besondere groot deel van die ruimte in die eerste gebou op hierdie kampus (die bestaande Ou Lettere-gebou) ook aan die biblioteek afgestaan.

Dit wil egter voorkom asof 'n universiteitsowerheid se biblioteekvisie geneig is om te verdof na mate die universiteit groei en daar soveel aandag aan ander sake (wat dikwels min met die akademie te doen het) geskenk moet word. Dit bring mee dat biblioteekbehoeftes eie aan die groeiende universiteit dikwels nie behoorlik in ag geneem word nie. Solank die studente min is, is dit immers makliker om ruimte vir 25% van die gebruikers te voorsien!

Kyk ons na die posisie van die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek is daar rede tot kommer oor die biblioteekvisie wat sommige universiteitsowerhede openbaar het en waarskynlik nog steeds handhaaf. In verskeie gevalle is die biblioteeksubsidie wat van regeringskant ontvang is nooit ten volle aan die biblioteek beskikbaar gestel nie en is die minimum standaarde wat ten opsigte van biblioteekruimtes behoort te geld nie ooreenkomstig die groeiende aantal studente toegepas nie.

Die biblioteekverwaarlosing wat selfs tydens die afgelope voorspoedjare waarneembaar is, laat ons ys by die gedagte aan die afmetings wat dit nou in tye van finansiële nood kan aanneem. In die lig van die verlede hou die moeilike finansiële omstandighede waarin ons universiteite tans verkeer vir die universiteitsbiblioteek niks goeds in nie. Die skadelike uitwerking wat onvoldoende biblioteekfasiliteite op die gehalte van akademiese onderrig en navorsing kan hê en die implikasies daarvan vir die ontwikkeling van ons land en sy mannekragpotensiaal beklemtoon die verantwoordelikheid wat tans op die skouers van die universiteitsbibliotekaris rus.

vervolg/.. ..



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Hierdie omstandighede moet ons in die eerste plek tot kritiese selfondersoek dwing. Die skuld vir biblioteekverwaarlosing kan nie sonder meer voor die deur van universiteitsowerhede gelê word nie. Trouens, dit is te betwyfel of die universiteitsbibliotekaris sy professionele verantwoordelikheid wel ten volle nagekom het. Hy moet bereid wees om ook wyer as die biblioteek se mure te dink en te beweeg. Sy biblioteek se toekoms word immers ook bepaal deur die biblioteekgesindheid van die universiteit se Topbestuur en Raad. In die lig daarvan moet hy steeds daarop bedag wees om die nodige kennis oor te dra en na aanleiding daarvan samewerking en begrip by die universiteitspersoneel en -owerheid te bewerkstellig. In die belang van die universiteit self moet die bibliotekaris toesien dat die meriete van die biblioteeksaak nie onderskat word nie.

Alhoewel ook UP se Biblioteekdiens ongelukkig nie sy volle kwota in die voorspoedjare ontvang het nie, is die huidige biblioteekgesindheid van ons Rektor en Raad 'n inspirasie om ons taak in die moeilike tye wat kom met durf en verantwoordelikheid aan te pak. Mag die moedige besluit van die Universiteit van Harvard tydens die depressie van die dertigerjare en die dividende wat dit eventueel opgelewer het, steeds in gedagte gehou word:

"....it chose to pursue aggresively the development of its library collections at the very time when most institutions had opted for a more conservative posture. Book and periodical budgets elsewhere were slashed, thus creating permanent gaps in library holdings. Forty years later one can better assess the impact of Harvard's decision to build rather than retrench."
(Journal of Academic Librarianship, col. 3, nr. 4, p. 192)

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

## BESTEDING VAN FONDSE

Op 1 Januarie 1978 het die biblioteek 'n beraamde verpligting van R91 235,00 gehad wat bestaan het uit R25 807,00 ten opsigte van gelewerde rekenings en R65 428,00 ten opsigte van boeke wat in 1977 bestel is maar op 1 Januarie nog nie ontvang is nie.

Vanaf 1 Januarie tot 31 Mei is 3 936 boeke teen 'n beraamde bedrag van R71 840,00 bestel. Gedurende dieselfde tydperk het die ondergenoemde uitbetalings geskied.

| | |
|---|---|
| Boeke | R 83 392,00 |
| Tydskrifte | R118 002,00 |
| Bladmusiek/Plate | R 1 236,00 |
| Bindery | R 3 354,00 |
| Invoerheffing | R 3 373,00 |
| Totaal | R209 857,00 |

# kuns

Dit wil voorkom asof kunstenaars dié tyd van die jaar baie bedrywig raak, want dis net uitstallings oral.

Interessante uitstallings van die afgelope tyd sluit in dié van Renée le Roux se "Die skrif aan die muur" tot die meer konvensionele werk van Berne Hesselbarth en Anne Wagenaar. 'n Besondere uitstalling was dié van Richard Adams se staalbeeldhouwerk en pottebakkery, met selfs klein boompies geplant in die houers wat Richard spesiaal vir hulle gemaak het omdat hy 'n groot voorliefde vir Bonzai het.

Hier op die kampus was daar "Informa" - 'n tentoonstelling van skildermedia en - tegnieke, saamgestel deur die skilderstudente van die Departement Beeldende Kunste. Die Departement hou stimulerende uitstallings en 'n gereëlde besoek aan hierdie Beeldende Kunste-Galery is beslis die moeite werd.




# tuinhoekie

LEAFY LAMENT

You have to talk to pot-plants
I'm told on every hand,
Encourage them to bloom and grow
and they will understand.
But I've got a Busy Lizzie
that does'nt flower at all
and a very small Begonia
that's wilting in the hall.
The fern I bought last Thursday
is already partly dead
So I'm going to buy a plastic plant
and talk to that instead!

Audrey E. Groom



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# teater



Kinderteater : Reinaard Die Vos

Dis weer tyd om u uit te nooi na ons Kinderteateropvoering.

Hierdie jaar is dit 'n aanbieding wat gebaseer is op die baie bekende verhaal van Reinaard die Jakkals.

Koning Nobel, die Leeu en sy vrou, is soos gewoonlik die vorste van Diereland.

Bruin Beer, Wolf Iesegrim, Coutans die Poedel, Tibert die Kat, Cuwaard die Haas, Kanteklaar die Haan is van die onderdane van sy ryk.

Die sluwe vos Reinaard en sy vrou, Reinarda gebruik elke moontlike en dikwels onmoontlike geleentheid om Nobel en sy onderdane poetse te bak, te uitoorlê en om die bos te lei.

Almal diere, maar tog so menslik!

Die opvoering word gedoen deur ons senior studente onder spelleiding van Carel Trichardt.

| | | |
|---|---|---|
| Speelvlak | : | 22 Augustus tot 2 September 1978 |
| Plek | : | Maskerteater (h/v Tindall- en Lynnwoodweg) |
| Toegang | : | Kinders : 55 sent<br>Volwassenes : R1,10 |
| Bespreking | : | Computicket<br>Bespreking open 1 Junie 1978 |

VERJAARSDAE VIR DIE MAAND JULIE

| | | |
|---|---|---|
| Mnr G J Luüs - Bindery | - | 3 |
| Mev I Smith - Vakbibliotekaresse | - | 8 |
| Mnr J J N Davies - Vakbibliotekaris | - | 11 |
| Mev J de Klerk - Musiek | - | 16 |
| Mev K G Viljoen - Ontsluiting | - | 19 |
| Mev S Swanepoel - Vakbib. Assistent | - | 29 |
| Mev S le R van Wyk - Vakbib. Assistent | - | 31 |

# LUS vir LEES?

## M.E.R. 'n Kosbare Erfenis (810·6 566187)

Hierdie werk bevat briewe deur M.E.R. geskryf aan 'n verskeidenheid mense gedurende die jare 1916-1975. Uit haar briewe leer 'n mens die skryfster ken. Haar vriende het vir haar baie beteken. Een van die dinge wat haar na aan die hart gelê het, was die Armblankevraagstuk. Veral met die moeder, wat 'n buitengewoon swaar las moes dra, het sy baie simpatie gehad. M.E.R. was 'n groot voorstander van die gebruik van Afrikaans as voertaal in skole. Die A.C.V.V. waarvan sy die eerste reisende en organiserende sekretaresse was, het 'n spesiale plek in haar hart ingeneem. 'n Hele paar van die briewe beskryf dan ook die dorpe wat sy op haar reise aangedoen het.


Haar skrywe aan vriende en familie, weerspieël haar lewensbeskouing. Telkens tree haar beskouing van die dood na vore: "Ek dink die dood is net dat jou job afgehandel is, en die instrument waardeur jy dit gedoen het, kan maar weggegooi word, verbrand of begrawe." (p.129)

Dwarsdeur haar lewe, het die skryfster intens in die letterkunde belanggestel. Oor haar eie werk was sy baie beskeie.

'n Verdere kosbaarheid van die boek is dat dit 'n beskrywing van politieke en maatskaplike toestande gedurende die tydperk 1916-1975 weergee.

'n Boek is 'n vriend; 'n goeie boek is 'n goeie vriend. Dit sal met jou praat wanneer jy wil hê dit moet praat, en dit sal swyg wanneer jy wil hê dit moet swyg - en daar is bra min vriende wat wys genoeg is om só te handel. 'n Biblioteek is 'n versameling vriende.

Lyman Abbott



"If you want all the library books back I'll have to make another plan"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# OUDERDOMSBEPERKING OP BOEKE?

(n a v  die voorgestelde nuwe wetgewing op Publikasies)

Joan Kruger. Die Transvaler 22 Mei 1978

Twintigers, dertigers, veertigers, vyftigers, sestigers.......
Só sal ons in die toekoms verwys, nie na Afrikaanse skrywers nie, maar na die lesers!

(Waarvan 'n mens hopelik nie hoef af te lei dat net pensioenarisse die jongste gewaagde boeke sal mag lees nie!)

Seurkouse sien seker klaar swarigheid vir die toepassing van 'n ouderdomsbeperking op boeke. Maar hoekom? As kroeë en flieke dit kan doen, kan biblioteke en boekwinkels dit seker ook regkry.

## Vry stories

Eitlik gaan dit 'n hele omwenteling inlui. Lewensboekie in die hand sal jy jou reg om iets te kan lees, eers moet bewys. En ma's sal hul vrystories saam met die doktersboeke en nog wat in die hangkas moet toesluit.

Daar is natuurlik verskeie voor-die-handliggende oplossings om die ouderdomsbeperking pynloos toe te pas. Die rak-stelsel is een. Beginnend by kleuterboeke in die heel onderste rak, werk jy stadigaan boontoe. En waar jy nie kan bykom nie, mag jy nog nie lees nie. Saddies vir die ouens wie se bene en arms nie saam met hul ouderdom aangewas het nie!

Dit sal o m verseker dat ons hoge letterkunde minstens altyd uit die boonste rakke is! Iets wat nou nie altyd die geval is nie.

'n Ander metode is om boeke in grootdruk vir jong lesers te druk. Hou ouer jy word, hoe gewaagder word die boek en hoe kleiner die druk. As jy die dag die kleindruk nie meer kan lees nie, dan moet jy weet: hierdie dinge is nie meer vir jou bedoel nie!

Gelukkig het party skrywers reeds die visie en voorsig gehad om in hul romantitels duidelik die ouderdomsgrense aan te dui - soos Etienne Leroux gedoen het met sy 18-44.

Soos die was-aanwysings op alle kledingstukke kan 'n stelsel simbole natuurlik ook ontwerp word wat die waarskynlike ouderdomsgroep op die stofomslag aandui. Dit kan begin met die skets van 'n fopspeen en eindig met twee pieringoë.

## Rook

Daarbenewens, op die trant van die surgeon-generaal wat bevind het rook is nadelig vir jou gesondheid, kan 'n gewaagde boek 'n klein waarskuwinkie dra dat by die lees daarvan jou bloeddruk kan styg, jou polsslag verdubbel en ander onnoembare veranderings kan plaasvind.

Gewaarsku, soos hulle sê, is gewapen.

## Wiskunde

Dankbaar, soos oor die Nuwe Wiskunde wat eers ná my skooljare ingestel is, is ek darem ook om nou oud genoeg te wees vir hierdie ouderdomsbeperking op boeke.

Dertien jaar oud, toe lees ek Die ambassadeur van André Brink. Toe my ma dit ook wou lees, keer ek benoud. Hoe kan 'n mens jou ma toelaat om sulke dinge te weet!

---

Kies jou vriende soos jou boeke: min maar keurig.

James Howell

---

# van die buiteposte

## Musiek

Koud. Ja koud. Ons het nie eers die televisie se sinoptiese weerkaart nodig om dit te voorspel nie. Hier by musiek voel 'n mens dit sommer aan jou tone wat voel of hulle hul regmatige aandeel aan bloedsirkulasie ontsê word. Ja, ons het verwarmers, maar die argitekte het destyds nog onpraktiese idees gehad oor waar hulle aangebring moet word. Om nie eers te praat van die aantal verwarmers ten opsigte van die ruimte wat verwarm moet word nie. Miskien moes hulle 'n bietjie gaan lees het oor wat die ou Romeine al geweet het van ondervloerse verwarming en dit hier toegepas het. Die uitdrukking sê mos nie verniet "kop koud en voete warm " en "koelkop bly ..." nie. Juis hierdie volgorde is by ons omgeruil. Die verwarmers sit

op onpraktiese plekke teen die dak en nou is dit 'n geval van heethoofdig en koudvoetig.

Dit was mev Driekie de Klerk nie gegun om 'n vreemdeling te wees in die musikale Jerusalem nie. Medestudente en dosente was aangenaam verras om te sien dat die bekende vreemdeling iemand uit musikale geledere is.

Onder die druk van 'n gebruikersaanslag op boeke, plate en partiture het sy baie gou op dreef gekom en nog nie weer kans gekry om uit die dreef te kom nie. As 'n mens dit so kan stel. Sommer vroeg-vroeg het sy ook met eienaardige versoeke te doen gekry. 'n Heer stap op 'n middag in en begin toe onderhandel oor die skryf van 'n musiekgeskiedenistaak. Natuurlik nie deur homself nie. Nee wat, hy het tog nie tyd dáárvoor nie. As mev de Klerk net vir hom die taak wil skryf, sal hy haar R20,00 of so iets daarvoor betaal. Hy moet dié taak indien by 'n ander universiteit ten einde toelating tot eksamen te kry. Nodeloos om te sê: Hy het nie hond haaraf gemaak nie. Hy is baie netjies ingelig oor die etiek van sulke akademiese gedrag.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Uit die middestad

Soms as die strate so woel hier om ons, verlang ons na die rustigheid(!) van ons kollegas in die Ooste. Mens raak soms saam met die verkeer onrustig en ontstuimig. Jy meld soms ongelukke aan by die blitspatrollie en soms voel jy lus om jouself aan te meld!

Miskien het julle daar in die Ooste ook nog dié voordeel dat julle vinnig in 'n etensuur op 'n straathoek in 'n karavaan kan gaan kuier. 'n Gipsy-karavaan. Dan kan die ou vrou vertel van die heerlike dae wat gaan kom : van swembaddens en blink motorkarre . van groot huise of vakansies oorsee. En dit alles net vir 50c (vandag word alles duurder - miskien dan R1,00).

Maar pasop vir die soort van ding. Saul was 'n koning wat in lengte kop en skouers bokant sy onderdane uitgetroon het. Op 'n dag was hy ook by so 'n dame. Die uiteinde van die saak was dat hy in sy volle lengte op die grond neergeslaan het. Byna soos 'n tuinhark.

Dit blyk geen ontvlugting te wees nie. Maar tog ...... . Ons glo mos nie aan die goeters nie! Maar tog .... .

Ek moes anderdag besoek gaan aflê by mense in 'n woonstelblok. Die nommers bo-aan die deure het geloop 11, 12, 12b, 14 ens. 13 was daar nie. Mens wonder.

En as mens 'n rusie gemaak het, gooi jy net sout oor jou skouer en alles is weer reg. Onthou - dit moet die linkerskouer wees. Moet net nie die volgnede dag van slange of geld droom nie. Dit is rusie weer van voor af.

Droom van baie water en finansiële moeilikheid lê voor die deur. Ek wonder waarom mev Neitz die ander dag gedroom het sy verdrink.

Draai dadelik 'n hen wat kraai se nek om. Dit voorspel tog net ongeluk. Wat sou mens maak met 'n haan wat kekkel?

Maar regtig, alle grappies op 'n stokkie. My vraatjies is almal maan toe. Hoe dit dáár lyk, weet ek nie, maar van dié lastige knoppies op my vel is ek ontslae.

Volgens my teekoppie moet ek nou ophou. Die tyd is uit.

Groetnis tot volgende keer
Buitemuurs

(Onthou - daar is nog 'n paar nagte om die Julywenner los te droom!)

* Mev du Toit het sodanig aangesterk dat sy intussen weer kon begin werk.

* Ons dink nog aan Mev Neitz se moeder wat steeds baie siek is. Sterkte!

* Die twee tokkelokke hier het toe eksamen geskryf. Dit het toe nie alles volgens plan verloop nie, want sien, proffies "spot" ook soms mis.

# uit die afdelings

## Beplanning

Die Afdeling Beplannings- en Ontwikkelingsdienste het 'n personeellid ryker geword in die persoon van mev Issie Koekemoer. Sy kom mnr Peter Lor help met die huisvestingsprojek, in besonder die heruitleg van sommige van die vloere. Ons verwelkom nuwe bloed en nuwe idees - hartlik welkom, ons hoop u werk lekker!

Verder het ons 'n motor ryker geword. Die pragtige Rover wat parkeerterrein P3 soms versier, behoort aan mev Lorraine Erasmus (en haar man). Ons het hom al uitgetoets - dis 'n motorentoesias se droom!

Aan die einde van hierdie maand is ons sonder baas. Mnr H de Bruin gaan 'n welverdiende vakansie nou in die warmer dele van ons land. Ons hoop u geniet die besoek aan Suidwes!

Op Saterdag 24 Junie word mej Jeanne Joubert mevrou Cilliers! En as 'n bonus vertrek hul 'n week daarna op 'n heerlike toer na Suid-Amerika as lede van die UP-koor. Baie geluk, Jeanne en Pierre! Alles van die beste vir julle toekoms saam en mag dit met julle baie goed gaan.

## Grondverdieping

Die een verskuiwing na die ander een vind by die toonbank plaas. Dié keer is dit tot verlies van leendienste en 'n groot aanwins vir Africana. Mev Maretha Kuhles gaan ons aan die einde van die maand verlaat om aan 'n musiekversameling in Africana te werk.

Mev Kuhles was sedert Februarie 1976 by die hooftoonbank werksaam waar sy altyd met 'n glimlag sonder om ooit te kla, meer as haar deel gedoen het. Niks was ooit vir haar te veel moeite nie en sy sal altyd tyd vind om die gebruikers (en ons!) te help.

Ons sal jou baie mis Maretha - want ons wat saam met jou gewerk het, weet wat jy vir leendienste beteken het! Ons hoop dat jy die werk in Africana baie interessant sal vind en dat daar vir jou net sulke groot waardering sal wees as hier.

Aan mev Attie de Frey wat nou mev Kuhles se pligte oorneem, baie geluk en sterkte ook! Jy kan van ons samewerking verseker wees Attie. (Nie dat mev De Frey enige samewerking nodig het nie want alhoewel sy so klein is het sy die werksvermoë van 'n bees. Sy kan in 'n dag vermag wat ons ander in 'n week saam doen!)

Juffrou Ansie Nolte het groot planne. Sy gaan by die huis bly, studeer en sosiaal wees en brei. Ansie, ons kan nie wag vir volgende winter nie. Jy moet maar 'n hele paar bestellings vakant hou want ons gaan sorg dat gebreide klere volgende winter eers mode is!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ansie, die Voorraadse Studieversameling gaan armer wees sonder jou, maar dalk word 'n man se huis gevul met jou warmte!


Voorspoed vorentoe - ons hoop saam met jou dat jy jou grootste verwagtings sal oortref.

# TYDSKRIFTE

In tydskrif administrasie gaan dit klop-disselboom
Al wag die kelderverskuiwing soos 'n nare droom
Ons help trek maar vir Medies so nou-en-dan
(om in oefening te bly, en te wys ons kan)
Ons maak voorraad-opnames by BMW
en geniet die blaaskansie wat dit ons gee
So leer ons die vriendelike mense daar ken
En kan ons sodoende al 'n stem vaspen.

-----------------

Weens die gewoel en gewerskaf by die Mediese bib
ontvang ons duplikate dat ons se wip.
Die poskamer lyk soos 'n groot rommelhoop
en mens is maar versigtig hoe jy daar loop.
Met die gesondheid - goed dankie, geen klagtes nie wat
wie's 'n griepkiem miskien om ons vas te vat.



Is die ruimte te min, en die voorraad te veel.
Vra net vir tydskrifte om die sakie te reël.

# Ontsluiting

Mej Magriet Lee het toe deur haar eie skrywery oor motors ook dié "Koors" ontwikkel - sy spaar nou kliphard en praat, eet en slaap net motors. Verlede week het sy haar "leerling" gekry en ook al vir haar eerste bestuurles gegaan - dwarsdeur die stad! Haar instrukteur het beslis 'n groot vertroue in vrouebestuurders! Sterkte vir die volgende lesse, Magriet! Veral ook vir jou instrukteur!

Mev Rieta Otto hou vreeslik baie van lemoene - sy "steel" dit sommer sakkie-gewys. Die onverwagse lemoene in haar motor het haar die hele middag op hete kole gehad. Om 15h30 vind sy toe 'n brief op haar motor - iemand se bode het dit in die verkeerde Apaché laat beland! Die les: moenie waardevolle goed daarin laat rondlê nie!

# Tiksters

Baie geluk aan mej Chrissie Potgieter en mnr Blikkies Blignout met die groot dag, ons verneem dat alles goed afgeloop het en die "Honeymoon" word in heerlike weer beslis!

Welkom weer terug aan mej Marie Schoeman na haar heerlike verblyf in die hospitaal - sy het ons vertel van die lekker kos en nagereg ons hoop dat jou nek en rug alles weer mooi terug in posisie is.

Mev Elna de Bruyn - hulle se groot trek na 'n nuwe woonstel lê voor die deur, gewillige hande om te help word glo gesoek.

Mev Minda Meyer het goed kop gehou na 'n dolle week toe mev Marietjie Willemse, mej Annemarie van Rensburg en mev Elna de Bruyn siek geword het. Dit lyk darem nie of sy iets daarvan oorgehou het nie.

Ons hoop mej Coertze se seer keel is ook iets van die verlede - sy het juis gesê sy is bly sy is nie 'n kameelperd nie, want dink net hoe lang seer sou daar dan gewees het!

Mej Annemarie van Rensburg het toe haar leerling lisensie met lof geslaag, dus is daar een van die dae nog 'n potensiële "Pretoria-motorbestuurder".

# BOEKBESTELLINGS

Petrol is nie 'n probleem in hierdie afdeling nie. Valery gebruik sommer diesel as plaasvervanger. Wat van water?!

Ons wil ons afdeling herdoop na Suidpool. Om sulke koue lug uit te plaas, moet daar ys êrens in die lugreëling se ratte vassit. En boonop word die agterdeur gedurig oopgemaak om pakkies af te lewer dan trek daar 'n stormwind deur ons yl verskansings. Op die horison dreig blywende verkoues, longontsteking en erger. Alternatief: Die gebruik van komberse, "Basuto-styl".

Aan die brand Boekbestellings

Na vele dae se swoeg is al die boekbestellings afgehandel - reeds twee dae voor die afsluiting vir die maand. Dit was 'n volstoomspanpoging om op datum te kom. Die beloning - nie 'n enkele bestelkaart in die rooi mandjies! (net tot Junie se bestelling ons weer tref!)

Met my vriende maak ek dan soos ek met my boeke maak. Ek wil hulle hê waar ek hulle kan vind, maar ek gebruik hulle selde.

Ralph Waldo Emerson



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DAGBOEK

'n Week voor van toetsing deur die vakbibliotekarisse, weermaguniforms gaan haal - en 'n mens weer net een boek afgehandel kry - minus 'n half, maak dit jou dag wanneer

- jou pen met jou naam op geografeer die vorige aand by 'n alma matervergadering vasgelê word, en jy word opgebeur met: "Man, dis dalk iemand wat jou in die oog het, en jou naam in die hande wou kry."

- mens as weermagdoedie huiwerig uitsien na die eerste kamp, en die baas belowe (nie sonder 'n bietjie van "jou wou mos") dat hulle Maandag die pleisters sal reghou.

- 'n student jou nader by katalogusadvies vir die verslag van die Franzsenkommissie, en jy, met ore nog so half toe van die verkoue, verstaan die Franse Revolusie.

- die troepie met die rooi hare by die uniformuitreiking die dame wat stewels aanpas, help met "it's the biggest six we've got, and there are no sevens ..."

- mens meganies soos 'n eseltjie aanstap met jou rugsak tydens 'n voetslaantoer in die Blyderiviervallei, 'n paar minute jou rugsak op 'n klip kan laat rus, en net na die gedruis van die water kan luister wat op 'n spesifieke plek deur die voue van die kloof na jou toe aandreun ...

- mens die eerste aand lank gesukkel het om kole te maak met nat hout, en jy later die braaivleis vol as kan geniet.

- die nuwe stapstewels binne 'n driekwartuur die nerwe oor jou hakskeensenings afgeskaaf het, en 'n mens na 'n maand aan jou kollegas kan wys dat die skade herstel is ...

- teen die middag met 'n kop vol dons worstel met klapper en notasiekaarte, en iemand bied jou 'n "mint imperial" aan ...

- ISBN's, konsepkaarte, klasnommers, boekmonsters jou aangluur en jy brom-brom registernommers aan 'n kollega gee, en die voorstel: "drink liewer etenstyd bietjie Sanatogen Tonic Wine ..."

- iemand 'n grappie kraak: "Die tannie sê haar dogter raak verloof aan 'n geoloog, nou wil hulle nie 'n groot doenigheid maak nie, hulle sal maar so 'n klein immorele partytjie gee ...."

# KATA(LOGU)STROFES

Na amper 'n halwe jaar se katalogusadvies, kan ons ook al lekker saamlag en staaltjies uitruil oor al die lief en leed wat ons by dié dienspunt beleef. Hier is so 'n paar grepe uit die "vervolgverhaal". Noem dit maar die "comic relief" op 'n besige dag:

S: Ek soek iets oor Priester Jan.
K: Wat is die Engelse vertaling daarvan?
S: Nee, ek weet nie.
K: Kom ons gaan kyk maar in die Brittanica. Hoe spel mens dit?
S: Prester J..o..h..n!!
(Daar was 'n hele bladsy oor die legendariese persoon!)

S: Het julle iets oor "Ficus"? (sê Wiekus)
K: Wie is dit?
S: 'n soort boom, juffrou!

Katalogusadviseur stap ewe hulpvaardig na 'n student wat al 'n geruime tyd voor die inligtingsbord by die hysbak staan.
K: Kom u reg?
S: Ja, ek kyk net hoe laat dit is?

Aan 'n dosent wat al 'n hele ruk energiek by die klapper doenig is.
K: Kom u reg?
D: Natuurlik, ek ken die piek mos al lankal!
K: Wat presies soek u?
D: Die titel!

Deur "niksvermoedende" adviseur gehoor net nadat "Die Bord" bokant ons koppe geplaas is.
"Wonder wat sal gebeur as ons nou daai dun draadjies wat daai groot bord vashou, afsny?"

S: Wat maak 'n mens as dit wat jy soek nie in die katalogus is nie?
K: Wat soek u?
S: Botha - ek sien die katalogus begin net by E en breek sommer stomp af by R ...
Nadat die student gewys is waar die begin- en eindpunt van die katalogus is, was haar kommentaar: Haai, is hier dan ook laaitjies?!

S: Juffrou, hoekom word die van Van der Merwe nie in die katalogus opgeneem nie? Is dit omdat daar so baie van der Merwes is?

Oor die ou met die Spaanse voorkoms, swart broek en rooi hemp wat materiaal oor bulgevegte (stiergevegte) kom soek, sê Amke: Dalk wil hy net gou sy tegniek kom opknap! En Manda Mörsner: Julle moet oppas, die bul wag dalk buite vir hom!

'n Student wat oortuig is dat geen "Jan Rap en sy vrou" so 'n moeilike taak kan uitwerk nie!

S: Ek soek liefde.
K: Ag nee?
S: Ag, ek bedoel ek moet 'n táák uitwerk oor liefde!

Die res bêre ons vir later. Sal ons sê: Lees volgende maand verder aan die volgende dramaties-komiese episode ...!

# redaksie:


| | | |
|---|---|---|
| Redaktrise | - | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | - | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | - | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | - | Mev M-L Erasmis |
| Medewerkers | | |
| Beplanning | - | Mej J Joubert |
| Aanskafafdeling | - | Mev E du Plessis |
| Bindery | - | Mnr C F Buys |
| Leendienste | - | Mev M Verster |
| Ontsluiting | - | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | - | Mnr J Davies |
| Tiksters | - | Mej C Potgieter |
| Tydskrifafdeling | - | Mev B Gunter |
| Vakbibliotekaresse- en assistente | - | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | - | Mev H Nel |
| B M W | - | Mev M Willemse |
| Medies | - | Mev A van der Watt |
| Landbou | - | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | - | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | - | Mev B von Ehrenberg |
| Fotograaf | - | Mnr P de Kock |
| Fisiese Versorgers | - | Mej W Shipman |
| | - | Mnr W Porter |




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD

## WELKOM



mev. Issie
Koekemoer
-Beplanning-




mev. Driekie de Klerk
-Musiek-



mev. Jean Maree
-Ontsluiting-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## 1928 EN 1978 – BEGINPUNT EN KEERPUNT ?

Vyftig jaar gelede, op 15 tot 17 November 1928, is die eerste Suid-Afrikaanse Biblioteekkonferensie te Bloemfontein gehou. Hierdie konferensie was vir die ontwikkeling van die biblioteekberoep in Suid-Afrika van besondere belang en dit is gepas dat die SABV-konferensie, wat vanjaar van 11 tot 15 September in Johannesburg gehou word, hierdie merkwaardige gebeurtenis in herinnering roep.

Hopelik sal die referate wat op die komende konferensie gelewer sal word duidelik aantoon hoe die biblioteekberoep sedert die geskiedkundige eerste konferensie van 'n halfeeu gelede ontwikkel het. Nou, vyftig jaar na die eerste konferensie, sal o.a. sake betreffende die professionalisering van ons beroep besonder aandag geniet.

As ons let op die posisie van die bibliotekaris teen 1928 is inderdaad groot vordering gemaak. Trouens, van 'n georganiseerde biblioteekberoep was daar destyds geen sprake nie. Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het twee jaar later eers tot stand gekom en dit is aan 'n besondere sameloop van omstandighede te danke dat 'n eerste biblioteekkonferensie inderdaad gehou kon word.

In 1880 het een van Amerika se rykste nywerheidsmagnate begin om in Amerika en elders enorme bedrae te bestee ter bevordering van kulturele en maatskaplike sake. Verskeie stigtings en fondse is met die oog daarop in die lewe geroep en die grootste daarvan was die Carnegie Corporation of New York wat in 1911 totstand gebring is. Volgens die stigtingsakte moet 'n deel van die Korporasie se jaarlikse inkomste van ongeveer R6 miljoen bestee word aan projekte in die Britse Gemenebes wat destyds ook die Unie van Suid-Afrika ingesluit het.

In 1927 het die President en Sekretaris van die Korporasie 'n verkenningsreis onderneem. Wat die Unie van Suid-Afrika betref, het hulle tot die slotsom gekom dat veral twee sake ernstige aandag verdien, naamlik eerstens, die toenemende verarming van 'n buitengewone hoë persentasie van die blanke bevolking en tweedens, die uiters treurige posisie van die land se biblioteke. Wat laasgenoemde betref, het die Carnegie-korporasie besluit om biblioteektoestande in Suid-Afrika deur twee bibliotekarisse, 'n Amerikaner (Mnr M J Ferguson, Staatsbibliotekaris van California) en 'n Skot (Mnr S A Pitt, Hoof van die Openbare Biblioteek van Glasgow) te laat ondersoek. Na 'n besoek van ongeveer 3 maande aan ons land is die twee here se reis afgesluit met die geskiedkundige eerste biblioteekkonferensie in November 1928.

vervolg/.. ..

U. P - Biblioteekdiens - nuusblad - JULIE - 1978.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In die lig van die beskrywingspunte insake professionalisering en opleiding wat voor die komende konferensie sal dien, is die bevindinge van die here Ferguson en Pitt insiggewend. Hulle was onder andere uiters verbaas en ongelukkig oor die besondere gesagsposisie van biblioteekkomitees by feitlik alle Suid-Afrikaanse biblioteke. Wat openbare biblioteke betref, het dit saamgehang met die feit dat hierdie biblioteke in daardie stadium deur ledegelde gefinansier is en dat die biblioteek dus inderdaad as die eiendom van die groep lede beskou is. Die bestuur wat uit lede gekies is, was verantwoordelik vir alle aspekte van die biblioteek se administrasie. Dikwels is daar dan klerklike hulp met die heel ontoepaslike titel van "bibliotekaris" aangestl. Die koppeling van hierdie benaming aan iemand sonder enige beroepskwalifikasies en met 'n uiterse gebrekkige skoolagtergrond het die erkenning van die professionele bibliotekaris as 'n beroepsmens in die jare wat sou volg aansienlik gestrem.

Volgens Pitt het die bibliotekaris van die Universiteit van Kaapstad selfs oor die seleksie en aanskaf van boeke geen seggenskap gehad nie. Lede van biblioteekkomitees het as leke gemeen dat hulle alles van biblioteke af weet en het geen rede gesien waarom enige leek nie die werk van 'n bibliotekaris kon doen nie. Al wat van die "bibliotekaris" verwag is, is om die opdragte van die komitee getrou uit te voer. Pitt en Ferguson meld albei dat hulle tydens onderhoude oor biblioteeksake weinig met die bibliotekarisse self te doen gekry het. Trouens, volgens Ferguson was die bibliotekaris se enigste funksie dikwels slegs om tee en verversings te bedien!

Onder bogenoemde omstandighede kon daar van 'n vereniging vir bibliotekarisse nie sprake wees nie. Trouens, op die eerste biblioteekkonferensie van 15, 16 en 17 November 1928 was slegs tien van die agt-en-sewentig biblioteekverteenwoordigers bibliotekarisse! Dit was duidelik dat die situasie slegs sou verbeter indien voorsiening vir die opleiding van bibliotekarisse gemaak kon word. Ongelukkig is Ferguson se aanbeveling dat 'n groot biblioteek of universiteit in hierdie verband die voortou moes neem nie deur die Konferensie aanvaar nie. Daar is besluit op die Britse stelsel van 'n leerlingskap aangevul deur eksamens behartig deur 'n eventuele Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.

Vir meer as drie dekades het die SABV 'n belangrike rol in die opleiding van bibliotekarisse gespeel. In 1962 het die Vereniging sy opleiding ten volle aan die Universiteit van Suid-Afrika oorgedra en sedertdien word die opleiding van bibliotekarisse uitsluitlik deur universiteite behartig.

Op die 1978-konferensie sal die professsionalisering van die biblioteekberoep indringende aandag geniet. Die besluite wat geneem sal word, kan soos 50 jaar gelede 'n nuwe bedeling vir die biblioteekberoep beteken. Hopelik sal die bibliotekaris bestaande bedenkinge oor sy professionaliteit uiteindelik finaal kan afskud!

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

"Vooruitgang werk aansteeklik, en as 'n mens welvaart deel lei dit tot groter welvaart."

# kuns


Die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging sluit hul verblyftermyn in die ou Nederlandse-bankgebou af met twee uitstallings in Augustus met

Maureen Jonker 17.7.1978 - 5.8.1978
en
Rina van Graan 31.7.1978 - 19.8.1978

Ten spyte van herhaalde pogings om die ou gebou te bewaar, kry sogenaamde vooruitgang die oorhand en sal die gebou gesloop word.

Die Vereniging verhuis na die 36ste verdieping van die nuwe Volkskasbankgebou in Pretoriusstraat en die nuwe galery word in gebruik geneem met 'n belangrike uitstalling van pottebakkery vanaf 5 September.

Dié uitstalling word gereël deur die Pottebakkersvereniging van Suider-Afrika, en 'n besoek aan hierdie uitstalling sal beslis interessant wees. Gevestigde pottebakkers soos Esias Bosch en Tim Morris sal verteenwoordig wees sowel as beginners. Die uitstalling word deur 'n bekende maatskappy geborg en sal die hoogste standaarde handhaaf.




# van die buiteposte

## BMW

"En nog is, het einde niet". Ons trek alweer! Dit is trappe op en trappe af, van hierdie hoek na daardie hoek, uit by die deur en in by die deur. Die lawaai is skrikwekkend. Van buite kom 'n dosent ingestap om seker te maak alles is wel hierbinne, want, dit klink glo of ons aangerand word.

Die spoed waarmee ons moet werk sal enige wêreld rekordhouer na asem laat snak, want sodra ons onmisbare ergenisse terug is van hulle vakansie, moet ons hulle met ope arms verwelkom en nie met arms vol boeke staan nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# LANDBOUNUUS

Na 'n aangename wintervakansie is die personeel weer voltallig. Mev Alet Fisher het tuis uitgerus en mej Jeanetta du Preez het haar vakansie in die Noordweste by Upington baie geniet.

Die studente het ook in hulle tientalle op die biblioteek toegesak - dis seminare wat dringend afgehandel moet word en stapels boeke word uitgeneem.

Ons dank aan mnr Porter en sy personeel wat alreeds van ons klaargebinde tydskrifte begin terugstuur het.

Gedurende die vakansie het ons flikse bode Andries van die rustiger tyd gebruik gemaak om al die boeke en tydskrifte met die stofsuier deur te gaan.

Ons groet vanaf die oos-kampus en wens almal sterkte toe vir die tweede semester.

---

# MUSIEK

Die Julievakansie het aan ons die geleentheid gebied om take aan te pak waarvoor daar nie gedurende die semester tyd is nie. Die grootste gedeelte is in beslag geneem deur 'n "voorraadopname" te maak van die boekversameling. Wat ons al redelik lank vermoed het is dan ook met dié opname bevestig, naamlik dat daar heelwat boeke is wat voete gekry het. Volgende op die program was die partiture en ook daar was die bevinding dieselfde. Op die oomblik is ons besig om gebruikers op te spoor wat al materiaal uit het vanaf 1973 se koers. Dit vereis nogal speurvernuf en geduld. Maar ten spyte van al die struikelblokke is ons vasbeslote om al die "verlore skape" weer terug te bring na die biblioteek.

---

# Uit die MIDDESTAD

Tussen al die werksaamhede deur, het ons toe almal darem 'n ruskansie gehad. Mnr du Toit het 'n week lank rustig by die huis deurgebring. Mens voel lus om hom geluk te wens dat hy nie die handige meevallertjie van die belastinggaarde nie op 'n ander manier spandeer het nie.

Mev Neitz het ook die kalme atmosfeer van die huis bo dié van 'n vakansie-oord verkies. Ons hoop dat sy dit geniet het.

Mnr Piet Lourens het die eerste maal die voorreg gehad om party aande vroeg by die huis te wees. Vakansietye werk mens mos nie so laat nie!

Die uwe het weer gevoel hoe dit voel om hom moeg te wêrk. Ek bedoel fisies moeg te wees. Op sy skoonpa se plaas was dit oestyd. Hy kon dus 'n groot deel van sy lobola-verpligtinge nakom. (Arme student!)

# TERUGVERLANGE...

Voordat ek my toe aangemeld het by die blitspatrollie, het ek besluit om maar eerder met verlof te gaan. Hartlik dank aan al die hoofde wat dit toegestaan het.

Dit was toe die eerste dag van die vakansie dat daar iets gebeur het wat my baie ver laat terugverlang het.

Ons was op pad en die motorradio was ingeskakel op die Afrikaanse diens. 18h40 klokslag speel die kenwysie van sportjoernaal. En skielik verlang ek: Huis toe.

In my geestesoog sien ek Ma se kombuis. Die radio staan op die vensterbank. Of miskien was dit die draadloos. Sportjoernaal was aan die gang. Die Tilleylamp bokant die tafel laat 'n sterk paraffienreuk in die vertrek hang, tog nie skerper as die reuk van lekker kookkos nie. My suster dek die tafel terwyl Ma nog vir oulaas 'n knypie sout in die kos inkarring. Langs die stronkekas staan 'n ry blink opgevryfde skoene. Dit was my werk om alle skoeiseldraendes in hierdie opsig voor te gaan. Voor die agterstoep hoor ek hoe Pa die modder van sy skoene af stamp nadat hy die groentetjie natgelei het.

En dan begin ons eet. Heerlike kookkos. Ons gesels lekker en ruil die dag se nuus met mekaar. Totdat sewe-uur slaan. Daarna moet almal wat nog iets op die hart het, dit bêre tot ná die streeknuus. Ons is van kleins af geleer om Die Nuus te respekteer. Tydens dié belangrike oomblikke moes ons stilbly. Byna soos met huisbesoek. Boekevat oor die radio is ewe-eens 'n plegtige geleentheid. Ons sing saam met die mense oor die draadloos. In vier stemme.

Nou die hoogtepunt van die aand: Die vervolgverhaal. Almal gee hulle oor aan die loop van dinge en dis soms of mens die grond van Soetmelksvlei kan ruik.

Dis waarna ek daardie aand verlang het. En dit was heerlik. Byna lekkerder as die vakansie wat sou kom.

---

LEWENSGELUK

Daar is veral een belangrike voorwaarde vir geluk. Dit is een van die eenvoudigste dinge ter wêreld en binne bereik van elke mens. Wat is dit? Kyk na die waterstroom: vir hom is die heel belangrikste om aan die beweeg te bly. As hy stil staan, stagneer hy. Ook vir die mens is dié dinge die beste wat hom fisiek en geestelik aan die gang hou. Die sleutel tot ware lewensgeluk is: iets om te doen. Neem 'n mens se werk weg, laat hom ledig wees, en jy maak van hom 'n armsalige wese. Maar die mens wat 'n werk het waarin hy met hart en siel kan opgaan, is waarlik gelukkig.

John Burroughs



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# uit die afdelings

## BEPLANNING

Huisvestingsprojek

Daar word tans aandag gegee aan die heruitleg van drie van die verdiepings van die Merensky-biblioteek, naamlik die kelder, die laer-grondvlak en die grondvlak. Die doel van hierdie projek is om die huidige uitleg te verbeter en terselfdertyd ruimte te wen. Daar moet oordeelkundig beplan word met die oog op bestaande behoeftes, maar daar moet veral rekening gehou word met behoeftes wat gedurende die volgende vyf jaar kan ontstaan.

Die metode van periodieke denkskrum saam met topbestuur, word hier gevolg. Gedagtes word op informele wyse gewissel en toekomstige veranderings kom onder die vergrootglas. Met al hierdie "pitkos vir padkos" volg 'n tydperk van wik en weeg en mik en meet. Só word dan bepaal watter van die ryk oes van idees in die praktyk uitvoerbaar is, met terugvoering na die volgende denkskrum.

Die moontlikheid van kompaktus-berging in die kelderverdieping, word tans ondersoek. Operasie meet en weeg is pas in die kelder afgehandel, ten einde die dimensies van boeke en tydskrifbande in die kelder te bepaal. Ook die nuwere tydskrifbande in die vakversamelings is gemeet en geweeg (en nie te lig bevind nie), omdat 'n kwota daarvan ook jaarliks na die kelder verskuif.

## DERDE Verdieping

### Gelukwense!

Mej Amanda Nel het almal heerlik verras deur haar te verloof aan dr Johan van der Hoven. Amanda, baie hartlik geluk van ons almal. Mag julle 'n baie mooi lewe saam tegemoet gaan, en ons hoop dat julle eerste getroude jaar "in die weermag" julle vriendelik sal behandel.

Onleesbare skrif en tikfoute lewer soms komiese resultate op. In 'n getikte bibliografie vir Dept. Mynbou-ingenieurswese het die volgende foute voorgekom:

Ealing Science Teaching Catalogue is getik as Eating Science Teaching Catalogue. Die massabewuste dames in ons geledere sou sekerlik hierdie boek met vrug kon gebruik.

R.S.A. Dept. van Mynwese. Aanbevelings van die Komitee op Rotsbarstings is getik as R.S.A. Dept. van Mynwese. Aanbevelings van die Komitee op Robbarstings. Wat dié vinvoetige seediere in die myngange soek en hoekom hulle bars sal ons graag wil weet.

United States. Dept. of the Interior. Bureau of Mines is getik as United States. Dept. of the Inferior. Bureau of Ruines. Met pres. Carter aan die stuur kan 'n mens verstaan waarom die Amerikaners minderwaardig en bouvallig voel!

## TIKSTERS

Om te vlug van die winterkoue in Pretoria, het Minda Meyer so 'n bietjie son en warmte in die Bosveld vir 'n week lank gaan soek. Dit was vir hulle heerlik en stil en rustig in die natuur.

Hulle was 'n groep van twee-en-twintig, dus kon hulle 'n gesellige kring om die groot kampvuur in die aande vleisbraai en gesels.

Gelukkig vir hulle was hulle op 'n "Land-cruiser" besig om na die wild te kyk, toe hulle sommer so 'n ou groot mamba gewaar.

Minda ons hoop jy gaan nie te veel dagdroom oor die heerlike ondervinding nie, welkom terug.

## BINDERY

By die Bindery gebeur daar nog elke dag niks wat nuuswaardig is nie. Tussen stukkende boeke en ontbrekende tydskrif-aflewerings hou ons nog kop. Nog tyd vir, mangel-operasies, mej. Dalena van der Merwe, gaan kuier in die wit sandvan Sodwanabaai, mnr Julie Luüs, en met 'n drie-weke se voetestamp by Voortrekkerhoogte vir mej Dalena van der Merwe - groet ons tot volgende maand.

## TYDSKRIFTE

Mev Inarié Annandale het besluit om na beter oorde te verhuis - en almal sal saamstem dat die sonskyn van Durban lekkerder is as die buisligte van die Merensky. Ons wens haar man baie geluk met sy bevordering en hoop dat dit goed sal gaan in die nuwe omgewing. Ons sal Inarié werklik mis, maar is bly dat ons nou 'n uitspanplekkie in Durban het.




Sy móét hier iewers wees - ek hoor snikke.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONTSLUITING

Lekker ou wintervakansie! Die afgelope tyd het dit in die ontsluitingsafdeling gelyk soos 'n Italiaanse skoenfabriek tydens 'n staking. Net so hier en daar het 'n verdwaalde gesig bo 'n dubbele kwota werk uitgesteek en gewens die mense moet terugkom. Om ± 8 cm kaartjies op 'n Maandag in die katalogus, in te sorteer was nog nooit 'n grap nie!

Mej Clarisse Venter was so gelukkig om by die see te kon gaan uitspan. Van haar goeie voorneme om "Lord of the Rings" te lees, het toe niks gekom nie - seker die hele tyd gedroom wat om alles met die meevallertjie van oordie-water te maak. 'n Elna naaimasjien was toe eerste op die inkopielys - wonder wat is volgende?

Mev Manda Lang is terug in Pretoria - vas oortuig dat Standerton die koudste plek in Transvaal is. Met die terugkomslag het sy en mej Manda Mörsner 'n paar dae by Veeartseny gaan aflos - en wou, op voorskrif van die Kat(astrofe) by Veeartseny ook hûlle katte saamneem.

Die ou is glo baie alleen en soek bietjie skindernuus uit die stad uit.

Mevv. Dina Smith en Anette Lessing het toe intussen albei dogters ryker geword. Of hulle toekomstige kollegas in die Merensky sal wees, sal die tyd maar moet leer ...

Mej Breggie Kotzé is nou oortuig dat sy uiteindelik die regte sagmaakmiddel vir haar stapstewels raakgeloop het. Is dit nie maar net jou voete wat taaier geword het ná 'n drilsessie in min P.W. se "biggest six" nie, Breggie?

Terloops, ek wonder of mev Ria Visser weet wat die grootste nadeel van 'n Mini is - mens kan tweekeer meer van hulle in 'n verkeersknoop kry as ander modelle!

Heidi ... Black Beauty ... Great Gatsby ... Barry Lyndon ... Nee, ek kyk nie TV nie, en ek fliek ook nie. Ek doen rakkontrole by Engels letterkunde - het regtig die werk so gou moontlik probeer afhandel en nie tussen die rakke bly sit en eers - Heidi gelees nie...

# AFRICANA

Die afgelope "vakansie" is, mens kan maar sê, berge versit in Africana. Vir eers is die tydskriftitels in alfabetiese volgorde herrangskik. Terselfdertyd het die tydskrifte en proefskrifte plekke omgeruil. Met die hulp van Markus en veral Petrus, het die verskuiwing sommer glad en vinnig verloop. En die opspoor van 'n tydskriftitel is nou nie meer 'n probleem nie!

Dit was 'n blye dag verlede Maandag toe mev. Marietha Kuhles haar by ons in Africana kom aansluit het. Selfs die geluide uit haar tikmasjien klink soos musiek in die ore. Of dit dalk die gevolg is van haar musiekagtergrond weet ons nie - of moontlik omdat sy veral gemoeid is met die uitbou van die nasionale musiekversameling. Baie welkom tussen ons, Marietha - ons gaan lekker saam werk.

# KATA(LOGU)STROFES II

Nog so paar staaltjies wat ons so tussen die arbeid deur by katalogusadvies "ervaar" het.

S: Ek soek interessante inligting oor perde.
K: Wel, hier's 'n nommer by Dierkunde en een by Opvoedkunde - gaan soek maar so 'n bietjie daar rond.
S: Ek het goed by Dierkunde gekry, maar hierdie Opvoedkundenommer is die perd wat in gimnastiek gebruik word.
K: O, gorrelpyp - nou sien ek dit ook: perdry is eers op die volgende bladsy van die klassifikasietabelle!

S: Is julle die langnaweek oop?
K: Nee, ongelukkig nie.
S: Ag nee, ek bly dan spesiaal hier om te swot!

Opgemerk gedurende katalogusadvies op 'n stil Vrydagmiddag:

'n Klein seuntjie kom by die draaihekkie in, gaan kledkamer toe, en wil weer by die draaihekkie uitgaan. Hy sien toe blykbaar die "geen uitgang" teken, en beweeg toe na die regte hek, maar sien toe dat dié ook "toe" is - verdwyn toe buite die gesigsveld na die agterste hysbak op die grondvloer. Hy gaan na 'n ruk weer na die draaihekkie en die toonbankpersoneel wys hom daarop dat hy nie daar kan uitgaan nie. Hy beweeg weer buite die gesigsveld. 'n Bekommerde katalogusadviseur gaan soek hom - en kry 'n hoogs benoude seuntjie by die leeskamer.
K: Wil jy uitgaan?
S: (Naby trane) Ja, asseblief tog, tannie!
K: Sien jy daardie hek? Jy moet daar uitgaan.
S: Maar hy's dan toe, tannie (snik)
K: Nee jong, jy stoot hom net oop - kom, gee jou hand, dan wys ek jou.
S: Ag, dankie toggie - ek dog ek kom nooit weer uit dié groot plek nie!

S: Is julle Saterdae ook oop tot 10nm?
K: Nee, beslis nie!
S: Nou maar hoekom nie ... ek het spesiaal my afspraak die naweek gekanselleer sodat ek my taak Saterdagaand kan klaarmaak!

S: 'n Vereenvoudigde vis, asseblief, juffrou! Nadat die katalogusadviseur al die moontlike nommers by Dierkunde en Huishoudkunde begin naslaan het, moes sy agterkom dat die studente eintlik 'n motief vir 'n kanselkleed soek!

Stel jouself die Merenskypersoneel voor in die nuutste studentemodes. Katalogusadvies is 'n uitstekende waarnemingspos om goed op hoogte van sake te bly!

Mans: Gekreukelde khakibroeke wat van net-net onder die bors tot net-net onder die kuite strek; met somtyds geen sokkies by die velskoene nie, en dikwels kruisbande vir die geheelbeeld. Sommige van hierdie kreature uit die Voortrekkertydperk probeer darem nog "mod" wees deur 'n pêrel- of goue oorbelletjie aan die één oor te hang - soms met 'n raps oogskadu - seker om nie te bleek by die neonligte te lyk nie!

Dames: Kort, omgevoude sokkies by plat sandale; stewels waarby omgevoude kouse uitsteek, dun tjalies wat op die grond sleep, asemontnemende nou denims by hoëhaksandale of bergklimstewels, snaakse hoeke op kapsels wat lyk asof hulle vingers per ongeluk in 'n lewendige muurprop beland het ...



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# AANSKAF

Vakansie-gees voer die botoon in die Seksie Boekbestellings. Mev Rautenbach kuier heerlik langs die see en verlustig haar in ou vriend Walter Batiss se mooi briewe om nuwe moed te kry vir die stapels boekaankondigings en geskenke.

Mev Berry Matzopoulos kuier ook vir 2 weke by die huis met die skoolvakansie en mej Valerie Snodgrass sluit ook na 'n week weer by die afdeling aan, terwyl mev Annemarie Pienaar weer by die huis gaan uitrus.

Aan die wat agterbly, alle sterkte met die rakkontrole.

## Verjaarsdae

3 Mnr C F Buys - Bindery

5 Mev I Venter - Toonbank

18 Mev A L de Jager - Ontsluiting

19 Mnr P Erasmus - Bindery

21 Mej A van Rensburg - Ontsluiting

23 Mej J M M Breedt - Boekbestelling

27 Mev S Höll - Interbiblioteeklenings

## Is Die "Romantiese Roete" Nog Romanties?

Vooraf wonder jy: hoe lyk 'n land nou eintlik romanties? Is dit so mooi? Is die lewe so lekker?

In Würzburg het dit begin met die Residenz (die asembenemende ou paleis wat die setel was van die regerende biskoppe van destyds). Die prag en skoonheid van dié paleis ken geen perke nie. Sy hout ingelegde vloere (wat, toe dit ná die oorlog herstel moes word, tot R500 per vierkante meter gekos het om weer sô daar te stel!), die pragtige skilderye teen die mure, die fynste kristalkandelare en porselyn verhitters is werklik iets uit 'n ander wêreld.

Die ou-ou stad (aan die Mainrivier) met sy kieselsteenstraatjies en sy straatmarkte, verkeer in vrolike stemming a.g.v. die St Kiliansfees (wat biertuine en blaasorkeste op die ou brug beteken - met duisende mense wat saam verkeer). Die pragtige ou museum in die ou burg bo-op die berg (die aangenaamste wat ek ooit besoek het) en sy groen wynlande - dra alles by tot die stemming waarin mens verkeer aan die begin van die romantiese roete.

Héérlik is dit om in 'n prominente boekwinkel se venster hier 'n groot keurboek te sien met die titel "South Africa in Pictures" en daaronder "Afrikaans for the Foreigner"!

Op pad na Rothenburg is die landskap idillies mooi. So groen dat jy eintlik wonder of dit moontlik is. In elke valleitjie is die rooi dakke te sien van nog 'n boerderygemeenskappie. Baie denneplantasies verleen aan dié heuwellandskap 'n besondere rustigheid.

Oral langs die pad vind mens die ou-ou kerkies en kastele wat die prag en skoonheid van vervloeë dae weerspieël - en mens kry 'n kykie op die geweldige energie en kapitaal wat die voorgeslagte bereid was om ter wille van die skoonheid daar te stel.

Mens bereik Rothenburg via ou stadspoorte waardeur jy binnery. Parkering word uitsluitlik op die hotelperseel gedoen, aangesien die straatjies veels te nou is daarvoor. Mens kan jouself nou die vraag stel van hoe dit voel om in 'n tipiese behoue middeleeuse dorpie te bly - Rip van Winkel voel skielik na jou eie bloedbroer! Op die geboue staan die datums 1495, 1520 ens. ingeprent. Die klooster en Katedraal, sowel as die stadhuis is die prominente sentra daar, waarom die lewe van destyds gedraai het.

Saans, wanneer jy met die nou trappies klir tot bo-op die stadsmure, waar jy na buite kyk deur die skietgate, en jy sien die valhek bokant die poort, dan soek mens onwillekeurig na die wagters op die mure ...

Die eindpunt van dié roete, lewer ook die hoogtepunt op: die manjefieke paleis van Ludwig II - die "mal" koning van Beiere. Imposant lê dit bo-op 'n bergpiek met die grootse Alpe as agtergrond. Ná wat voel soos 'n dagreis te voet, bereik jy uiteinde die bopunt van die berg - en sien jy waarom dié besondere plek gekies is: die uitsig is onbegrens en onverbeterlik mooi. Klein voel mens as jy staan voor dié paleis- die droompaleis - wat sewentien jaar geneem het om te bou.

'n Argitektoniese wonder is dit enersyds met sy sentrale verhitting (!), die geboude grot vanuit sy slaapkamer waarin swane destyds in poele rondgeswem het ... Die binnemure is geverf om die effek van die hedendaagse plakpapier te verkry. Oral is houtsneewerk te sien - so fyn en delikaat, dat mens verbaas is dat dit teen die aanslae van die tyd behoue gebly het.

In die koning se slaapkamer alleen, het veertien persone vir vier jaar lank uitsluitlik aan die houtsneewerke gewerk. In baie vertrekke is die houtsneewerk met 24 karaat suiwer goud oorgetrek. Saam met die ingevoerde kandelare uit Boheme, die marmer in die subtielste kleure van oraloor, die spieëls en pragtige, ingelegde houtvloere en tallose skilderye - het die vrugbare verbeelding van koning Ludwig iets daargestel wat soveel mense lok, dat hulle in hoogseisoen teen 'n tempo van 8 000 daagliks die paleis besoek. Op kieries kom hulle die hoogte uitgestrompel om dié ervaring nie mis te loop nie. (Die mal koning het heelwat bewonderaars tot vandag toe!)

Aan die einde van 'n dag wanneer die son ondergaan teen ongeveer tienuur, halfelf, dan vind mens al die inwoners van die gemeenskappie by die verskeie eetplekkies. Ná die arbeid van die dag op die lande, om alles in gereedheid te kry voor die winter begin, het elke man en vrou hulle netjies gemaak, en geniet die maaltyd wat deur iemand anders aan hulle voorgesit word.

Die geselskap is vrolik en gesellig. Die halfliters bier wat voor elke gas staan, proe soos die ware Jakob, en elke groepie is so betrokke by sy geselskap, dat buitefaktore soos reën, of die onaangeskakelde televisiestel in die hoek, totaal by hulle verbygaan.

Teen die tyd dat die dag môre breek, is hulle oorgehaal vir die werk wat moet voortgaan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dieselfde gemotiveerdheid en postiewe gees, sien mens in die pragtige chalets waarin hulle bly. Die buitemure is beskilder; in die blombakke blom alles met onverdeelde oorgawe. Langs die huisie is die gekapte hout vir die winter opgestapel tot teen die dak.

Verder sien mens oral teen die hange die moddervet beeste wat luilekker wei met 'n groot klok om die nek.


Die prentjie van jou verbeelding het skielik lewendig geword. Jy beleef 'n lewe in die realiteit, maar weg van die Autobahn en die industrie. Hier is nog ruimte vir 'n stukkie uit die Middeleeue en 'n paleis wat uit 'n droom gebore is. Voorwaar 'n romantiese roete wat enig is in die belewing daarvan.

Hoe lyk dit met u volgende droomvakansie?

## te koop

Volkswagen Kewer 1300
1978 Model 3 200 km.
Kontak: Mev Willemse, BMW-biblioteek

## PROBEER 'n KEER



AF

1. President van die Institute of Scientific Information.
2. Gebed.
9. Geen - of boe sê nie.
15. Vat hom!
18. Hoof van 'n monnikklooster
19. Boekekenner
20. - en hy.
21. Tydskrifte-indeks.
22. Internasionale Standaarde Organisasie (afk.)
23. 'n Kopie van 'n oorspronklike manuskrip.
24. Nóg warm nóg koud.
25. In - en roer.
26. Wat - jy?
27. Vark.
28. Universiteit van Pretoria (afk.)
29. Liriese lofgedig.
30. Engineering Index (afk.)
31. en ander (afk.)
32. Library of Congress (afk.)

DWARS

1. Sy - is uit.
2. Boekkegekke.
3. Oksideer
4. Mal.
5. Lopende rekening (afk.)
6. Iemand se kop tussen sy - sit.
7. Institution of Electrical Engineers (afk.)
8. Swartgoud.
9. Naslaanbron wat nuwe tydskriftitels bevat.
10. 'n - voor iemand se oë draai.
11. Library and Information Science Abstracts (afk.)
12. Dwarshout aan die mas van 'n seilskip.
13. Glasagtige liggaam wat ligstrale van rigting laat verander.
14. Smal, lang streep in die aardkors wat delfstowee bevat.
15. Akkommodasie vir 'n gevorderde nagraadse student.
16. Afgemat.
17. Journal of Metals (afk.)

# uit die spens

## lemoenkoek

Mev Lorraine Erasmus

4 Eiers
1½K suiker
2K meelblom
sout

2t bakpoeier
1K melk
4E botter gesmelt

Klits eiers en suiker goed. Voeg meel, bakpoeier en sout by, meng. Gooi melk en gesmelte botter by. Gooi mengsel in 'n groot gesmeerde tertbord. Bak 30 min. - 350°F. Haal uit oond en gooi stroop oor.

Stroop

2K suiker
½K water
4E botter
2½K lemoensap
3-6t lemoenskil

Kook vir 5 min. Druk gate in koek en gooi stroop oor




"It is for my friend Miss Johnson, she said you know exactly what she wants."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD

## TOTSIENS



Mej Ansie Nolte
Voorgraads



Mev Inarié Annandale
Tydskrifte

## WELKOM




Mej Marietjie Greyling
Tiksters

## Redaksie:

| | | |
|---|---|---|
| Redaktrise | - | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | - | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | - | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | - | Mev M-L Erasmis |
| Medewerkers | | |
| Beplanning | - | Mej J Joubert |
| Aanskafafdeling | - | Mev E du Plessis |
| Bindery | - | Mnr C F Buys |
| Leendienste | - | Mev M Verster |
| Ontsluiting | - | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | - | Mnr J Davies |
| Tiksters | - | Mej C Potgieter |
| Tydskrifafdeling | - | Mev B Gunter |
| Vakbibliotekaresse- en assistente | - | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | - | Mev H Nel |
| B M W | - | Mev M Willemse |
| Medies | - | Mev A van der Watt |
| Landbou | - | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | - | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | - | Mev B von Ehrenberg |
| Fotograaf | - | Mnr P de Koek |
| Fisiese Versorgers | - | Mej W Shipman |
| | - | Mnr W Porter |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## DIE KOMENDE SABV- KONFERENSIE

Ek het in die vorige nommer van Biblikasie na die belangrikheid van die komende konferensie van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in September verwys. Net soos die eerste biblioteekkonferensie van presies vyftig jaar gelede sal dit eendag waarskynlik ook as 'n keerpunt in die ontwikkeling van die biblioteekberoep in Suid-Afrika bestempel kan word.

Voortspruitende uit die biblioteekkonferensie van 1928 is die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1930 gestig en het dit sedertdien 'n belangrike rol in die vestiging en uitbouing van die biblioteekberoep in Suid-Afrika gespeel. Dit is o.a. aan SABV te danke dat die stadium bereik is dat op die komende konferensie besluit moet word oor die skepping van een professionele organisasie om die belange van die biblioteek- en inligtingsberoep in Suid-Afrika te behartig.

Tot dusver kon enige persoon wat enigsins in die biblioteekberoep geïnteresseerd is (om watter rede ookal) as lid van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging op 'n konferensie (as die hoogste beleidmakende liggaam) op gelyke vlak met die gekwalifiseerde bibliotekaris sy stem uitbring oor sake wat vir die bibliotekaris en sy beroep van kardinale belang is. Met die beoogde professionele organisasie word gepoog om te verseker dat die professionele bibliotekaris voortaan self oor sy eie beroepsaangeleenthede sal besluit. Met die oog daarop sal slegs persone wat aan die vereistes vir professionele lidmaatskap voldoen, by die voorgestelde professionele organisasie kan aansluit. Daardeur word dit vir die professionele bibliotekarisse van die verskillende bevolkingsgroepe moontlik gemaak om by dieselfde professionele liggaam aan te sluit en om gesamentlik in belang van die biblioteekberoep in Suid-Afrika op te tree.

Die totstandbrenging van genoemde professionele organisasie mag egter nie meebring dat die groot aantal nie-professionele bibliotekarisse en ander biblioteekpersoneellede haweloos gelaat word nie. Daar is telkens met groot waardering gewag gemaak van die uiters belangrike rol wat genoemde persone in ons biblioteekwese speel. Dit is dus essensieel dat daar ook in verenigingsverband na hulle behoeftes omgesien word. In die lig daarvan word 'n verskeidenheid van geaffilieerde verenigings en ander liggame (bv. op grond van geografiese en etniese oorwegings asook spesialiserings- en belangstellingsrigtings) in die vooruitsig gestel.

Vervolg/ ...



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die finale kriterium vir ons professionaliteit lê egter nie in pragtige skemas op papier of 'n indrukwekkende beroepsvereniging nie. Die status van ons beroep sal in die eerste en laaste plek steeds bepaal word deur die bibliotekaris se vermoë om die diens te lewer wat hy aan sy gemeenskap verskuldig is. U en ek sal die behoeftes van die Tukkiegemeenskap dus altyd voorop moet stel en deur ons volle diensbaarheid die status vind wat net deur toewyding, ywer en selfrespek bereik kan word. Ons vertrou dat hierdie grondliggende gedagte ook by die komende konferensie en beraadslaginge oor professionalisering nie oor die hoof gesien sal word nie.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

---

As 'n mens op jou lewenspad nie nuwe kennisse maak nie, sal jy spoedig vind dat jy alleen staan. 'n Mens moet jou vriendskapsbande voortdurend in stand hou.

Samuel Johnson

---

# SUID-AMERIKAANSE VOORGEREG

Gedurende Julie het ek die voorreg gehad om as lid van die Universiteitskoor 'n konsertreis deur Suid-Amerika te onderneem. Ons het Argentinië, Paraguay en Uruguay besoek. Glo my, dit was 'n belewenis te groot om op papier vas te pen - ek wil hier net 'n paar interessanthede vertel.

Voedsel is een van die mens se mees basiese behoeftes; miskien daarom dat ons die Suid-Amerikaners se eetgewoontes so intens beleef het. Soos in Europa bestaan ontbyt uit broodjies en koffie. Die koffie is heerlik en aanvanklik was die soeterige krapvormige broodjies vir ons 'n groot aardigheid, maar later het ons verkies om ontbyt oor te slaan en laat te slaap. Die hoofmaaltyd word saans geëet, gewoonlik eers vanaf 20h30. Teen daardie tyd het die meeste van ons al 'n goeie aptyt opgewek, maar ons moes leer om ons honger oor 'n periode van 1½-2 ure te stil: die Suid-Amerikaners eet rustig - die naglewe begin eers om sowat 23h00. Die belangrikste gereg is biefstuk en ons het die geleentheid (verleentheid?) gehad om weg te lê aan 'n biefstuk wat feitlik die hele bord in beslag geneem het. Groente word min geëet, wyn is gewild. In Mendoza, in Noordwes-Argentinië het ons die grootste wynmakery ter wêreld besoek. Kwaliteitsgewys kan die Argentyne nog heelwat by die KWV leer.

Ons het die meeste vervoermiddels in Suid-Amerika beproef: vliegtuie, busse, motors, treine, moltreine en 'n veerboot (wat ons binne 3 ure oor die monding van die magtige Rio de la Plata geneem het). Die eienaardigste egter was die verkeersetiket by kruisings waar daar geen robotte is nie. 'n Aankomende bestuurder ry net effens stadiger, druk op sy toeter om ander verkeer te waarsku en gee vet oor die kruising. Saans ry motors met net die parkeerliggies aangeskakel (om krag te bespaar?). Die hoofligte word geflits as 'n kruising oorgesteek word. Snaaks genoeg, ons het geen motorongelukke teëgekom nie.

Op straat in Argentinië sien 'n mens oral tekens van die Argentynse oorwinning in die wêreldbekersokkerkompetisie: plakkate van die wenspan, sokkerbalsoeweniers en Argentynse vlae. Selfs in een van die katedrale waar ons opgetree het, was die kleure van die vlag vanaf die dak gedrapeer. Skoenpoetsers op straat is iets wat ons nie ken nie, maar dis 'n belewenis om die deskundigheid en oorgawe waarmee hierdie mense hulle werk doen, te aanskou.

In Uruguay word geboortebeperking op ongewone wyse bevorder: dubbelbeddens is baie skaars! Weens die gebrek aan hout in die land is sneespapier en toiletpapier 'n luukse. Geletterdheid is egter binne elkeen se bereik, want alle onderwys en universitêre opleiding is gratis. Meer as 90% van die bevolking is dan ook geletterd.

Van Paraquay se handgeborduurde tafeldoeke, bloesies, hemde en dasse kan 'n mens amper nie genoeg kry nie. En so voel ek oor die hele Suid-Amerika. Ek wil teruggaan om die prag van die sneeuwit Andesgebergte, die rustigheid van die dorpies en die aanhoudende gewoel van Buenos Aires verder te verken.

---

People have the idea that there must be somewhere in the library one book or several books which contain everthing they have to know. Wisdom cannot be acquired this way. You must read 'n great number of books.

You will make mistakes, you will read bad books but it is necessary that you yourself discover by reading what is good and what is bad.

Ludwig von Mises

---



Sluwe Stefaans -
Die verklikker se moses
en die vakbibliotekaris
se doring in die vlees.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Uitslag van blokkiesraaisel

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. G | O | | | 18. A | | 19. B | | 20. O | | | 21 R |
| A | | 2. B | 22 I | B | L | I | O | M | 23. A | N | E |
| 3. R | O | E | S | | | B | | | P | | P |
| F | | 4. D | O | 24 L | | 5. L | 25. R | | 6. O | R | E |
| 7. I | E | E | | 8. O | 32. L | I | E | | G | | R |
| E | | | 9. B | U | C | O | P | | 10. R | A | T |
| 11. L | I | 26. S | A | | | G | | 12. R | A | | O |
| D | | E | | 13. L | E | N | S | | 14. A | A | R |
| | 27. O | | 29. O | | | O | | | F | | I |
| 15. S | T | 28 U | D | I | 30. E | S | 31. E | L | | | U |
| A | | 16. P | E | | I | | A | | 17. J | O | M |

AF

1. President van die Institute of Scientific Information.
2. Gebed.
9. Geen - of boe sê nie.
15. Vat hom!
18. Hoof van 'n monnikklooster
19. Boekekenner
20. - en hy.
21. Tydskrifte-indeks.
22. Internasionale Standaarde Organisasie (afk.)
23. 'n Kopie van 'n oorspronklike manuskrip.
24. Nôg warm nôg koud.
25. In - en roer.
26. Wat - jy?
27. Vark.
28. Universiteit van Pretoria (afk.)
29. Liriese lofgedig.
30. Engineering Index (afk.)
31. en ander (afk.)
32. Library of Congress (afk.)

DWARS

1. Sy - is uit.
2. Boekkegekke.
3. Oksideer
4. Mal.
5. Lopende rekening (afk.)
6. Iemand se kop tussen sy - sit.
7. Institution of Electrical Engineers (afk.)
8. Swartgoud.
9. Naslaanbron wat nuwe tydskriftitels bevat.
10. 'n - voor iemand se oë draai.
11. Library and Information Science Abstracts (afk.)
12. Dwarshout aan die mas van 'n seilskip.
13. Glasagtige liggaam wat ligstrale van rigting laat verander.
14. Smal, lang streep in die aardkors wat delfstowee bevat.
15. Akkommodasie vir 'n gevorderde nagraadse student.
16. Afgemat.
17. Journal of Metals (afk.)

# PENDORING (Edms) Bpk.

Met die rondblaai in die bekende Biblioteekwoordeboek was dit opvallend dat die biblioteekberoep seker een van dié is met die langste woorde in sy woordeskat. Of daar iets aan te doen is - en of mens daaraan iets wil doen is nie nou van belang nie, maar stap net 'n slag saam deur die bib-li-o-teek in die algemeen, en die Merensky in die besonder, en sê bietjie elke woord waarna verwys word.

Die meeste van ons ontvang ons opleiding deur middel van die Bib-li-o-teek-kun-de-de-par-te-ment. Daar leer ons van klas-si-fi-ka-sie-stel-sels, ka-ta-lo-gi-se-ring, on-der-werps-ka-ta-lo-gi, en dra ons ewe slim die en-si-klo-pe-di-eë rond wat ons al-ge-me-ne na-slaan-wer-ke noem.

Die dag as ons begin werk, kry ons te doen met uit-leen-stel-sels, in-ter-bib-li-o-teek-le-nings, ad-di-si-o-ne-le ek-sem-pla-re, ka-ta-lo-gus-kon-tro-le, - en dra dan stam-boe-ke rond op soek na verlore pu-bli-ka-sies.

Die dag as ons by die Merensky begin werk, kan jy of 'n vak-bib-li-o-te-ka-ris-as-si-stent wees, of 'n ka-ta-lo-gus-ad-vi-seur, of dalk verdien jy jou daaglikse brood deur middel van die Ge-re-ser-veer-de Stu-die-ver-sa-me-ling, Afdelingshoofde is gereeld in die SOP(vergadering) - en gebruik ons almal deesdae ewe geleerd die re-ke-naar-uit-druk-ke wat netjies ingebind op strategiese punte beskikbaar is.

Daar is darem ook lekkersê woorde wat so 'n gelyktetjie maak tussen die bult-op-en-bult-af-woorde. Dink maar aan volgkaart, ekserp, en rollerrakke wat dalk in die kelder gaan kom om ruimte te bespaar.

Ek het groot respek vir die mense wat al die terme tot stand gebring het, en erken ruiterlik dat daar nie altyd beter woorde is nie, maar moet ons nie 'n slag soos As van Straten se Pendoring (Edms) Bpk (810.2 Straten) probeer om "twee sinne met een woord saam te vat nie." Is ons 450 S.E.-diens se enjin nie dalk al skaam vir hierdie swaar 1958-Buick bakwerk waarin ons hom indwing nie?






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

THE VALUE OF READING

Gesina Grobler

"Books are the treasured wealth of the world, the fit inheritance of generations and nations."

The truth of these words has been proven through the centuries. Today more and more people realise the value of reading and libraries are erected in every town and at every school.

Life in the twentieth century has become a battle against time. Many people are pinned down in cold and ugly buildings. Fortunately, they can travel to remote places and peaceful countrysides, far from the city-bustle, by means of an imaginary journey with the author of a well-written travel story. When they shut the book, they will feel as if coming home from a long and enjoyable holiday.

Relations among human beings are becoming a major problem all over the world. Where can one find a better guidance to the depths of a fellow human being's feelings and problems than by looking through the objective eye of a sensitive author? Where can one get rid of one's own emotional disturbances better than by reading a beautiful peom? Where can one find a better way to discover oneself than by reading books on psychology?

When suffering from mental fatigue or when everyday worries are driving one out of one's mind, a light novel or a good detective story can distract one's thoughts from such weary subjects until the spirit is restored and one has the courage to face troubles again.

The "Might of Knowledge" has obtained a superior place in the world nowadays. Anybody who wants to be progressive in life has to study in libraries. A wealth of books on every subject in the world can be found, if one only takes the trouble to look for them.

It is necessary for everybody to know what is going on in every part of the world. Newspapers and magazines give one a correct and clear insight into each day's events and prepare one for anything that may occur.

Unfortunately, books are often used to bewitch the mind of the crowd. Therefore one must be careful what one reads. Cheap sentimentality should be avoided and the following saying should be kept in mind: "You are known by the books you read."

If one builds up a mature taste in one's choice of books, they can become genuine friends. Knowledge will then be one's priceless inheritance and one will be re-formed into a more interesting personality.

Books are worthwhile reading, because they stimulate the memory and are the symbol of civilization.

---

"He who does not believe in miracles is not a realist."

# uit die spens

Deurmekaardoopsous

Mev Manda Lang

1 bakkie roomkaas
½ koppie room
2 eetlepels mayonnaise
1 teelepel suurlemoensap
2 eetlepels tamatiesous
1 eetlepel suiker
½ koppie gerasperde cheddarkaas
1 groot gerasperde ui
sout en peper na smaak

Meng alles goed saam. Voeg nog room by indien nie glad genoeg. Proe maar dikwels - dis 'n goeie kok wat sy vingers aflek. Hierdie resep is voldoende vir ± 'n ½ liter doopsous. Dit kan in die yskas gebêre word - hou net die muise en ander familielede daaruit!

---

Die dowe koster het heel voor in die kerk gesit. Terwyl die dominee aankondig dat die ouers wat wil laat doop na die diens hul name by die konsistorie moet opgee, het die koster se gedagtes 'n bietjie gedwaal. Menende dat die dominee van die nuwe gesangboekies praat, staan die koster ongeërg op en sê: "Die van u wat nog nie het nie kan maar by my kom kry: 60c vir die wittes en 50c vir die swartes."

---

# van die buiteposte

## MUSIEK

Laat dit nou maar waar wees: Augustusmaand is die klein jakkalsie maand in die akademiese wingerd. Almal is moeg, krapperig en wil mekaar net gryp. En ongelukkig spring ons hierdie storms nie vry in die musiekbiblioteek nie. Dit is 'n klein intieme akademiese gemeenskap wat ons bedien en dit neem nie lank voordat 'n mens baie terdeë bewusraak van al die haakplekke nie, en jou stuur moet ken om neutraal en onbetrokke te bly.

Benewens dit wat ons taakomskrywing aandui, het ons ook nog 'n biegvaderfunksie. En soos dit 'n goeie biegvader betaam moet jy dit wat aan jou vertel word in die diep put van jou geheue stoor, agter vertrouens slot en grendel wegsluit en die sleutel weggooi. Ja, dit lyk vir my ons voorsien in meer as net die akademiese inligtingsbehoeftes van ons gebruikers. Die biblioteek word vir hulle ook 'n raadgewer vir die akademiese kontakstoornis probleme op inter-persoonlike vlak.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONDERSTEPOORT


Onderstepoort het intussen wat sy dierebevolking betref heelwat uitgebrei en spog met die aankoms van klein varkies, bokkies, lammers en 'n kalfie.

Op die biblioteekfront het die semester weer bedrywig begin. Met die intrapslag het ons begin met aanmanings aan studente vir uitstaande boeke, boetegeld en fotokopieërgeld. Die reaksie is werklik bevredigend.

Ons wil ook sommer van die geleentheid gebruik maak om mev Manda Lang en mej Manda Mörsner wat die fort hier moes hou in ons afwesigheid hartlik te bedank. Baie dankie ook Manda Lang vir die regpak van ons kaste en laaie, hoor!

VERJAARSDAE

5 Mev M C Blignaut - Ontsluiting
6 Mev A E van der Watt - Mediese Biblioteek
7 Mev M S P Visser - Ontsluiting
9 Mev J M Cilliers - Beplanning
10 Mev H J Strydom - Tydskrifte
10 Mnr P S Grobler - 3de Verdieping
12 Mej S Gericke - Ontsluiting
12 Mnr V F Hulme - Buitemuurs
13 Mev M W Rautenbach - Boekbestelling
15 Mnr D J Hughes - Bindery
17 Mej A Honiball - Sekretaresse
17 Mev C van Waesberghe - 2de Verdieping
18 Mej M S Mörsner - Ontsluiting
19 Mej S Möller - Mediese Biblioteek
20 Mnr W S H Porter - Bindery
21 Mnr J C E du Preez - Kleingeld
22 Mnr C W Venter (Militêre Diensplig)
23 Mev A Pienaar - Boekbestellings
25 Mev I Koekemoer - Beplanning
27 Mev M S J Viviers - 1ste Verdieping
29 Mev E J van Wyk - 2de Verdieping
30 Mnr H de Bruin - Adjunk-Direkteur
25 Mev D Wheeler - Interbiblioteeklenings



....Is dit Crost en Zankey meubelmakers ......?

# uit die afdelings

## BEPLANNING

Die Afdeling Beplanning het rede om fees te vier: mnr Rolf Tönsing se vrou en kinders is terug na 'n tweemaandelange besoek aan Duitsland en mnr Peter Lor het sy M.Bibl.-graad met lof behaal. Ons is ook glad nie verbaas nie - dis 'n welverdiende beloning. Baie geluk!

## ONTSLUITING

'n Maand van hier-kiep-kiep, daar kiep-kiepwoerts, kom ons ontsluit gou 'n (spoed) boekie, is toe ook verby. Met die vraelyste, kontrole van die Landboukaartjies en ander "parafinalie-se" take wat so knaend hul koppe uitgesteek het, het die stroom nuwe boeke wat kort gelede nog met die Januariewolkbreuk vergelyk kon word, nou amper begin lyk soos die Bergrivier tydens die pas afgelope marathon. Maar toemaar, oor vraelyste en die Landbouprojek kan mens dalk ook later 'n storie skryf ...

So tussendeur het die Otto's besluit om maar liewer heeltemaal 'n nuwe motor te koop as om net die Apaché se slotte te vervang om ongenooide sakkies lemoene uit te hou. Mev Rieta Otto is dus nou die mede-eienaar van die blinknuwe Rekord wat deesdae P4 versier. Praat van weelde! Dis nog net die telefoon en elektriese tandeborsel wat kort, dan was dit 'n vyfster op wiele!

Mev Amke de Jager het in haar poging om vinnig fiks te word voor die somer haar een voet se ligamente so beskadig dat sy nou letterlik die somer op 'n gipsbeen binnehink. Ook maar goed dat sy so 'n "draagbare" model is, anders het sy dalk nou nog in die Trimpark gesit!

Mej Manda Mörsner het twee dae kosbare verlof opgeoffer om te gaan naslaanwerk doen vir 'n taak oor die jongste Afrikaanse drama's by die R.G.N. Na al die oplees voel sy seker soos Die Keiser se Hofnar wat 'n Taraboemdery-draai by die Seder in Waterkloof gaan maak het.

Mejj Breggie Kotzé en Jo Breedt en mev Jean Maree het elkeen 'n week vakansie gehad in 'n poging om liggaam en siel weer bymekaar te kry na die Landboukontrole. Hulle was vas oortuig dat hulle liggame daardie voorafgaande week skoon onder hulle siele uitgewerk het! Breggie het 'n draai op Potchefstroom gaan maak om familiebande te versterk - en sommer net weer langs die Mooirivier te gaan stap en kyk hoe die wilgers begin bot. Hoop dit was 'n verkwikking van liggaam en gees, Breggie!

Mejj Leonie Vorster en Santie Gericke droom deesdae net oor groot, goedkoop, gemeubileerde woonstelle met muur-tot-muur plafoone ... ekskuus, matte, en gawe agente.

Mev Anita Visser het vir 'n week lank die lewe bietjie kalmer gedraai en op doktersvoorskrif probeer om elke dag minstens 26 uur te rus. Soos sy sê: na al dié toetse moet ek sowaar iets makeer, want om soveel geld op niks te spandeer nie ...!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Wanneer hierdie Biblikasie verskyn weet (!?) ons klomp hier onder dalk al 'n hele stukkie meer van rekenaars en al hulle moontlikhede. 'n Groot afvaardiging woon die SASDI-kursus op 31 Augustus by die WNNR by. Met hoeveel hoofbrekens dié nuwe poging tot kennis en wysheid mee gepaard sal gaan, sal net die tyd ons leer. O, ja, ons wil sommer gaan kyk of daar nie êrens 'n robotmannetjie of twee is wat op 'n Maandag kan help kaartjies in die katalogus insorteer nie!

---

# Afdeling LEENDIENSTE

Die winde van verandering waai nog steeds oor Leendienste. Deesdae is daar so 'n verwisseling van personeel dat ons amper self nie meer kan tred hou nie!

Met beswaarde gemoedere is daar van mev Attie de Frey afskeid geneem. Alhoewel mev de Frey net 'n paar maande hier by ons werksaam was, het sy die teendeel van die spreekwoord bewys wat lui dat geen mens onmisbaar is nie want sy is wêl. Mev de Frey het in die paar maande dinge vermag wat ander mense in 'n jaar doen! Ons hoop dat jy gelukkig sal wees in jou nuwe werk Attie en dat jy gou ingeburger sal raak. Ons sal jou mis en jou onthou as iemand vir wie die werk nooit te veel was nie en wat méêr as haar deel, altyd met geduld en 'n glimlag gedoen het.

Vanaf die begin van Augustus reeds is mej Irene du Preez by die Toonbank werksaam. Sy is 'n tweedejaar BA-student met Volkekunde en Aardrykskunde as hoofvakke. Sy is nie verniet onder die sterteken van die Leeu gebore nie want reeds het sy bewys dat sy oor tipiese "Leeu-eienskappe" beskik. Sy hou van mense - dit sien ons in haar flukse bediening by die toonbank. Welkom by ons Irene - ons hoop dat jy gelukkig sal wees hier by ons.

Juffrou du Preez het eintlik gekom in die plek van mej Magriet Bruyns wat nou by Voorgraads werksaam is. Ons merk op dat Machiel deesdae so besonder vriendelik is - dis lekker om saam met sulke mooi meisies te werk, né Giel!

Mev Susan Scheepers het ook besluit om die Merensky vaarwel toe te roep. Sy gaan van volgende maand af by die R.G.N. se biblioteek werksaam wees. Susan was vanaf Maart 1977 verbonde aan Merensky. Ons hoop dat jy jou nuwe werk interessant sal vind Susan en dat jy gou tuis sal wees.

---

Die beste omtrent 'n boek is nie die gedagte wat dit bevat nie, maar die gedagte wat dit aan die gang sit; net soos die bekoring van musiek nie in die klank skuil nie, maar in die eggo van ons harte.

- O W Holmes

# AFRICANA


Die lewensgeskiedenis van Genl Piet Joubert is opgeteken in die boek Drie en zestig jaren in dienst der vrijheid deur J A Wormser. Daarin tref 'n mens interessante beskrywings aan wat die leefwyse en -gewoontes van die Voortrekkers in die 19e eeu weergee, onder andere hierdie een wat vertel hoe "de jongelui" onder hande geneem is wanneer die tyd aangebreek het om vrou te vat:

Bereikt een flinke jongen den leeftijd van 18 of 19 jaren, dan vindt moeder dat het hoog tijd is om haar zoon eenige nuttige wenken te geven omtrent het kiezen van een bruid. Ze doet dat gewoonlijk waar vader en al de broers en zusters bij zijn en, hoe ook schijnbaar met omwegen, toch "op den man af". Ze bespreekt, zoo langs haar neus weg, ieder "nooitje" (volwassen meisje), dat haar zoon kent afzonderlijk met een paar woorden, die hem alles zeppen. Binnen enkele weken weet hij precies dat Sannie pronkerig is, dat Mietje als schoondochter een nagel aan haar doodkist zou wezen; dat Grietje niet veel hart voor de huishouding heeft; dat Keetje een knap meisje is en de dochter van tante Truitje, een oude vriendin van moeder; en dat iemand die Jansje tot schoondochter mocht krijgen nog op haar ouden dag verkwikt en verblijd zou worden. Zal het dus niet tegen alle ouderlijke wenschen ingaan, dan is de keuze beperkt tusschen Keetje en Jansje.

'n Mens wonder nou net of die jongman altyd so tevrede was met sy moeder se keuse.

Die Africana-Musiekversameling is 'n heerlike bron van allerlei interessanthede:

Wie van u het nog nie gewonder hoe die "Stellenbosch se Boys" nou eintlik gelyk het nie?





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Seksie

# BOEKBESTELLINGS

Gedurende die laaste twee weke van Julie was ons geledere erg uitgedun. Rakkontrole het ons vir 3 - 4 dae heeltemal uit die afdeling gevee - die besem het net vir mev Rita Botes agter gelaat om die fort te hou.

'n Paar kollegas was egter so gelukkig dat hul verlof en die rakkontrole ooreengestem het - dus kon hulle heerlik tuis ontspan terwyl die res van ons op die rakke toegesak het. 'n Mens kon spreek van geluk as jy een van daardie sit-of-staan-stoeltjies kon bekom - dit het jou heelwat aan verrekte spiere of deurgeskuurde knieë bespaar.

Die weerberig vir die tydperk Augustus - November

Donker en dreigende wolke hang oor die Seksie Boekbestellings en na verneem word sal die bestellings eersdaags begin reën en ons sal ons swemtegniek moet opknap om kop bo die vloed te hou.

Die weer word daagliks hand-bo-die-oë beskou en teen 1 September sal ons verseker weet wat gaan gebeur. (Moontlik trek die donkerwolke stil-stil weg sonder 'n enkele druppel reën.)

Hoe dit ook al sy, ons hoop om teen die einde van November skoon helderblou lug bo ons te sien met net 'n motreëntjie af en toe.

# DERDE Verdieping

## Gelukwense!

Aan die Daviese se vreugde is daar geen perke nie, en die gesinshoof sukkel om die grense van sy hemp nie te oorskrei nie - die knope wil net oopbars! Ons hartlike gelukwense met die geboorte van klein Nico. Ons is saam met julle baie bly.

# TWEEDE Verdieping

## Beterskap

Mev Annatjie Korkie sterk tans tuis aan na 'n onlangse operasie. Ons wens haar 'n spoedige en algehele herstel toe. (Ons verneem dat dit sô goed gaan met haar dat sy wonder of die dokters hulle deel darem gedoen het?!)

## Totsiens

Dit is met spyt dat ons die einde van die maand moet afskeid neem van mev Cora Moolman, Cora, dit was baie aangenaam om met jou te kon saamwerk, en ons is jammer dat jy weggaan. Ons gun jou egter die vreugde van 'n splinternuwe huis - en as Kemptonpark heelwat nader is, nou ja ... Alles van die mooiste vir jou en Louis vir die toekoms.

Ná al die siektes en ellende wat persone werksaam op die tweede vlak getref het, hoop ons dat die toekoms minder krank daar sal uitsien. Hoewel party mense bloots gery is deur alle vorme van griep, was ander heeltemaal beenaf! Vir diegene wat "uitgespaar" is en dit intussen moes ontgeld deur die maksimum werk te doen met die minimum onderskraging van kollegas, wil ons sê "Baie dankie!"

So terloops ...

Het u al ooit gewonder wat is jou reaksie as jy op 'n goeie oggend opstaan en vind die huis is deurspoel met water?

Mev Elbie van Wyk kan 'n eerstehandse inligting gee: 'n Waterpyp naby die verwarmingsinstallasie het in hulle huis gebars, en daarmee saam ook die nabygeleë plafonne. In simpatie los die lyste teen die mure ook sommer hulle houvas op die volvloermatte - en boonop raak die nuwe matrasse deurweek.

Die resultaat was 'n meesterpoging van die nuwe huiseienaars om sake weer onder beheer te kry.

Mens wonder of die kategorie "spesiale verlof" nie oorspronklik daargestel is om na sô 'n ervaring weer jou asem terug te kry nie ...?


REDAKSIE

| | |
|---|---|
| Redaktrise | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | Mev M-L Erasmus |
| Medewerkers | |
| Beplanning | Mev J M Cilliers |
| Aanskafafdeling | Mev E du Plessis |
| Bindery | Mnr C F Buys |
| Leendienste | Mev M Verster |
| Ontsluiting | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | Mnr J Davies |
| Tiksters | Mev C Blignaut |
| Tydskrifafdeling | Mev B Gunther |
| Vakbibliotekaresse- en assistente | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | Mev F de Villiers |
| BMW | Mev M Willemse |
| Medies | Mev A van der Watt |
| Landbou | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | Mev B von Ehrenberg |
| Fotograaf | Mnr P D de Kock |
| Fisiese Versorgers | Mej W Shipman |
| | Mnr W Porter |





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTORBLAD

## WELKOM



Mej Irene du Preez
Toonbank



Mnr Jasper Louw
Medies

## TOTSIENS



Mev Elwena Theron
Tydskrifte




Mev Cora Moolman
Vakbibliotekaresse



Mev Attie de Frey
Toonbank


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## BIBLIOTEEKREKENARISERING IN DIE PEILVLAK

Kort na my aanvaarding van die verantwoordelikheid vir U.P. se Biblioteekdiens in Julie 1975 het ek beklemtoon dat die rekenarisering van biblioteekprosedures as 'n saak van hoë prioriteit aandag moet en sal geniet. Met die totstandbrenging van die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling en die aanstelling van mnr de Bruin as Adjunk-direkteur en Hoof van die Afdeling is die rekenariseringsprojek dan ook as die belangrikste en ingewikkeldste projek geïdentifiseer en aan die bekwame leiding van mnr de Bruin self toevertrou.

Sedertdien is goeie vordering gemaak en na ons eie evaluering van die DOBIS-ondersteunde ontsluitingstelsel was dit duidelik dat die DOBIS-stelsel steeds die beste basis vir ons verdere optrede in verband met rekenarisering bied. Alvorens 'n finale besluit geneem en aanbevelings by die Universiteitsowerheid gedoen kan word, is dit egter essensieel dat sekere oorblywende vrae opgeklaar word deur instansies te besoek waar DOBIS reeds operasioneel is.

Die uitnodiging om 'n referaat oor ons evaluering van DOBIS se ontsluitingsmodule eersdaags op 'n internasionale seminaar in België te lewer, is 'n pluimpie vir mnr de Bruin en sy span. Ek wil al ons personeellede wat by ons rekenariseringsprojek betrokke is namens al die kollegas van harte bedank vir en geluk wens met die resultate wat tot dusver behaal is en wens mnr de Bruin graag sterkte toe vir die voorbereiding en lewering van die referaat.

Die omvattende rekenariseringsverslag van 225 bladsye getuig van die harde en toegewyde arbeid wat verrig is. Wat die Biblioteekpersoneel betref, het lede van die Seksie Makro-ontsluiting, asook mej Coertze en mnre Tönsing en Heyman (laasgenoemde het intussen ons diens verlaat) "groot" werk gedoen. Daarbenewens het mnr M C Willemse, Hoof van Administratiewe Dataverwerking, en mnr A Hilhorst, Hoof van die Rekenaarsentrum, saam met mnr de Bruin die Werkgroep van die Universiteit se Koördineringskomitee vir Biblioteekrekenarisering gevorm. Die hartlike samewerking tussen lede van hierdie Werkgroep en die goeie ondersteuning wat die IBM maatskappy in die persoon van mnr Tony Roberts verleen het, het verseker dat ons rekenariseringsprojek, wat grootliks onder beheer van hierdie Werkgroep staan, so suksesvol en vlot kon verloop.

2/ .....



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Met die oog op ons beoogde rekenarisering van die katalogus is mej Coertze, mev M S P Visser (Hoof: Seksie Makro-ontsluiting) en mnr Tönsing reeds intensief besig met die ondersoek ten einde die vereistes te bepaal waaraan ons gerekenariseerde katalogus behoort te voldoen. Ons wens hulle graag sterkte toe vir hierdie belangrike taak.

Op 15 Oktober vertrek ekself, mnr de Bruin, mnr M C Willemse en mnr Tony Roberts van IBM op ons uiters belangrike oorsese sending. Daarmee het ons rekenariseringsprojek in die peilvlak gekom. Ons vertrou dat finale antwoorde op die enkele uitstaande vrae gevind sal word. Indien wel, is daar die heerlike vooruitsig van die wenpaal na 'n inspannende wedloop!

Prof E D Gerryts

DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

OOR PROFESSIONALISERING

"The time was when a library was very like a museum, and a librarian was a mouser in musty books, and visitors looked with curious eyes to ancient tomes and manuscripts.

The time is when a library is a school, and the librarian is in the highest sense a teacher, and the visitor is a reader among the books as a workman among his tools. Will any man deny to the high calling of such a librarianship the title of profession?"

- Melvil Dewey

"To guard the records of civilization is the most responsible job any man can hold, and its minimum designation is as a profession.

- Lawrence Thompson

VERJAARSDAE - OKTOBER

3 Mev Jean Maree - Ontsluiting
6 Mev A Booysen - Gereserveerde Studieversamel.
8 Mej Irene du Preez - Toonbank
12 Mev Hantie Nel - Ontsluiting
22 Mej Valerie Snodgrass - Boekbestellings
24 Mev Rita Otto - Ontsluiting
25 Mej Erna Klopper - Argief
30 Mej Breggie Kotzé - Ontsluiting

# ONS VERJAAR!

Op 1 September 1978 was die Afdeling Beplannings- en Ontwikkelingsdienste drie jaar oud. Mnr Rolf Tönsing het 'n pragtige verjaarsdagkoek opgetower en die personeel en enkele oudpersoneellede van die Afdeling het die geleentheid feestelik gevier.

Die Afdeling het op 1 September 1975 tot stand gekom met die aanstelling van mnr H de Bruin as Adjunk-Direkteur belas met die beplanning en ontwikkeling van die Biblioteekdiens. Op sy geboortedag was die Afdeling egter onbeman omdat die eerste en enigste personeellid as takskakelbeampte van die SABV Amerikaanse besoekers onder die USSALEP-skema na die Wes-Rand moes vergesel.

Gelukkig het mnr De Bruin voor die einde van daardie jaar hulp gekry in die persone van mnr Piet de Kock, mev. Rhona van Zyl en mej Marie Nortjé.

Die huidige kantoorruimte van die Afdeling is aanvanklik deur mnre Duminy en Van den Berg en later prof Gerryts beset. Toe die topbestuur hulle nuwe kantore betrek het hulle blou tapyt ongelukkig ook verdwyn en moes die Afdeling in 'n kaal omgewing met sy werksaamhede begin.

Beplanning was aanvanklik sinoniem met opruiming want die Afdeling is belas met die groot taak om die departementele boekerye, wat in totaal sowat 30 000 bande omvat het, in die Merensky-biblioteek te sentraliseer. Dit was 'n reuse taak wat met veel stryd en fisiese inspanning gepaard gegaan het.

Die tweede groot projek het 'n ondersoek na die moontlike rekenarisering van biblioteekprosedures behels. Ten einde gegewens oor beskikbare programpakette, o.a. DOBIS, in te win, het mnr De Bruin op 'n oorsese studiereis vertrek terwyl die ander lede van die Afdeling elke dag tyd moes afstaan om vertroud te raak met die DOBIS-dokumentasie. Die sogenaamde DOBIS-projek het saam met die Afdeling ontwikkel en dit wil voorkom asof die laaste woord daaroor nog lank nie gespreek is nie. Mnr de Bruin vertrek binnekort oorsee saam met prof Gerryts en mnr Willemse van die Seksie Dataverwerking om die jongste verwikkelinge in hierdie verband na te speur.

Die beplanning van die Biblioteekdiens se fisiese akkommodasie is 'n aspek waaraan die Afdeling voortdurend moet aandag skenk, en dit nie sonder hoofbrekens nie.

Met die vernuwing van die Veeartsenykunde-takbiblioteek te Onderstepoort het ons ons misreken met die grootte van die ingang agter die toonbank. By die MacFadyen-biblioteek moes die fotokopieermasjien bo-oor 'n trapreling getel word om in sy posisie geplaas te word, terwyl by BMW die deur van die fotokopieerlokaal nie 'n fotokopieermasjien kon "akkommodeer" nie. Maar, nou ja, so leer 'n mens!

Ten einde sy opdragte uit te voer moet die Afdeling dikwels gebruik maak van opnames van allerlei aard, bv. oor die inligtingsbehoeftes van en literatuurvoorsiening aan institute, die inligtingsbehoeftes van teologiese studente, die behoefte aan eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste ens. Opnames wat aan die Afdeling se personeel goeie oefening verskaf het was die van sitplekbesetting en -benutting. Die Merensky-biblioteek is etlike kere per dag van hoek tot kant deurkruis en wat die studente betref is ons waarskynlik gemerkte mense - "een van dié wat vraelyste uitdeel".



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Ander sake waaraan die Afdeling aandag gegee het of gee is die verklikkerstelsel, statistiekhouding in die Biblioteekdiens, die lêerstelsel, rakbesetting, inligtingsdienste en langtermyn strategiese beplanning.

Die Afdeling is min of meer uniek in die Suid-Afrikaanse biblioteekgeskiedenis in die sin dat daar tans geen ander Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek is wat oor 'n soortgelyke diens beskik nie. (UNISA se Biblioteekdiens het wel 'n eenmans afdeling vir navorsing en ontwikkeling.) Ons is hopelik nie voorbarig nie as ons beweer dat die Afdeling se werksaamhede gedurende die afgeloop drie jaar veel bygedra het tot die sinvolle beplanning en ontwikkeling van die UP-Biblioteekdiens.

KABINETSKY

In die lig van die feit dat die Kabinet binnekort met die verkiesing van die nuwe Eerste Minister opnuut saamgestel word, het ons besluit om die volgende persone vir die vakatures te benoem:

| | |
|---|---|
| Mej Annie Pienaar | - Eerste Minister |
| Prof E D Gerryts | - Buitelandse Sake |
| | - Gevangenisse |
| Mnr Duminy | - Binnelandse Sake |
| Mnr H de Bruin | - Beplanning & Omgew. |
| Mev Ria Viviers | - Justisie |
| Mnr Jaap Taljaard | - Finansies |
| Stephen | - Plurale Betrekkinge |
| Mej Anne van Zyl | - Bosbou |
| Mnr Floris Venter | - Doeane & Aksyns |
| Mev Alet Kleu | - Gemeenskapsbou |
| Mev Jeanne Cilliers | - Gesondheid |
| Mnr Ferreira | - Handel |
| Mej Annatjie Momberg | - Immigrasie |
| Mnr Otto | - Indiërsake |
| | - Kleurlingbetrekkinge |
| Mej Jeanetta du Preez | - Landbou |
| Mev Geraldine Wilkes | - Mynwese |
| Mev C van Waesberghe | - Nasionale Opvoeding |
| Mev Ingrid Smith | - (Tuis) Nywerheidswese |
| Mnr Piet de Kock | - Openbare Werke |
| Mej Bettie Coertze | - Polisie |
| Ephord | - Pos- en Telekommunik. |
| Mnr Jos Davies | - Sport & Ontspanning |
| Mnr Rolf Tönsing | - Statistiek |
| Mej Alida Smuts | - Toerisme |
| Mej Magriet Lee | - Verdediging |
| Daniël | - Vervoer |
| Mev A Geldenhuys | - Waterwese |
| Mev Annatjie Korkie | - Volkswelsyn & Pensioene |




# van die buiteposte

## MUSIEK

Om in 'n biblioteek te werk maak van 'n mens 'n ontdekkingsreisiger. Jy ontmoet voortdurend nuwe mense en idees deur middel van die geskrewe woord of ander media.

'n Baie interessante persoon waarmee ek hier by die Musiekbiblioteek kennis gemaak het deur middel van sy plate is David Munrow.

David Munrow is in 1942 in Birmingham gebore en het sy skoolloopbaan deurloop aan die King Edward School. Gedurende sy jong jare het hy waardevolle onderrig geniet in klavier, fagot en sang. Maar sy musikale talente het eers met reg na vore getree toe hy die blokfluit op eie houtjie bemeester het. Hy was sy eie leermeester en het nooit enige musiekeksamen afgelê nie.

Op die ouderdom van agtien jaar vertrek hy na Peru waar hy onderrig gee aan die Markham College. Hy bestee drie maande om rond te reis in Suid-Amerika. Hierdie drie maande was van deurslaggewende belang vir sy toekoms. Gedurende dié tydperk ontdek hy die volksgewoontes in die verskillende gebiede van Suid-Amerika en keer terug na Engeland met allerlei musiekinstrumente wat hy versamel het.

Terug in Engeland begin sy belangstelling al hoe sterker raak in Renaissance- en Middeleeuse musiek.

Hy en sy vrou, Gillian Reid, begin besoeke bring aan musiekklubs en skole waartydens hul die onderskeie houtblaasinstrumente uit hul versameling bekendstel. Hierdie toere waartydens hy dan ook praatjies gelewer het oor die instrumente het baie daartoe bygedra om van hom 'n goeie spreker te maak.

In 1967 word hy dosent in vroeë musiek aan die Leicesteruniversiteit. Hy stig die Early Music Consort en begin groot aanhang geniet. Op eie stoom bemeester hy verskeie instrumente wat hy insamel gedurende reise. Sy musikale talent, sjarme en humor maak hom die ideale persoon om oor die BBC 'n musiekprogram vir jongmense aan te bied.

Sy program "Pied Piper" begin in 1971 en teen Mei 1976 het hy al 655 programme aangebied sonder om enigsins aan trefkrag in te boet.

In 1969 word hy as professor aangestel by die "Royal Academy of Music" in London.

Sy orkes, "The Early Music Consort of London" se repertoire brei geweldig uit en maak verskeie plaatopnames.

By al sy bedrywighede as uitvoerende kunstenaar, onderwyser, dosent, radio- en televisiepersoonlikheid voeg hy toe ook nog die van skrywer en publiseer 'n boek oor die instrumente van die Middeleeu en Renaissance.

David Munrow sterf in 1976 op die ouderdom van 34 jaar. Twee weke voor sy dood hy hy op sy laaste konsert opgetree.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die musiekwêreld is armer deur sy dood maar gelukkig het hy baie opnames nagelaat.

Hy het die wêreld met nuwe ore laat luister na ou musiek en baie mense spraakloos gelaat met wat hy bereik het " ... a career which re-established virtuosity in neglected instruments and a neglected era to a delighted public; a career which lasted, unbelievably, only ten years." [1]

---

[1] Johnson, Arthur: David Munrow (1942 - 1976) Dorset, Sawtells, 1976.

Die Musiekbiblioteek beskik oor verskeie David Munrow opnames.

# LANDBOUNUUS

Met die afskop van die lente het ons as biblioteekpersoneel 'n opskop gehou saam met die landbouers by die Hof van Holland.

'n Groot projek het nou in aanvang geneem hier by die landboubiblioteek. Die aantal boeke wat geherkatalogiseer word is sowat 8,000. Die boeke dateer uit die tyd toe die fakulteit nog onder die Departement van Landbou Tegniese dienste sorteer het. Mev Ria Visser en die ontsluitingsafdeling se dames word alle sukses toegewens met die spanpoging. Vrydae vergelyk die Landboubiblioteek goed met 'n pakette-afdeling van 'n winkel gedurende Kerstyd. Boeke word in hoeveelhede van tien in pakkies gemaak vir versending na Merensky. Daar word be-oog om vroeg in die nuwe jaar die projek af te handel.

Die studente besoek die biblioteek druk, want lesings moet ingehaal word en elke aftydjie word gebruik om kennis te absorbeer vir die naderende eksamen.

'n Baie interessante aanwins tot ons naslaanversameling is die "World Atlas of Agriculture". Dit bevat 'n wêreldatlas met 'n bykomende ensiklopediereeks. Dit is voorwaar die moeite werd om dit deur te kyk, veral nog as u 'n belangstelling het in die landbou.

Ons groet vanaf die Oos-kampus.

---

"I would like a nice book for an invalid," said the little old lady.

"Yes, madam," said the librarian. "Something religious?"

"Er-no," replied the lady, "the doctor told him this morning he was going to get well."

Books are the true levellers. They give to all who faithfully use them the socity, the spiritual presence, of the best and the greatest of our race.

- W C Channing

# ONDERSTEPOORT

Ons wil van die geleentheid gebruik maak om Hantie en Kobus Nel sommer baie geluk te wens met die aankoms van hulle eersteling, 'n babadogtertjie Marilet je. Mag sy vir julle baie geluk bring!

Hiermee word terselfdertyd ook afskeid geneem van Hantie Nel wat op 25 September by die Ontsluitingsafdeling van die Merensky-biblioteek inval. Ons hoop jy geniet dit daar en volgens Mathilda sal jy beslis. Mev Mathilda du Preez neem by Hantie oor as takbibliotekaresse op Onderstepoort.

Om terug te keer na biblioteekaktiwiteite: ons moet deesdae net mooi trap om nie dalk 'n student se lip raak te trap nie. Die gesigte word al langer en die fotokopieermasjiene al besiger (om lesings wat nie bygewoon is nie in te haal) na gelang die eksamen nadersluip. Dis eintlik so jammer dat 'n mens as jy student is nie altyd die pragtige lentetyd genoeg kan waardeer nie.

---

# uit die afdelings

## BEPLANNING

Van harte geluk aan mnr Peter Lor met die puik referaat wat hy tydens die SABV-konferensie gelewer het.

Mev Issie Koekemoer se reiskoors is besig om vinnig te styg. Sy vertrek aan die begin van Oktober saam met haar man na Europa om onder andere die Internasionale Boekeskou in Frankfurt by te woon. Ons hoop nie die koors is aansteeklik nie! Geniet die reis, Issie!

## ONTSLUITING

In die Ontsluitingsafdeling het die bedreiging waaroor lankal gepraat, gepluis, en bespiegel het, werklikheid geword, want die eerste landbouboeke van die groot projek het gearriveer. Mej Jeanetta du Preez het hulle tweemaal by Landbou laat afstof, maar hulle wil maar nie aantrekliker lyk nie. Mens hoor deesdae sulke snaakse wense oor lang vuurhoutjies wat tot in die Landboubib moet kan bykom!

Die eerste kwota is toe sonder ongevalle afgehandel, en kon die ontsluiters die kontroleerders se gesigte dophou toe die eerste 600 van 6000 boeke op hulle toesak. Mev Rieta Otto moes toé verneem dat sy sonder haar kennisname ingestem het om al die kontrole persoonlik te doen. Gelukkig was dit net gekskeer, en het mev Manda Lang ook ingewillig om hand by te sit in die kontrolespan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dis duidelik dat die SASDI-kursus iets van die verlede is, maar ons kan, behalwe al die leer nog terugdink aan die lekker lang etensuur en 'n middagmaal van bobotie, ongepoleerde rys, slaai en koffie by 'n private woning.

Mev Amke de Jager en naar gesin het intussen verhuis (met of sonder jou proteas, Amke?) en sy het besluit om die gips eers na die trekkery van haar been te laat afhaal. Sy moes byna van vooraf gewoonweg leer loop. Nou kan sy egter nie meer haar sin kry soos sy verlede maand gemaak het nie, deur die gipsbeen hard op haar teenstander se tone te laat neerkom! Terloops, ek wonder nog altyd hoe sou sy en mej Rita Badenhorst die afgelope maand in 'n driebeenreisies belyk het?

Sommige mense neem 'n week verlof, en gaan toe drie dae konferensie toe - geen wonder mej Clarisse Venter kla oor hoofpyn omdat sy nie meer kan werk nie!

Tydens 'n nat lentedag het die geraamte van die personeel wat nie in Johannesburg was nie, en 'n paar ywerige studente die blommeprag geniet, en begin ons die nuwe siklus van jaargetye vol nuwe moed.

## Seksie BOEKBESTELLINGS

In die Seksie Boekbestellings het die stofwolke gestaan soos die mense gewoel en geskarrel het met die jaarlikse skoonmaak.

Die Afdeling word elke dag kleurvol verfraai met pragtige blomme wat mev Rautenbach daagliks uit haar tuin saambring.

Mev Elbie Smal het vir 'n week heerlik gaan rus by haar ouers op die plaas. Meer dan een beny haar die rustigheid! Baie geluk Mev Elna du Plessis met jou man wat onlangs sy MSc met lof verwerf het. Ons weet natuurlik dat agter elke suksesvolle man 'n goeie vrou staan.

Mev Berry Matzopoulos lyk baie tevrede met tevrede met haarself in die laaste tyd, vir 'n goeie rede natuurlik - sy het 'n nuwe motor. 'n Klein krulkoppie steek net-net bo die stuurwiel uit!

Met mej Ria Breed en mnr Floris Venter van

Finansiële Administrasie se motors gaan dit blykbaar nie te goed nie. Ons hoop die probleme klaar op voordat die beursies opdroog!

---

Weet u watter Afrikaanse liedjies klink so in Engels?

1. Fred Fittlewitch, Fred Fittlewitch, 2X
   Fred Fittlewitch stand still

   Say good-morning to me,
   I'm your June Bride te be,
   Say good-morning and then
   We'll go walking once again.

2. O Peter Pye, O Peter Pye,
   Why do you want to make her cry,
   She's a pretty miss
   Waiting for a kiss
   Why do you want to make her cry?

Dit is natuurlik "Jan Pierewiet" en "O Perdeby". Anton de Waal het Engelse tekste voorsien vir 'n hele aantal Afrikaanse volkswysies. Dit verskyn in 'n bylaag tot: Afrikaanse Liedjies en Wysies. Carstens-de Waal Publikasies, Posbus 9973, Johannesburg, CW 128.

---

### ONE FOR THE BOOK

With microfilm and such as that
Soon books as we have known them
Are sure to be so obsolete
That very few will own them.

But books will still be used, of course,
They'll still be rather handy.
When hollowed out, they'll do quite well
For cigarettes and candy.

They'll hold a pile of papers down
As well as weights are able,
They'll also keep a door ajar
And prop a shaky table.

They'll serve to press some flowers with
Or ribbons won as prices,
Or pile upon your tummy when
You're doing exercises.

No, books will never pass away
They're what we'll still be needing,
Although in time they may be used
For everything but reading.

Richard Armour

---

### Welkom

Mej Hennie Viljoen het by die Seksie Tydskrif Administrasie aangesluit. Ons hoop dat sy baie gelukkig sal wees by Merensky.

### Totsiens

Mej Cora Malan van die Mediese Biblioteek is sedert Oktober werksaam by die Raad op Atoomkrag se biblioteek. Ons wens jou alle sukses toe in jou "nuwe ou" werkkring.

Mev Susan Scheepers van die IBL-seksie het diens aanvaar by die RGN se biblioteek. Voorspoed in jou nuwe werk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HOW TO USE THE CATALOGUE. (five easy pieces)




J Maree.

(Gegrond op die werklikheid!)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD

BEPLANNINGSLEDE




Mnr Peter Lor



Agter: Mevv M Lang, J van Wyk, mnr R Tönsing, mev I Koekemoer, mej M Nortjé

Voor: Mev J Cilliers, mnr H de Bruin, mev L Erasmus



Mnr Piet de Kock


## 3 JAAR



Mnr Heinrich Heymann



Mev Linda Castelyn (Sekretaresse)



Mnr Johan Engelbrecht



Mev Rhona van Zyl

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM



Mej Hennie Viljoen
Tydskrifte

# TOTSIENS



Mev Susan Scheepers
IBL



Mev Cora Malan
Medies



REDAKSIE

| | |
|---|---|
| Redaktrise | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | Mev M-L Erasmus |
| Medewerkers | |
| Beplanning | Mev J M Cilliers |
| Aanskafafdeling | Mev E du Plessis |
| Bindery | Mnr C F Buys |
| Leendienste | Mev M Verster |
| Ontsluiting | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | Mnr J Davies |
| Tiksters | Mev C Blignaut |
| Tydskrifafdeling | Mev B Gunther |
| Vakbibliotekaresse- en assistente | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | Mev F de Villiers |
| BMW | Mev M Willemse |
| Medies | Mev A van der Watt |
| Landbou | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | Mev B von Ehrenberg |
| Fotograaf | Mnr P D de Kock |
| Fisiese Versorgers | Mej W Shipman |
| | Mnr W Porter |




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE



## VAKANSIETYD KOM NADER

Dit is byna die einde van die jaar en die aansoeke om verlof stroom soos gewoonlik in. Miskien is dit goed om weer 'n keer te besin oor die doel van vakansieverlof en die benutting daarvan.

Primêr is die doel met vakansieverlof om aan personeel die geleentheid te bied om weg te breek van die daaglikse roetine, en bietjie te ontspan om sodoende weer hulle kragte te herwin vir die volgende skof wat voorlê. Dit beteken nie dat 'n mens gedurende jou verlof noodwendig niks moet doen nie. Jy kan jouself verdiep in 'n stokperdjie of enigiets wat jy graag wil doen, maar waarvoor jy gedurende werkstye nie die tyd of geleentheid het nie. Al sou dit jou fisies vermoei, het die feit dat 'n mens weg is uit die normale daaglikse roetine, 'n helende effek op liggaam en gees.

Om hierdie rede verkies werkgewers en ook die Uni= versiteit dat personeel nie hulle vakansieverlof moet verspil met enkel dae wat los en vas geneem word nie. Daarom die regulasie wat lui dat dit van 'n personeellid verwag word om normaalweg slegs een keer per jaar vakansieverlof te neem.

Aangesien dit nie altyd prakties moontlik is om hieraan uitvoering te gee nie en omdat van som= mige personeellede in die biblioteek verwag word om slegs gedurende Universiteitsvakansies verlof te neem, word toegelaat dat personeel meer as een keer per jaar verlof neem, maar verkieslik vir tye langer as 5 dae op 'n keer.

Versoeke vir enkel dae verlof is legio en so ook die redes waarvoor die verlof benodig word. In sommige gevalle het 'n persoon werklik die dag verlof nodig om byvoorbeeld 'n dringende besig= heidstransaksie afgehandel te kry. In baie ge= valle word die verlof, soos een aansoeker dit genoem het, benodig vir "sommer-sommer". Enige persoon wat 'n enkel dag verlof aanvra kan gerus weer 'n keer daaroor besin voordat hy of sy dit deurstuur. Is dit werklik nodig of kan dit nie dalk later beter benut word nie?

Daar is by sommige lede van die personeel ook nie duidelikheid wat betref spesiale verlof vir eksa= mendoeleindes nie. Daar kan gerus daarop gelet word dat spesiale verlof net toegestaan word vir die dae waarop skriftelik eksamen volgens die amptelike universiteitsrooster afgelê word. Vir mondelinge eksamen word net die tyd afgegee vir die duur van die eksamen. Aansoeke om vakansie= verlof ter voorbereiding vir die eksamen word altyd simpatiek oorweeg.

Aan diegene wat eksamen skryf word sukses en voorspoed toegewens!

W W Duminy
ADJUNK-DIREKTEUR (ONDERSTEUNINGSDIENSTE)

U. P. - Biblioteekdiens - nuusblad - OKT. 1978.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# kuns

Minette van Rooyen

'n Geslaagde uitstalling wat so pas verloop het, was dié van Minette van Rooyen in die Hoffergalery.

Haar waterverfskilderye is vars en vol lig en gee die indruk dat die kunstenares maklik en sonder moeite werk - die meeste is inderdaad in die veld geskilder wat meehelp om dié indruk te skep.

Die pentekeninge is met 'n seker hand gedoen, soms met 'n minimum tekenwerk en gee dan 'n sterk indruk van die ruimte van die Karoo.

Minette is by uitstek 'n waterverfkunstenares, maar al die werk op die uitstalling was van 'n besonder hoë gehalte en 'n vreugde om te sien en te belewe.

Esias Bosch

'n Opspraakwekkende uitstalling wat nou aan die gang is, is dié van Esias Bosch se porselein in die Goodman gallery by Hyde Corner, Sandton.

Bosch is sonder twyfel ons beste kunstenaar in dié rigting - Elke stuk is 'n meesterwerk en 'n besoek aan dié uitstalling is inderdaad 'n verryking.




Dit gaan nou weer goed by Merensky - party mense sê hulle het twee maal per jaar vakansie; hulle eie vakansie en as prof Gerryts weg is. Gelukkig is diegene wat dié jaar drie maal vakansie het ___!

# DUPLIKATE

VANNE

| | |
|---|---|
| *Breed,* | Jo - Ontsluiting |
| *Breed,* | Ria - Fin Admin |
| *Cronjé,* | Alma - Africana |
| *Cronjé,* | Elsa - Tweede vlak |
| *De Bruin,* | Mnr H - Adjunk-direkteur |
| *De Bruyn,* | Elna - Tik en Dupliseer |
| *De Villiers,* | Francina - Onderstepoort |
| *De Villiers,* | Linda - Inter |
| *Du Preez,* | Irene - Toonbank |
| *Du Preez,* | Jeanette - Landbou |
| *Du Preez,* | JC - Alg Admin |
| *Du Preez,* | Mathilda - Onderstepoort |
| *Du Toit,* | Saartjie - BMW |
| *Du Toit,* | Mnr T - Buitemuurs |
| *Erasmus,* | Lorraine - Beplanning |
| *Erasmus,* | Mnr P - Bindery |
| *Grobbelaar,* | Mara - Toonbank |
| *Grobler,* | Dries - Derde vlak |
| *Kotzé,* | Breggie - Ontsluiting |
| *Kotzé,* | Esmarié - Tydskrifte |
| *Nel,* | Amanda - Derde vlak |
| *Nel,* | Hantie - Ontsluiting |
| *Otto,* | Rita - Ontsluiting |
| *Otto,* | Mnr V - Leendienste |
| *Pienaar,* | Annie - Medies |
| *Pienaar,* | Annemarie - Aanskaf |
| *Van der Merwe,* | Dalena - Bindery |
| *Van der Merwe,* | Peet - Derde vlak |
| *Van Rensburg,* | André - Bindery |
| *Van Rensburg,* | Anna-Marie - Tik en Dupliseer |
| *Van Wyk,* | Elbie - Tweede vlak |
| *Van Wyk,* | Ingeborg - Medies |
| *Van Wyk,* | Ouneke - Beplanning |
| *Van Wyk,* | Leonie - Ontsluiting |
| *Van Wyk,* | Susara - Derde vlak |
| *Van Zijl,* | Anne - Tydskrifte |
| *Van Zyl,* | Ria - Tweede vlak |
| *Venter,* | Clarisse - Ontsluiting |
| *Venter,* | Neels - Militêre diensplig |
| *Venter,* | Floors - Fin Admin |
| *Venter,* | Irene - Toonbank |
| *Viljoen,* | Hennie - Tydskrifte |
| *Viljoen,* | Marianne - Tydskrifte |
| *Visser,* | Anita - Ontsluiting |
| *Visser,* | Hestē - Tydskrifte |
| *Visser,* | Ria - Ontsluiting |
| *Willemse,* | Marie - BMW |
| *Willemse,* | Marietjie - Tik en Duplisering |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

NAME

| | |
|---|---|
| *Alet* | Fisher - Landbou |
| *Alet* | Kleu - Aanskaf |
| *Alida* | Dippenaar - Tweede vlak |
| *Alida* | Smuts - Sekretaresse |
| *Alida* | Van der Watt - Medies |
| *Alma* | Cronjé - Africana |
| *Alna* | Jordaan - Derde vlak |
| *Anna-Marie* | Arnold - Tweede vlak |
| *Annemaré* | Geldenhuys - Tydskrifte |
| *Anna-Mari* | Honiball - Sekretaresse |
| *Annemarie* | Pienaar - Aanskaf |
| *Anna-Marie* | Van Rensburg - Tik en Duplisering |
| *Anne* | Van Zijl - Tydskrifte |
| *Annetjie* | Korkie - Tweede vlak |
| *Annie* | Pienaar - Medies |
| *Dalena* | Stols - Ontsluiting |
| *Dalena* | Van der Merwe - Bindery |
| *Elbie* | Smal - Aanskaf |
| *Elbie* | Van Wyk - Tweede vlak |
| *Erna* | Klopper - Argief |
| *Elna* | De Bruyn - Tik en Duplisering |
| *Elna* | Du Plessis - Aanskaf |
| *Elsa* | Cronjé - Tweede vlak |
| *Hennie* | Bosch (mnr) - Kalafong |
| *Hennie* | Viljoen (mej) - Tydskrifte |
| *Hester* | Strydom - Tydskrifte |
| *Hesté* | Visser - Tydskrifte |
| *Irene* | Du Preez - Toonbank |
| *Irene* | Venter - Toonbank |
| *Jeanne* | Cilliers - Beplanning |
| *Jeanne* | Maree - Ontsluiting |
| *Leonie* | Van Wyk - Ontsluiting |
| *Leonie* | Vorster - Ontsluiting |
| *Magdalena Christina* | Blignaut - Tik en Duplisering |
| *Magdalena Christina* | Meyer - Tik en Duplisering |
| *Magriet* | Bruyns - Voorgraads |
| *Magriet* | Lee - Ontsluiting |
| *Manda* | Lang - Ontsluiting |
| *Manda* | Mörsner - Ontsluiting |
| *Amanda* | Nel - Derde vlak |
| *Minda* | Meyer - Tik en Duplisering |
| *Mara* | Grobbelaar - Toonbank |
| *Marie* | Schoeman - Toonbank |
| *Marie* | Willemse - BMW |
| *Marié* | Nortjé - Africana |
| *Marié* | Potgieter - Tik en Duplisering |
| *Marié* | Rautenbach - Aanskaf |
| *Marietjie* | Greyling - Tik en Duplisering |
| *Marietjie* | Verster - Toonbank |
| *Marietjie* | Willemse - Tik en Duplisering |
| *Peet* | Van der Merwe - Derde vlak |
| *Piet* | De Kock - Alg Admin |
| *Piet* | Lourens - Buitemuurs |
| *Pieter* | Ferreira - Fin Admin |
| *Peter* | Lor - Beplanning |
| *Ria* | Breed - Fin Admin |
| *Ria* | Van Zyl - Tweede vlak |
| *Ria* | Visser - Ontsluiting |
| *Ria* | Viviers - Eerste vlak |
| *Rita* | Badenhorst - Tweede vlak |
| *Rita* | Botes - Aanskaf |
| *Rita* | Otto - Ontsluiting |

Punctuation Remarks

Punctuation is troublesome for most people. According to tradition typesetters used to follow a simple rule: set type as long as you can hold your breath without getting blue in the face, then put a comma. When you yawn, put in a semicolon. And when you want to sneeze, that's time for a paragraph.

Henry Henrichs

# sosiale klub

Namens die Sosiale klub neem ons afskeid van mnr Jos Davies en mev Lorraine Erasmus. Jos het voortreflike werk gedoen as voorsitter en ons wil net hiermee ons dank uitspreek vir die bekwame wyse waarop hy hierdie taak verrig het. Lorraine was verantwoordelik vir die voorrade en het ook toesig gehou oor die kombuis. Sy het altyd hier=die onbenydenswaardige taak met 'n glimlag verrig. Baie dankie julle twee en seënwense vir die toe=koms.

As gevolg van Jos en Lorraine se bedanking en ook vanweë verskuiwings in verskeie afdelings het daar veranderinge in die Sosiale klub se komitee ingetree. Die volgende persone dien op die komi=tee tot middel Januarie 1978 wanneer die nuwe komitee aangewys sal word:

Mej J Breed - Ontsluiting (Voorsitster)
Mnr P Ferreira - Fin Admin (Penningmeester)
Mej W Shipman - Inter (Sekretaresse)
Mev M Meyer - Tiksters
Mev B Matzopoulos - Aanskaf
Mev A Geldenhuys - Tydskrifte (Aankoop van voor=rade)
Mej D van der Merwe - Bindery
Mev O van Wyk - Eerste vlak (Toesig oor voorrade en kombuis)
Mev C van Waesberghe - Tweede vlak
Mej A Nel - Derde vlak

Did you know -

Two of the greatest nineteenth-century British neurophysicians were Lord Russell Brain and Sir Henry Head.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VERJAARSDAE VIR NOVEMBER

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7 | Mej L Voster | - | Ontsluiting |
| 10 | Mev A S Visser | - | Ontsluiting |
| 13 | Mej H Visser | - | Tydskrifadministrasie |
| 24 | Mej A C Smuts | - | Sekretaresse |
| 29 | Mej J du Preez | - | Landbou |

# van die buiteposte

## LANDBOUNUUS

Die wens dat lãng vuurhoutjies tot in die Landbou=biblioteek moet kan bykom, het toe amper waar ge=word.

Ons as landboubiblioteekpersoneel dien nie verniet op die Brandbestrydingskomitee van die Burgerlike beskerming nie, want met die uitbreek van 'n brand by die Masker moes ons uitspring en help. Dit nog op 'n laat Vrydagmiddag. Toe alles moes begin rustig word, toe sien en hoor ons net dramastudente paniekbevange rondhardloop. In 'n bestek van mi=nute toe is al die brandblussers in die biblioteek die trappe afgedra. (Ons armspiere was vir drie dae lank seer.) Ons het voorwaar 'n goeie oefe=ning gehad. Nadat die brandblussers hervul is, is ons gereed vir enige verdere brande.

Die projek van herkatalogisering verloop baie goed. Twee besendings boeke is al terugontvang en die leners is duidelik in hulle skik.

Mej Jeanetta du Preez het die kort kursus van SASDI bygewoon en dit was 'n goeie hersiening van die werk vir die honneurseksamen wat voorlê in Januarie.

Noudat die klasse afsluit, verskuif die klem van akademiese aktiwiteite na die studente. Waar Pretoria seker in Oktober die heel mooiste maand beleef, kan die studente nie werklik daarin deel nie.

Vanaf die Proefplaas word berig dat die nuutste aankomelinge tot ons "landboufamilie", die klein volstruisies is wat hulle opwagting gemaak het in die beeskraal. Waar ons nou gereeld Vrydae elk=een 'n paar hoendereiers kry, sal dit seker nie meer lank wees nie, dan kry ons volstruiseiers!

Ons groet vanaf die Ooskampus en vir almal wat eksamen skryf wens ons voorspoed toe.

---

Appels en pere

Die jong landboustudent:

"Oom se metodes is heeltemal verouderd. Dit sal my verbaas as Oom twintig appels van hierdie boom kry."

Oom:

"Vir my ook nefie, want dis 'n peerboom."

## MUSIEK

Joaquín Rodrigo: Concierto de Aranjuez
Ghitaar: Narciso Yepes
Orkes: Orquesta Sinfônica R T V Espanola
Deutsche Grammophon 139 440

Hierdie plaat sal in die smaak val van die lief=hebbers van die klassieke ghitaar.

Die komponis, Joaquín Rodrigo is gebore op 22 November 1902 te Sagunto in die Spaanse provinsie Valensia. Ten spyte van die feit dat hy blind word op driejarige ouderdom, wy hy hom vanaf 'n baie jong leeftyd aan musiek. Hy bestudeer die klavier en viool aan die Konservatorium te Valensia. Vanaf 1927-1932 studeer hy in Parys aan die "Ecole Normale de Musique".

Rodrigo komponeer sy Concierto de Aranjuez in Parys. Dit is 'n werk vir ghitaar en orkes en word vir die eerste keer gedurende 1940 in Bar=celona uitgevoer. Die werk is geesdriftig ont=vang deur die kritici en gehore. Volgens die Spaanse musikoloog, Federico Sopena, is daar geen ander werk in die Spaanse musiek wat so 'n goeie voorbeeld is van die vermenging van volksmusiek met meesterlike vormbeheer nie.

Die werk bestaan uit drie dele naamlik Allegro con spirito; Adagio en Allegro gentile.

Die van u wat gereelde Radioluisteraars is, sal die Adagio gedeelte herken as die kenwysie van die aandvervolgverhaal "Die Strandlopertjie" wat ± drie jaar gelede uitgesaai is.

---

## BUITEMUURS

Met die vertrek van mev Mercia Neitz, laat dit ons met 'n leemte hier in die MacFadyen-biblioteek.

Gedurende die drie jaar waarin sy hier werksaam was, was dit altyd 'n plesier om saam met haar te werk. Sy het 'n onmisbare deel gevorm van die besondere gees en atmosfeer wat daar in die Buite=muurse biblioteek heers.

Omdat Mercia die enigste dame hier by ons op die personeel was, het sy dit uit die aard van die saak as haar voorreg beskou om te sorg vir die tee en om 'n vaardige oog oor die kombuis te hou.

Ons sê vir haar baie dankie vir die tyd waarin sy saam met ons gewerk het en wens haar toe 'n aan=gename tyd as huisvrou saam met Albert en vir hulle albei baie vreugde met die kleinding wat op pad is.

Groete

Personeel (Buitemuurs)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MEDIES

Sophia gaan nog stil haar gang
Net hope IBLle maak haar bang.

Terug na die atoom is Cora,
Daar's glo meer fauna en flora.

Ingeborg is ons oggendblom
En is sy 'n doring met 'n xeroxsom.

Alida kyk so verweg heen
En wonder hoe 'n baba ween.

Ons hoor Annie net af en toe brom
Sy't heelwat om mee op hoogte te kom.

Jasper hou wag
Tot laat in die nag.

Van beplan is Jeanne nou moeg
Sy wil liewers nou met siektes swoeg.

# uit die afdelings

## TWEEDE EN DERDE VLAK

Welkom terug

Ons verwelkom graag weer vir mev Annetjie Korkie terug na haar onlangse siekteverlof. Ons is baie bly jy is terug, Annetjie. Te oordeel aan jou, is 'n operasie die beste ding wat met 'n mens kan gebeur!

Baie geluk

Aan mnr Jos Davies ons harlike gelukwense met sy aanstelling by die Departement Biblioteekkunde van Unisa. Jos, ons is baie jammer dat jy weg= gaan, maar ons hoop dat die nuwe werkkring vir jou verrykende uitdagings gaan bied.

Welkom

Baie welkom aan mev Anna-Marie Arnold wat vanaf die begin van Oktober by ons aangesluit het as vakbibliotekaresse vir Ekonomiese Wetenskappe. Sy was vroeër verbonde aan die Regsbiblioteek by Unisa. Ons hoop jy werk baie lekker saam met ons, Anna-Marie.

Sterkte aan almal wat nou besig is met eksamen. Ons hou almal styf duimvas.

Someone who makes you laugh is a comedian. Someone who makes you blush and then laugh is a humorist.

George Burns

## BEPLANNING

Die lede van hierdie Afdeling was die afgelope maand baie uit en tuis, om die waarheid te sê, meer uit as tuis.

Mnr H de Bruin het vertrek op 'n studiereis in verband met rekenarisering van biblioteekprose= dures. Hy besoek saam met prof Gerryts en mnr Willemse van die Seksie Dataverwerking, België, Wes-Duitsland, die Verenigde State van Amerika en Kanada en lewer tydens 'n internasionale se= minaar oor biblioteekrekenarisering 'n referaat oor die UP-Biblioteekdiens se evaluering van die DOBIS-pakket.

Mnr Peter Lor het in Kaapstad 'n referaat gaan lewer tydens 'n kursus oor biblioteekbestuur op die middelvlak. Dit het meegebring dat mev Lor= raine Erasmus tot op die laaste minuut van haar laaste werksdag by ons referaat getik het! Dankie vir al jou goeie en harde werk, Lorraine. Ons sal jou mis, maar hoop jy is baie gelukkig in jou nuwe werkkring.

Mnr Rolf Tönsing was ook met verlof - om weer 'n bietjie aan sy verhandeling te werk. Mev Ouneke van Wyk het pas vertrek op 'n toer deur die Wildtuin.

Gelukkig is mev Issie Koekemoer weer tuis na haar Europese toer. Ons sien uit na 'n paar episodes in Biblikasie oor al haar wedervaringe.

Les bes verlaat mev Jeanne Cilliers die Afdeling aan die einde van die maand om as vakbiblioteka= resse na die Mediese biblioteek te verhuis. Jeanne het vir ons baie waardevolle werk gedoen, onder andere in die ondersoeke na mikro-ontslui= ting en eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste. Ons sal jou baie mis, Jeanne, en ons vertrou dat jy baie bevrediging uit jou nuwe werk sal put.

## Seksie BOEKBESTELLINGS

As die jakarandas blom, beteken dit elke jaar meer bestellings vir boeke, aangesien addisionele fond= se aan die biblioteek toegeken word. Gevolglik is almal aan die draf om hierdie "groot skenking" so gou as moontlik te benut.

Ongelukkig het een van ons staatmakers ons reeds verlaat. Mev Elbie Smal was vir byna vier jaar verbonde aan hierdie Seksie. Ons sê dankie vir die goeie werk wat sy gelewer het. Ons hoop sy gaan heerlik bly in hulle nuwe huis op die plot naby Randburg en gou vir ons kom besoek met 'n vraggie plaasprodukte en 'n mandjie eiers.

En nou het ons BIBLIOTERAPIE ...

Webster se woordeboek se definisie is soos volg: "the use of selected reading materials as thera= peutic adjuvants in medicine and in psychiatry; also guidance in the solution of personal pro= blems through directed reading."


'n Biblioterapeut vir Merensky?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFADMINI-STRASIE





Vir twee Biblikasies was ons net nie daar nie
Gedink ons is weg? Dis glad nie waar nie.
Ons laat weet dus net gou hoe dit hier gaan
En dat ons nog wel en terdeë bestaan.

Ons moes alweer 'n personeellid inboet
maar by Tydskrifadministrasie gaan dit nou goed
want met aldrie die Base nog steeds aan ons kant
het ons sowaar twee nuwe mense reeds in die hand.

Anne probeer oral kennis inwin
oor oumens hantering en die tiep van ding.
Annemaré het in die Kaap 'n draaitjie gaan draai
En die outehuis daarna "Tot siens" toegewaai.

Met Barbara se man kort-kort veld toe en so
word sy toe sô siek, sy's skoon onderstebo.
Esmarié het verhooggrimering vol op die brein.
Julle kan haar maar huur, sy word nou "getrain".

Hennie, dit weet ons, gaan definitief trou
Ons wonder of sy nou van die datum hou?
Hester gaan sowaar binnekort weer trek
maar, ag dankie tog, sy bly nog hier werk.

Hesté is nog nuut en ons ken haar nog sleg
maar sover ons kan sien lyk sy darem doodreg.
Marianne sit en wag vir die salige dag
dat Suidwes se son weer oor haar sal lag.

Die eksamenkoors voel ons tot in ons hoek
want die Dewey is deesdae 'n gewilde boek.
Ons sê sterkte met die eksamen vir almal wat leer
En daarmee cheers tot volgende keer.

# KELDER

Verslag van die *"Departement van Mynwese"* vir die jaar 1978.

1. Ontginning

   Alle proefskrifte is nou ontgin en staan op hulle regmatige plekke by elke vakgebied. Tydskrifte was ook meer in aanvraag gedurende 1978 as gevolg van die feit dat die openbare sektor steeds meer bewus word van die nood=saaklikheid van hierdie kommoditeit.

2. Personeel

   Alhoewel die Departement se personeel vir 'n paar maande kwaai besnoei was, kon volgehoue diens steeds gelewer word.

3. Besoekers

   Die besoekerstal aan die Departement het in 1978 'n groot styging getoon. Volgens som=mige besoekers se eie verklaring, is die rus en stilte van die ondergrondse bevorderlik vir studiedoeleindes.

4. Natuurrampe

   Gedurende Januarie is skag nr 1 oorstroom as gevolg van 'n hewige donderstorm. Protospanne het sake gou onder beheer gehad. Geen lewens=verlies is aangemeld nie en skade aan delf=stowwe was minimaal. Groot skade is egter aan die vloer aangebring.

Opsomming

As gevolg van matige stimulasie (deur topbestuur), groeiende verbruikerstal en die feit dat die vak=unie van hierdie "Departement" geen eise gestel het vir buitensporige loonsverhogings nie kan die jaar 1978 as 'n winsgewende jaar beskou word.

Die "Departement" voorsien dus 'n skerp styging in mynaandele vir die jaar 1979.

G WILKES

# LEENDIENSTE

By die toonbank verloop sake besonder vlot. Mev Mara Grobbelaar het gou die "Toonbank-roetine" geleer en ons hoop sy het haarself alreeds tuis gemaak.

Mara is 'n oud-Matie waar sy 'n Laer-Biblioteek=diploma verwerf het. Direk na haar opleiding het sy in die Carnegie-biblioteek 'n pos aanvaar en daarvandaan is sy na Unisa se biblioteek. Van=daar verhuis hulle na Tzaneen waar hulle 4½ jaar gebly het. Mara hou van lees, stap en stel belang in tuinmaak - dit (so hoor ons by die Tzaneners) kon haar spogtuin van getuig.

Baie welkom Mara - ons hoop julle is gou tuis en raak gou ingeburger.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 'N OUD BOEK EN 'N TESTAMENT

'n Jong student aan die universiteit te Rome, aldus meldt de Londense Evening News, had de gewoonte om veel te stu= deren in de bibliotheek van het Vatikaan.

Op zekere dag vroeg hij naar 'n weinig bekend werk, waarvan de schrijver, Emil Fahier de Revisa, reeds lang gestorven was. Toen hy het boekje doorbladerde, was hij zeer verbaasd door het vinden van het volgende briefje:

"De vinder van dese medeling moet zich wenden tot de weeskamer te Rome en opvragen de aandelen L. 1, No. 162, van 5 Febr., 1784."

Hij stapte dus naar de aangewezen autoriteiten toe en kreeg daar tot zijn stomme verbazing te horen, dat hij de erfgenaam was van 'n groot fortuin, on= geveer 8 miljoen lire. Zo groot was de verbazing van de ijverige student, dat hij weigerde te geloven wat hem werd mede= gedeeld, maar tenslotte kreeg hij 'n uit= legging over het sprookjesachtige gebeu= ren, die hem wel moest overtuigen. In de achttiende eeuw woonde n.l. te Rome de schrijver, Emil Fahier de Revisa, die een boek schreef, dat door de kritiek zeer slecht ontvangen werd. Diep teleurgesteld, bepaalde De Revisa, kort voor zijn dood in zijn testament, dat zijn erfgenaam zou zijn, de eerste, die zijn boek zou bestu= deren uit de bibliotheek van het Vatikaan. Het werk was gedurende anderhalwe eeuw niet gebruikt.

'n Knipsel van ongeveer 1928/29 uit die koerant= knipselversameling van J de V Roos.

## HARTLIKE DANK!

Die redaksie en al die lesers van Biblikasie wil hulle hartlike dank oordra aan mev Lorraine Eras= mus, wat sedert die ontstaan van ons nuusblad al die tikwerk behartig het. Waar sy ons verlaat, wil ons haar verseker dat ons mooiste wense haar vergesel.

## Wilde Woordeboek

| | | |
|---|---|---|
| *Toestem* | - | hees |
| *Trombone* | - | groente maak musiek |
| *Ylhoofdig* | - | bles |
| *Professie* | - | dosent se vuurmaakplek |

## TO HIS CONGREGATION

A Negro Preacher, whose supply of hominy and bacon was running low, decided to take radical steps to impress upon his flock the necessity for contributing liberally to the church ex= chequer. Accordingly, at the close of the sermon he made an impressive pause, and then proceeded as follows:

> "I hab found it necessary, on account ob de astringency ob de hard times an' de gineral deficiency ob de circulatin' mejum in connection wid dis chu'ch, t' inter= duce ma new ottermatic c'lection box.
>
> It is so arranged dat a half dollah or quahtah falls on a red plush cushion without noise;
> a nickel will ring a small bell distinctually heard by the congregation,
> an' a suspendahbutton, ma fellow mawtels, will fiah off a pistol;
> so you will gov'n yo'selves accordingly.

Let de c'lection now p'oceed, w'ile I takes off ma hat an gib out a hymn."

Geneem uit die J de V Roos koerantknipselversa= meling.


## REDAKSIE


| | |
|---|---|
| Redaktrise | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | Mev B von Eherenberg |
| Tikster | Mej A Honiball |
| Medewerkers | |
| Beplanning | Mev J M Cilliers |
| Aanskafafdeling | Mev E du Plessis |
| Bindery | Mnr C F Buys |
| Leendienste | Mev M Verster |
| Ontsluiting | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | Mnr J Davies |
| Tiksters | Mev C Blignaut |
| Tydskrifafdeling | Mev B Gunther |
| Vakbibliotekarisse en assistente | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | Mev F de Villiers |
| BMW | Mev M Willemse |
| Medies | Mev A van der Watt |
| Landbou | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | Mev B von Ehrenberg |
| Fotograaf | Mnr P D de Kock |
| Fisiese Versorgers | Mej W Shipman |
| | Mnr W Porter |





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD



Op die foto verskyn van links na regs mnr H de Bruin Adjunk-direkteur (Beplan= ning en Ontwikkeling), prof E D Gerryts Direkteur (Biblioteekdiens) en mnr M C Willemse Hoof van dataverwerking, op die vooraand van hulle vertrek om rekena= risering in biblioteke oorsee te gaan ondersoek.




Wena Naudē Uitstalling



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TOTSIENS




Mev Lorraine Erasmus
Beplanning




Mev Mercia Neitz
Buitemuurs



Mev Elbie Smal
Aanskafafdeling



Mnr Floors Venter
Seksie Finansiële Administrasie



Mnr Jos Davies
Vakbibliotekaris - Ingenieurswese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM



Mej Hestē Visser
Seksie Tydskrifadministrasie



Mev Mara Grobbelaar
Toonbank



Mev Mariē Potgieter
Tiksters



Mev Hannetjie Erlank
Inter




Mev Anna-Marie Arnold
Vakbibliotekaresse - Ekonomiese Wetenskappe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

# KERSFEES-NUWE JAAR-1978-79



## DIE EINDE VAN 'N SKOF............?

Aan die einde van nog 'n jaar is elkeen van ons 'n eerlike antwoord op bostaande vraag verskuldig. Dit vra dat ons vir 'n oomblik met onsself stil sal word. Waar staan ek op die weg wat ek in werks- en beroepsverband met soveel ywer ingeslaan het? Waar bevind ek my op my eie lewenspad in die lig van die bestemming wat ek vir myself bepaal het?

Vir elkeen wat in 1978 in alle eerlikheid teenoor homself en sy arbeidsgenote sy gewig ten volle getrek het, gun ek die rus wat die einde van 'n skof meebring. Die lengte en eise van elke skof word immers bepaal deur 'n definisie van jou roete en bestemming - geskaal volgens jou besondere vermoëns en talente. Daarom sal die vraag of u die einde van 'n skof bereik het enersyds altyd iets persoonliks bly. Andersyds, maak ons deel uit van 'n span wat genoodsaak is om die Biblioteekdiens op koers te hou en om ooreenkomstig realistiese skofte ook sinvol vordering te maak. Dit plaas 'n besondere verantwoordelikheid op die skouers van die Biblioteekdiens se topbestuur wat dit o.a. by wyse van doeltreffende beplanning, beheer en evaluering moet probeer bewerkstellig. Alvorens ons dus die 1979-skof aandurf, sal ons o.a. die uitspantydjie moet benut deur weer 'n keer kaart uit te haal, bestemming te definieer, roete uit te spel en posisie te bepaal. Daaroor gesels ons aan die begin van 1979 verder wanneer dit van elke Afdeling van die Biblioteekdiens verwag sal word om opnuut sy doelwitte te definieer.

Die einde van 'n skof beteken dikwels ook span verander, vrag herpak en wa verwissel. Aan diegene van u wat in 1979 nie meer die Merensky-wa sal trek nie - sterkte vir u arbeid in 'n ander werkkring. Vir hulle wat eersdaags na babawa oorskakel - onthou die vrag is klein en lig maar terselfdertyd groots en gewigtig. Die aankoopkoste is laag en die werksure is ongedefinieerd, maar die waarde onberekenbaar en die arbeid inspannend maar kompenserend. Vir een van ons kollegas het die einde van 1978 'n besondere betekenis. Na 21 jaar se ononderbroke diens lê mnr Gagiano die U.P.-tuig finaal neer. Ons het opregte dank en waardering vir die volgehoue getroue arbeid en ons seënwense vergesel hom op die weg vorentoe.

Waar mej J du Preez (redaktrise) en mev B van Ehrenberg (sub-redaktrise) nou die Biblikasie-vrag aflaai, sê ons vir hulle en die res van die redaksie dankie vir die bekwaamheid en blymoedigheid waarmee hulle hulle taak verrig het. Ons is dankbaar dat mev J C Fourie, mev J A Maree en mej M Mörsner gereed staan om met 'n nuwe span oor te neem.

Vervolg/ ....



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Om die einde van 'n skof te bereik, het inderdaad besondere betekenis. Enersyds, dui dit daarop dat jy daarin geslaag het om met opoffering en selfdissipline 'n bepaalde punt te bereik. Om telkens te rus voordat die skof voltooi is, beteken egter om uit te sak en onherroeplik agter te raak. Andersyds, beteken dit dat jy kan terugkyk oor wat bereik is, maar dat jy terselfdertyd gereed maak vir die uitdagings van 'n nuwe skof wat wag.

Ons kyk met dankbaarheid terug oor groot werk wat in 1978 gedoen is. Vir verskillende projekte lê 'n nuwe fase voor. Wat aspekte van ons akkommodasievoorsiening asook ons inligtingsbeleid en rekenarisering betref, het ons digby die implementeringsfase gekom en sal die nuwe skof inderdaad besondere uitdagings bied en ons gaan dit met verwagting tegemoet.

Miskien lê die werklike en diepste betekenis van die pad wat ek en u bewandel tog daarin dat dit by Bethlehem verby moet loop. Mag elkeen van u wat eersdaags daar sal vertoef, met dankbaarheid volle perspektief op u lewenspad verkry.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

---

## 1978...........1979!

Ons kyk terug na 'n jaar waarin ons strewe om 'n noue kontak binne die biblioteekdiens van UP deur middel van BIBLIKASIE nog 'n stap nader aan die werklikheid gekom het.

As redaktrise was dit vir my 'n plesier om in so 'n goeie gees en gesindheid saam met almal te kon saamwerk. My dank aan my twee sub-redaktrises mevv Babs von Ehrenberg en Maretha Kuhles vir hulle hulp, asook vir elke medewerker wat so gereeld die nuuswaardighede onder ons aandag gebring het.

Waar die vakansietyd nou aanbreek en ons weer gedurende die Kerstyd en Nuwe Jaar tot stilstand sal kom, laat ons met dankbare harte aan Hom die dank bring wat ons die afgelope jaar op ons onderskeie weë gelei het.

Namens die redaksie aan almal 'n vreugdevolle Kerstyd en 'n Nuwe Jaar vol geluk en voorspoed.

Aan die nuwe redaksie van 1979 wens ons alle sukses toe.

Mej J du Preez
REDAKTRISE

# KERSTYD

*Iets hinder my al lank. Veral dié tyd van die jaar. Dis nie eksamens nie, want daarvan praat ons al die laaste paar weke in die verlede tyd.*

*Wat my hinder is die "Seasons Greetings" of "Gety Wense". Of erger nog: "Happy Xmas". En jy weet voor jou eie siel dat hierdie embleme op die winkelvensters net daar is om klandisie te lok. Sou jy daaraan toegee, belewe jy allesbehalwe 'n "happy" Kerstyd. (Finansieel gesproke.)*

*Daarom kom die vraag: Wat beteken hierdie woorde nou eintlik? Dra die boodskap daarvan enige inhoud?*

*'n Gammat kom eenmaal van 'n geselligheid waar hy saam met vriende ooglopend te veel van die vloeibare verversings geniet het. Dit was onder andere ook duidelik af te lees uit die manier waarop hy sy vokale talente met die eensnaar kitaar ondersteun het.*

*Op pad val hy by 'n begrafnisstoet in. Natuurlik salig onbewus van die aard van die samebindende faktor van genoemde stoet. 'n Paar blokke verder draai hy af in sy eie straat waar 'n vriend hom berispe oor sy gedrag by die roubeklaers. Sy antwoord hierop was ewe ernstig: "Nevermind die occasion, dit was in elk geval 'n roaring sukses."*

*Hierdie tyd van die jaar is nie maar net 'n tyd van inval by die massa om die seisoen te geniet nie. En dit ongeag wat die "occasion" mag wees nie.*

*Hierdie tyd vra juis 'n stilstaan. 'n Dink. 'n Stilword. 'n Uittree uit die stroom van malende massa. Want in hierdie tyd gedenk ons die Volheid van die Tyd: Toe God onder mense kom woning maak het; toe 'n Kind gebore is wat die Middelpunt tussen Tyd en Ewigheid sou wees.*

*Daarom is dit nie bloot 'n seisoen of 'n anonieme, niksbeduidende Xmas waar Nuwe Jaar plesierhalwe meer as die helfte van die agenda uitmaak nie.*

*NEE!*

*Kersfees is Christusfees. En wanneer jy die Kind in die Krip ontdek het en jy ook verbykyk na die Kruis en jy besef dat die Koning van die konings hierdie vernederingsweg moes volg ter wille van jóú, kom daar 'n ander soort vreugde. Dan val jy in 'n ander tou, wel wetende wat die geleentheid is. Dan word die boodskap nie aan die winkelvensters vasgeplak nie, maar aan jou lewenswandel.*

*Kom ons ken hierdie Kersfees weer die waarde toe wat dit toekom. Nie meer "Seasons Greetings" nie, maar*

*"VREDE OP AARDE".*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REISSTORIES EN BOEKESKOU

Ons drie-weke reis het by Madrid in Spanje begin. - 'n Stad van kontraste; van moderne geboue, spuitfonteine, breë strate en van armoedige hui=sies waar een kraan die hele stofstraatjie se inwoners van water voorsien.

Dan na Parys wat 'n malse ervaring van elegante Franse en mooi, maar peperduur klere is - die stad van die Eiffeltoring, die Arc de Triomphe, die Notre Dame en die Champs Elysees. Maar veral die stad van seer voete omdat jy alles in een dag wil sien!

Vandaar na Holland met sy tradisionele windmeu=lens en klompe waar ons die gesellige Brabandse sialek kon hoor en die vriendskap van mense kon ervaar wat troue vriende van Suid-Afrika is. 'n Interessante besoek aan die biblioteek van die Teologiese Instituut van die Universiteit van Utrecht en die Raadsaal van die universiteit waarin 'n standbeeldjie van president Kruger ons huis toe laat verlang het.

Dan per trein na Switzerland deur Duitsland se pragtige Rynvallei tot in Luzern. Die vreugde om met Heidi se bokke en berge kennis te maak en met haar bome wat nou in pragtige hefskleure staan.

Daarvandaan na Frankfurt om die Internasionale Boe=keskou by te woon. Uitgewers uit onder andere Rusland, Duitsland, Holland, die VSA, Brittanje en self Suid-Afrika het boeke uitgestal. Sale vol van interessante boeke het ons binne besig gehou, terwyl Kommunistiese propaganda-stalletjies met rooi leesstof die strate buite volgestaan het. Na 'n week se stadsgewoel het ons net soos Heidi begin terugverlang na haar berge in Switzerland.

Maar dan was daar nog Italië! - Rome wat nog besig was om te herstel van die nuwe Pous se inhuldiging. Die Vatikaanstaat, die pragtige St Peterskatedraal, die Colosseum, die Romeinse Forum, die Trevi Fon=tein en nog baie meer! 'n Heerlike besoek aan Pompei, Sorrento en die eiland Capri en 'n juwele=kissie wat saamgekom het om nog elke dag vir ons "The Isle of Capri" te speel.

En die lekkerste van alles? -

Toe die DC10 van Alitalia sy wiele op Suid-Afri=kaanse bodem neersit en drie opgewonde seuns ons op Jan Smuts inwag.

MEV ISSIE KOEKEMOER

VIR SLANGBYT

Neem onmiddellik, na 'n slang iemand byt, 'n le=wende hoender, en sny dit 'n klyn snytji foor di bors, druk dan di snytji teen di bytplek, hou dit so fas totdat di hoender dood is, neem dan di dooie hoender weg en herhaal dit met 'n ander; hou dan so an totdat di hoenders ni meer sterf, wat meesal met di agste of tiinde hoender di geval is; geef intussen di gebyte persoon so feul soet melk in as wat hy kan drink. Kerf dadelik di bytplek, sit 'n plyster fan wit fometiif op en gé di persoon 'n fometiff dosis in.

# PICASSO IN BITTERFONTEIN

Die toerbus maak 'n wye draai en kom stamperig tot stilstand voor die hotel. Hotel? Dis wat die groot rooi letters verkondig, maar dit lyk eerder soos 'n aangelapte plaashuis waar die boer gevind het dat hy meer kinders as die vorige eienaar het en eenvoudig kamers aangebou het sonder om veel ag te slaan op die voorkoms van die gebou.

"Dames en menere" roep die busbestuurder opgewek na binne, terwyl hy hom uitrek. "Loop nou maar jul draaie dan ontmoet ons mekaar oor tien minute in die sitkamer vir tee."

Die paar vaal bloekombome voor die hotel ruis troosteloos in die wind. Die takke is so yl dat die bome skaars 'n koeltetjie bied. 'n Groot vel koerantpapier raas in die boomtakke langs die hekkie.

Op die stowwerige rooi stoep lê 'n steekbaardhond roerloos op 'n uitgekrapte stuk mat. Op die eenkant van die stoep langs die muur is 'n klomp stoele op=mekaar gestapel, dalk in voorbereiding vir 'n stoep-dans? Die sifdeur se skarniere kraak en die gaas van die deur is vol gate gestamp deur meubels wat nalatig in-en-uit gedra word.

Toe ek by die sitkamer instap, steek ek vas van verbasing. 'n Picasso-afdruk teen die muur? Ja, sy blou vrou met die skerp maar fyn gelaat=strekke.

Agter die ontvangstoonbank staan die presiese teenstelling - 'n bloesende meisie met hoë krulle op haar kop, in 'n heldergeel krimprok wat gemak=lik vou om haar rolle maar tog hier en daar 'n oopgebarste naat wys.

Ek stap na haar en wys na die afdruk, "Juffrou, 'n familielid?"
"Familie?! Nee, dame asseblief tog, glad nie."
"Waarom is sy so blou? Is sy sieklik?"
"Dame, moenie dit vir my vra nie! Mev Gerber, ons bestuurder se vrou het haar daar opgehang - sy het nogal Die Slag van Bloedrivier afgehaal om vir haar plek te maak."
"O ja?" moedig ek haar aan.
"Ja, dame, en toe ek sien sy hou van 'n portret, het ek aangebied om my pragtige protret van Gene=raal Smuts op Tafelberg, en nogal deur hom geteken, vir die hotel te leen. Ek het dit nog van my ouma present gekry," en haar oë word vogtig. "Maar nee, sy wil dan nou juis die snaakse portret van die blou vrou hê", en sy giggel goedig. Toe sê my ma dis maar beter so, netnou het my portret dalk be=skadig geraak."

"Ja, en dit sou darem jammer gewees het. Maar sê my, waarom is sy dan tog blou?"

Sy is duidelik sat vir die gesprek. "Kyk hier, dame, ek het nog nooit so 'n kleur mens gesien nie. Ek weet niks van haar nie, behalwe dat sy vir my baie lelik is, en om die waarheid te sê, sal ek baie verlig wees as die ellendige ding eendag van die muur afval en breek."

"Jammer ek het so uitgevra", paai ek en stap na die bus. Toe ons met 'n ruk wegtrek, kyk ek terug na die plat hotelletjie in die stofwarrels en trek my skouers ongelowig op. Vir iemand in Bitterfontein was die Picasso tog werklik mooi!

MEV MARIé RAUTENBACH



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VARIA

Die personeellys in die 1978-jaarboek van die Fakulteit Geneeskunde toon slegs een inskrywing onder die Departement *Aansteeklike Siektes*, naam= lik

Senior lektor -------------------------- *Vakant*

# UIT DIE SPENS

HOENDER BREYANI

Mev Annemaré Geldenhuys

1 gekookte *hoender*

*rys* ('n groot hoeveelheid, een deel gekleur met *borrie* of *geel voedselkleursel*)

gekapte *uie*

gekapte *tamaties*

repies *aartappel*

1 koppie *gewone joghurt* (verdun met melk)

*speserye* na smaak

*naeltjies*

gemaalde *swart peper*

bietjie *fyn kaneel*

gekapte *knoffel* na smaak

*chili poeier*

*Garam Masala* na smaak (hierdie kruiemengsel is verkrygbaar by Pretoria Spice Works en die Koe= liemark.)

*sout*

*ghee* (gesmelte botter)

1. Kook rys.
2. Plaas die helfte daarvan in groot bak en kleur geel. (1 doppie geel kleursel in 1 koppie water - meng met rys.)
3. Braai uie in ghee.
4. Braai repies aartappel in ghee.
5. Voeg gekapte tamaties by.
6. Sny gaar hoender in stukke, nie te klein nie. (Die hoender moet goed gespesery wees.)
7. Meng die hoender stadig met die joghurt, ge= braaide uie, kruie, res van die bestanddele en die wit rys.
8. Plaas 'n laag hoendermengsel en dan 'n laag geel rys in opdienskottel, herhaal tot mengsel op is.
9. Verhit in oond totdat dit goed warm is.
10. Bedien met joghurt (effens met melk verdun en gegeur met sout en peper) en groen slaai. (Die joghurt word bo-oor die vleismengsel ge= gooi na elkeen se smaak.)

# van die buiteposte

## LANDBOUNUUS

Dit het tyd geword om te groet: Die finalejaar= studente, die vertrekkende dosente en kollegas van UP se biblioteekdiens, aan almal sukses en voorspoed vir 'n eerste werkkring, 'n nuwe werk= kring of 'n rustiger tyd tuis.

Ons as personeel wens almal by die Merensky en die takbiblioteke 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

## MEDIES

Teen die einde van 'n jaar moet mens so ietwat terugkyk en besin of alles nou die moeite werd was. Hier by Medies het ons darem kwaai stof op= geskop - letterlik en figuurlik.

Aan die begin van die jaar was dit die optoggies na die nuwe Kliniese Gebou: "om te sien hoe dit vorder". Later, om te gaan kyk of die "rakke al in is" en uiteindelik, toe die jaar (en ons) halfpad oor die muur was, toe was ons ingeburger. Dit het nie heeltemal so vinnig en maklik verloop nie en ons wil vir mej Anne van Zijl dankie sê vir haar "strategiese beplanning" en vir mnr J C du Preez vir sy "mannekrag".

Nou het elkeen sy sit gekry en dinge begin vlot verloop. Nog 'n trek is oorleef en ons sit oor= gehaal vir 1979.

## VOORKLINIES

1978 was vir ons 'n goeie jaar, vol interessante dinge en harde werk wat die tyd absoluut laat vlieg het. Ons dink terug aan die oorstromings; 'n heen en weer getrek in die biblioteek; vakan= sies waarin heerlik uitgerus is en selfs aan 'n arme student wat byna vir 'n nag die boeke vir ons opgepas het!

Ons tydperk van 'n jaar verloop eintlik verkeerd. 'n Nuwe jaar moes eintlik saam met die lente kon begin. So van lente gepraat. Vir Marie Willemse het die lente nie te goed begin nie, want manlief is vir vier weke opgeroep vir sy militêre diens= plig. Sterkte vir die tyd, Marie!

Ons groet tot volgende jaar!

Man: "Wat maak jy vir 'n lewe, Gammat?"
Gammat: "Ek, 'study' by die Universe."
Man: "Wat 'study' jy?"
Gammat: "Ek 'study' om te spel."
Man: "Spel vir my gogga."
Gammat: "Twee go's en een ga."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BUITEMUURS

Vandat mev Mercia Neitz nie meer deel uitmaak van ons groepie by Buitemuurs nie, bewys Moeder Natuur duidelik watter geslag van die menslike spesie sy as geskik beskou vir die taak by Buitemuurs. (Ons praat nou glad nie van diskriminasie nie. Dis feite!)

In hierdie biblioteek is ware driemanskap die wagwoord. Maar ook nie vir lank nie. Want dan eis vakansie sy tol. As ons gespaar bly, neem ons die een na die ander verlof.

Mnr Du Toit gaan 'n paar dae tuis deurbring. So 'n bietjie rus vir die eintlike verlof aan die einde van Januarie in Durban. Lekker rus, mnr Du Toit!

Mnr Lourens gaan voorlopig ook net eers lekker by die huis rus. Sommer net "bones in the light". Tussendeur doen hy ook prakties. Sterkte!

Die uwe neem ook verlof maar moet noodgedwonge tuis bly. Dit gebeur mos met diegene wat "'n vrou getrou het" wat werk (en nie verlof kan kry nie!).

Vir al die biblioteekpersoneel wat met verlof gaan wens ons by Buitemuurs 'n geseënde rustydjie toe. Van ons kant ook: Geseënde Kersfees en alle voorspoed vir die Nuwe Jaar.

Groetnis

BUITEMUURS

# MUSIEK

Alhoewel die versoeking baie groot is om weer eens 'n plaat bekend te stel moet 'n mens seker so nou en dan ook 'n variasie op die tema kry en oor iets anders gesels.

Nou is daar seker baie om oor te gesels as 'n mens oor die werk en dinge wat daarmee saamhang wil be=sig. Maar daar lê eintlik iets veel interessan=ter voor wat vir mense verskillende ervarings mee=bring, naamlik Desembermaand. Vir my verreweg 'n baie mooier maand as Oktober, want die lente gee 'n mens tog net hooikoors!

Afgesien daarvan dat Desember vakansiemaand is, is dit ook vir my dié maand van wonderlike ervarings en assosiasies, om maar net 'n paar te noem: die kandelare wat blou in die blom staan, die reuk van spanspek, die kraak van 'n ryp waatle=moen wat gesny word, pasgesnyde gras, pienk en blou krismisrose gerangskik in 'n koperbak op 'n wit gehekelde tafeldoek, groot bruik ronde gerim=pelde okkerneute, die reuk van speserye in die kombuis waar al die wonderlike kersgebak voorbe=rei word, J S Bach se Weinachts-Oratorium, en nog die mooiste van alles: die gesinsintimiteit van Oukersaand.

# ONDERSTEPOORT

Hier om Onderstepoort loop die jaar nou vinnig ten einde. Die finale jaar-studente kry al amper hulle BVSc-grade, en die ander studente swoeg en sweet om vir oulaas al die lesings in te haal.

Ja-nee, die eksamen is nie net in die lug nie, dit is hier!

Dit is baie interessant om te hoor hoe dit met die eksamen gaan, en watter vak hulle volgende skryf. Party is heel optimisties, terwyl ander weer 'n houding van "ons sal maar sien" inneem.

Vir ons in die biblioteek lyk die blaaskansie wat ons in Desember kry, darem ook al 'n bietjie na=der. Ons het dit al nodig, na die dol jaar wat verby is.

Ons wil vir al die biblioteekpersoneel wat 'n bietjie gaan vakansie hou, sê: "Geniet dit!"

En sommer vir almal: 'n Gelukkige Kersfees en voorspoed vir die jaar wat voorlê.

---

Seuntjie: "Mammie, waarvan is ek gemaak?"
Mammie: "Van stof, my kind, en as jy eendag doodgaan, word jy weer stof."
Seuntjie: "Wel, dan moet Ma bietjie in my kamer onder die bed gaan kyk. Daar is iemand wat kom of gaan."

---

THE CHEMISTRY OF FEMININITY

We often hear of the "Sweet Girl Graduate", "The Sweet Blushing Bride", and the like - but girls are *not* sweet. The recent survey conducted by the Albany Medical College found that a girl actually contains but one-quarter of a pound of sugar.

Other things which a lady contains, however, are:

Sulphur enough to rid a dog of fleas.

Five pounds of lime - more than enough to whitewash a good-sized chicken coop.

Enough iron to make a six-penny nail.

Enough gluten to make five pounds of glue.

Fat enough for ten bars of soap.

Ten gallons of water.

Glycerine enough for the bursting charge of a heavy Navy shell.

Thirty-one pounds of carbon.

Magnesium enough for ten flashlight photos.

Mrs Orrin Black

Uit die Knipselversameling van J de V Roos



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SNAAKSIGHEDE OF FOUTE?

Met erkenning aan mnr Denys Parsons wat die meeste hiervan versamel het.

Die Rand Daily Mail noem:

*The Transvaal team for the match against Western Province today will not be chosen until tomorrow morning.*

Die Star praat van:

*The maon opposition parties in South Africa.*

*Lonely lady, 43 years, with little dog, seeks post.*

*Very easily run business, travelling library, latest books, late type van, good rounds, good loving assured, suitable for woman ...*

*WANTED: man to wash dishes and two waitresses.*

(Kennisgewing in Sydney restourant)

*Experts know that the effect of alcohol takes longer in men, but the end reshult ies the same.*

In 'n Ierse haarkappersalon (waar anders?):

*Haircutting while you wait.*

... *If the baby does not thrive on fresh milk it should be boiled* ...

*Jenkins was driving at a great speed and swerving from side to side. As he approached the inter= section, he crashed into Miss Miller's rear end which was sticking out into the road about a foot. Luckily she escaped injury and the damage can easily be remedied by a coat of paint.*

*The doctor said that the epidemic of laryngitis among men might be traced to the use of central heating and the scantiness of women's attire.*

*Winners in the home-made wine section were Mrs Davis (fruity, well-rounded), Mrs Rayner (fine colour and full-bodies) and Miss Smith (slightly acid, but should improve if laid down).*

*Ter afsluiting kan daar nie nagelaat word om hier= die kennisgewing aan te haal wat in die reprogra= fiese afdeling van 'n plaaslike Universiteit aan= gebring was nie:*

*"Studentetellers word onder geen omstandighede aan studente uitgereik nie."*

(Nou behoort die personeel darem kans te kry om by die fotokopieermasjiene uit te kom.)

GEREGISTREERDE BRIEF AAN GESTORWE KIESER

*Van Ons Eie Korrespondent*

ZWARTRUGGENS, 9 Mei - Aan iemand wat 'n tydjie gelede hier oorlede is, is 'n brief per geregi= streerde pos gestuur, om hom mee te deel dat sy naam van die kieserslys geskrap is; en as rede vir die skrapping word genoem dat sy naam op die lys van sterfgevalle voorkom. Die klimaks is bereik toe in dieselfde brief meegedeel is dat, as die oorledene enige beswaar wil indien teen die skrapping, hy sulks binne veertien dae moet doen. Beter voorbeeld van offisiële formaliteite kan 'n mens seker nie kry nie!

Uit die Knipselversameling van
J de V Roos

# uit die afdelings

## BEPLANNING

As die inligting wat mnr H de Bruin oorsee verkry het so goed is soos die weer tydens die reis gaan ons biblioteekrekenarisering beslis 'n rooskleu= rige toekoms tegemoet. Ons verwelkom mnr De Bruin terug na 'n vermoeiende, maar soos ons verneem baie suksesvolle reis. Mnr De Bruin is nou hard besig om alle inligting wat verkry is op skrif (of is dit nou op magneetband?) te stel. Ons hoop hy kry nog tyd vir 'n welverdiende vakansie in Desem= ber en wens hom ook sterkte toe vir sy studieverlof aan die begin van volgende jaar.

Mnr Peter Lor behoort sy salaris deesdae eerder direk van die Departement van Nasionale Opvoeding te verkry as van UP met al die werk wat hy moet doen vir hulle inligtingsstelsel oor die Suid-Afrikaanse Tersiêre Onderwys (SAPSE). Tussendeur het hy ook nog huiseienaar geword. Baie geluk! Ons hoop julle vind gou weer julle voete na die groot trek. Dalk is julle ook al een Lortjie ryker wanneer hierdie Biblikasie verskyn? Ons hoop alles gaan baie goed.

In die Kruger Wildtuin het mev Ouneke van Wyk so amper meer sterretjies as diere gesien - van tand= pyn! Gelukkig kon 'n tandarts op Phalaborwa haar vakansie red. Aangesien Ouneke aan die einde van Desember ons afdeling verlaat, wil ons sê baie dankie vir baie en dikwels moeilike werk in die afdeling.

Ook mev Issie Koekemoer se tyd in die afdeling loop af en ons sê baie dankie vir al die werk wat sy in die herbeplanning van die grond-, laergrond- en kelderverdieping gesit het. Al wat bly sal wees dat sy vertrek, is ons sakrekenaartjie - hóm het sy laat les opsê.

Ons wens een en almal van die Biblioteekdiens 'n werklik vreugdevolle Kersfees toe en hoop om julle almal uitgerus en versterk in 1979 weer te sien.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Seksie
# BOEKBESTELLINGS

Gelukkig is daar vir ons almal 'n vakansie in die vooruitsig, want met die maksimale aantal bestel= lings en minimale personeel gaan dit steeds op 'n drafstap in die Seksie Boekbestellings.

Ons sê dankie aan mej Anthea McLaren van Seksie Makro-ontsluiting wat ons gedurende Novembermaand gehelp het om die mandjiesvol boekbestellings af te handel.

Ons wil ook ons dank uitspreek vir die goeie same= werking wat ons die afgelope jaar gekry het van die verskillende afdelings in die Merensky-biblioteek asook die takbiblioteke.

Mev Marié Rautenbach het in November 'n week by haar pottebakker-vriend Esias Bosch en sy vrou op Witrivier, gaan inloer. Daarna het sy vir nog 'n week tuis ontspan.

Mev Alet Kleu gaan Sordwanabaai se son opsoek ter= wyl haar man 'n paar grotes uit die water gaan trek. Ons sal graag help eet aan die kerrievis.

Mej Valery Snodgrass gaan haar verlustig in die sonsondergang aan die Kaap se kus, terwyl mev Ber= ry Matzopoulos haar kinders tuis vermaak en haar huishouding regskud vir die nuwe jaar.

Nog iemand wat tydelik die Magaliesberg vir ou Tafelberg gaan verruil is mev Annemarie Pienaar en haar man. 'n Heerlike drie weke lê voor die deur.

Nou-ja, dis Vrysta-a-at vir die Vrystaters - so mev Rita Botes en gesin kan nie beter doen as om die kerstyd daar deur te bring nie.

---

# LEENDIENSTE

Die jaar staan einde se kant toe en almal sien uit na 'n (welverdiende!) vakansie.

Mev Irene Venter gaan vir Ma kuier in Swakopmund - gelukkig kan hulle van die Lugmag se vervoer= geriewe gebruik maak.

Mej Irene du Preez gaan Suidkus toe om terug te kom en te spog met 'n sonbruin lyf!

Mej Marie Schoeman is bereid om tot gedurende vakansietye te werk - sy gaan Nylstroom toe na 'n skoolverwisselingskamp.

Mev Marietjie Verster gaan Swaziland toe en daarna gaan hulle in Durban en in die Kaap kuier.

Mej Mariëtte Bothma kom natuurlik na die vakansie as mev Pelser terug. Ons beste wense vergesel julle Mariëtte!

Aan die wat tuisbly - lekker werk en aan almal 'n geseënde Kersfees en voorspoed vir die Nuwe Jaar.

# BINDERY

Die jaar 1978 snel haas ten einde en as 'n "gesin" hier in die Bindery dink ons aan die tyd wat verby is, aan die voorspoed sowel as die teenspoed en kan alle herinneringe helder voor die gees geroep word. Deur 'n Hoër hand is ons nog almal gespaar en tesame.

Mnr W Porter het soms maar probleme ondervind om orde gestand te doen, veral wanneer gemoedere hoog geloop het. So tussen die stukkende motors en klagtes van oral oor, van pap batterye en parte wat ingegee het, het hy die produksie in die Bin= dery gehandhaaf en selfs verhoog.

Mnr D Hughes het so stil-stil moeg geword vir sy ou huis en dit verkoop, na 16 jaar. 'n Ander huis is gekoop en hy het die einde Oktober daar= heen verhuis.

Mnr Chris Buys is ook een van die wat verhuis het, ongelukkig nie na 'n nuwe huis nie. Hy word egter net moeg om met dieselfde motor te ry, 'n mens kan net nie byhou met die modelle nie, dit wissel van Jaguars na Mini's.

Mnr Paul Erasmus was gedurende die jaar telkemale siek en in die hospitaal, ons almal wens hom 'n beter gesondheid toe in die jaar wat voorlê.

Mej Dalena van der Merwe het ook 'n heel bedrywige jaar agter die rug, 'n mangeloperasie in Julie, drie weke militêre kursus te Voortrekkerhoogte in Augustus en vir vier hele weke verlof in Oktober. Haar verlof het sy deurgebring onder andere in die Vrystaat en Noord-Transvaal. Sy het nie 'n nuwe motor gekoop nie maar wel 'n drie meter lange kano.

Mnr Julie Luüs het ook van sy Mercedes afstand ge= doen en 'n Datsunbakkie aangeskaf, dit maak hom een van die drie Datsun-eienaars in die Bindery. Julie het ons almal se belangstelling in die per= deresies sterk aan die gang gehou, net wanneer almal se moed in dié verband laag was, het hy so 'n ietsie gewen. Julie en sy gesin gaan vir die paar dae in Desember na Durban.

Mnr Nic van Vuuren was die afgelope tyd heel skaars as gevolg van eksamens wat hy afgelê het. Voorspoed Nic, ons hou vir jou duim vas.

Mnr Marthinus Labuschagne se plan is om ook in Desember 'n paar dae te gaan uitspan op Estcourt.

Mnr André van Rensburg het ook besluit om 'n tydjie verlof te neem en hy is van die gelukkiges wat nie in Durban hoef verblyf te soek nie, sy pa woon daar. Hy is egter naarstiglik op soek na 'n geskikte woonstel hier in die stad. Hy sal ook nog op die harde manier uitvind dat dit nie so baie lekker is om self etes voor te berei nie.

Aan 'n iedere en 'n elk van die Merensky-personeel, 'n geseënde Kersgety en 'n voorspoedige Nuwe Jaar van die Binderypersoneel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONTSLUITING

En so is '78 toe om
die tyd die vlieg so, ek staan skoon verstom
en terwyl Motors die jaar die hoofwoord was
hoop ek iemand trek nou-al '79 se handrem vas!

'n Nuwe baas die neem toe oor
net die regte een om al die swanesange te hoor.
So tussen alles het Ria nog studeer
- asof sy nie genoeg by die werk kon leer.

Die siektes wat almal toe aan ly
is om trek- en motorkoors in die ergste graad te kry.
Santie en Leonie kom baie goed klaar
Hul deel selfs 'n woonplek vir die volgende jaar.


Manda Lang trek Suidwes toe een-van-die-dae,
sy verlang al 'n maand lank - sonder om te klae.
Die Manda's is nie familie, maar het jul geweet
dat selfs hul broers en susters dieselfde heet!

Dalena en Jo kry van akademie nie genoeg
Gebruik selfs hul vakansies om deur literatuur te ploeg.
Amke gaan haar voortaan aan orrellesse wy
terwyl ons Heléne gereeld by die kunsmuseum kry.

Rieta en Breggie werk in hoogste versnelling
veral die Landbouboeke is 'n knaende kwelling.
Jeanne en Clarisse droom soms saam-saam
oor reise na Europa - of sommer op die maan

Leonie van Wyk en Anita hou vakansie by die see,
weg van boeke en kaartjies wat probleme kan gee.
Hantie en Anthea se gesigte is nog nuut
en sien kans vir die uitdaging wat rekenarisering gaan bied.

En so is die uwe se deuntjie toe klaar
sê ook dankie vir die saamwerk die afgelope jaar
en al kan ons '79 se spoed nie keer -
Lekker rus, hou vakansie, sien volgende jaar weer!



En so ook die einde van die jaar vir Ontsluiting!

# TYDSKRIFADMINI-STRASIE

Die doel van dié skrywe is om dankie te sê
voordat 1978 finaal gaan lê.
Ons begin by Topbestuur, soos dit ook hoort
En sê dankie vir die leiding uit die boonste oord.

Vakbibliotekarisse, julle pla ons kort-kort maar raai
ons gee glad nie om nie, julle kan maar laat waai
Piet en Kie en Beplanning daarnaas
Julle sit ongelukkig net bietjie na aan die Baas.

Leendienste, ons kontak met jul is maar min
hoofsaaklik slegs as mens met nagdiens begin.
Die medebesetters van Laergrond-vlak
Ai, dié vloer van ons is darem bak.

Bestel en Finansies net om die rak
Ons pla julle baie met al ons twak.
Maar dit wil ons graag vir julle sê:
Dis lekker om julle as bure te hê.

Ons vergeet nie die Binders wat ons terroriseer
met gebinde bande wat ons skaars kan beheer.
Geraldine, 'n woordjie van krag aan jou
daar waat jy in die Kelder jou naels alleen kou.

'n Geseënde Kersfees en 'n mooi Nuwejaar
wens ons almal toe wat elders baljaar.
Ons ou's hier sal maar Engeltjie speel
en 'n groot partytjie vir die 22ste reël.

# TIKSTERS

Hier het baie dinge vinnig en onverwags gebeur.

Mev Chrissie Blignaut is aangestel in mev Lorraine Erasmus se pos by Beplanning - en ons hoop sy sal baie gelukkig wees.

Mev Marietjie Willemse het besluit om ons te verlaat, aangesien sy 'n betrekking by Krygkor aanvaar het. Ons goeie wense vergesel haar.

Mev Marié Potgieter is ook al tuis by ons in die afdeling.

Sterkte aan die tiksters wat gedurende Desembermaand alleen die mas moet opkom.

Aan al die personeellede wil ons 'n baie aangename vakansietyd toewens.

Gammat het uit 'n venster op die tweede verdieping geval en binne 'n ommesientjie staan daar tientalle mense rondom hom op die sypaadjie. 'n Konstabel baan sy weg deur die omstanders en wil saaklik van die man op die grond weet: "En wat gaan hier aan?"

"Nei master, ek weet nie", antwoord die beseerde Gammat flouerig. "Ek het ook maar nou eers hier aangekom."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# AFRICANA

Die agste fermeerderde, ferbeterde druk (1905) van 'n kostelike boekie in die Africana-versa= meling heet Di Suid Afrikaanse Kook- Koek- en Resepte Boek, byeenfersamel en geskrywe deur Mejuffr E J Dykman.

Hoe lyk dit met 'n outydse doekpoeding vir hier= die Kersfees? Hier volg die resep wat mej Dykman nagelaat het.

Plum Poeding, no 1

Neem 1 lb niirfet, 1 lb korente, 1 lb resyntjiis, sonder pitte, 10 yers, gerasperde neut, 2 ons gesuikerde limoenskil, 1 tēlepel fyn gemmer, ½ lb broodkruimmels, ½ lb meel, ½ bottel melk, ½ tēlepel kruinagels, kap die niirfet fyn, meng al di droge goed tesame, klop di yers goed, doet di melk daarby en meng algar goed tesame, neem 'n skoon doek, strooi droge meel in en sit di deeg daarin, bind dit goed toe en sit in 'n pot kokend water, sit 'n bord onder di poeding in di water, dat dit ni fas sit ni, kook 4 of 5 uur lank of nog langer.

Behalwe resepte bevat die boekie talle rate vir onder andere:

Buitengewone Dikte

As jy wens wat dunner te wees, kan jy wilde (of berg) seldery op brandewyn laat trek, en saans 'n sopi daarfan drink; men kan dit oek met water of wyn gebruik. Dit is 'n skerp middel, jy kan dit ferflou tot dit goed is. Dis fer mand.

Drank fer Fermoeide Perde

Iemand skryf di beste ding fer fermoeide perde wat hy kan anbefeel is 'n kwart gelling hawermeel omgeroerd in omtrent 'n half gelling water. Dit ferfris en fersterk hom en maak syn maag in orde fer meer faste foer.

# DERDE VLAK

MAANDVERSLAG

Almal is weer terug en gelukkig want die eksamen is verby. Alna, Susara, Dries en Peet, ons hoop die uitslae is uitstekend!

Ongelukkig verlaat Susara en Alna ons om Ontslui= ting se geledere aan te vul - ons hoop die kata= lografiepunte lyk goed!

Ingrid het vreeslik plante gesoek maar nadat Alna 'n hele kwekery hier aangebring het, was die pro= bleme sommer opgelos. Magda kan nou twaalf mense vir ete nooi as gevolg van die nuwe eetstel - almal wonder wie die gelukkige(?) twaalf gaan wees.

Aan Peet, wat aan sy MA-verhandeling gaan werk, wens ons alle sukses en voorspoed toe.

Amande se ogies blink deesdae en die troue is om die draai - ons wens haar en Johan 'n gelukkige huwelik toe.

# VERJAARSDAE

DESEMBER

| | | | |
|---|---|---|---|
| *7* | Mej Annie Pienaar | - | Medies |
| *11* | Mnr Jasper Louw | - | Medies |
| *12* | Mev Mathilda du Preez | - | Onderstepoort |
| *16* | Mev Barbara Gunther | - | Tydskrifte |
| *24* | Mnr Nic van Vuuren | - | Bindery |
| *26* | Mev Alet Kleu | - | Boekbestellings |
| *26* | Mev Geraldine Wilkes | - | Kelder |
| *31* | Mej Jo Breed | - | Ontsluiting |

JANUARIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| *7* | Mev Leonie van Wyk | - | Ontsluiting |
| *8* | Mev Hannetjie Erlank | - | Inter |
| *9* | Mev Alet Fisher | - | Landbou |
| *11* | Mnr Rudi Schwartz | - | Buitemuurs |
| *15* | Mej Marie Schoeman | - | Toonbank |
| *16* | Mev Rita Botes | - | Boekbestellings |
| *26* | Mev Magda van Deventer | - | Derde Verdieping |
| *17* | Mej Magriet Bruyns | - | Geres Studievers |
| *17* | Mej Marietjie Greyling | - | Tik en Duplisering |
| *24* | Mev Berrie Matzopoulos | - | Boekbestellings |
| *24* | Mnr Jakkie Schlebusch | - | Regte |
| *30* | Mev Elna du Plessis | - | Medies |
| *30* | Mnr Piet Lourens | - | Buitemuurs |
| *30* | Mnr Robbie Pols | - | Kelder |

Hoewel die meeste van ons besef dat ons nie ons seëninge verdien nie, is niemand onwillig om dit te ontvang nie.

REDAKSIE

| | |
|---|---|
| Redaktrise | Mej J du Preez |
| Sub-redaktrise | Mev M L Kuhles |
| Sub-redaktrise | Mev B von Ehrenberg |
| Tikster | Mej A Honiball |
| Medewerkers | |
| Beplanning | Mnr R Tönsing |
| Aanskafafdeling | Mev E du Plessis |
| Bindery | Mnr C F Buys |
| Leendienste | Mev M Verster |
| Ontsluiting | Mej M Lee |
| Sosiale Komitee | Mej J Breed |
| Tiksters | Mev C Blignaut |
| Tydskrifafdeling | Mev B Gunther |
| Vakbibliotekarisse en assistente | Mev C van Waesberghe |
| Onderstepoort | Mev F de Villiers |
| BMW | Mev M Willemse |
| Medies | Mev A van der Watt |
| Landbou | Mej J du Preez |
| MacFadyen-biblioteek | Mnr D R Schwartz |
| Diskoteek | Mev B von Ehrenberg |
| Fotograaf | Mnr P D de Kock |
| Fisiese Versorgers | Mej W Shipman |
| | Mnr W Porter |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FOTOBLAD

## OORPLASINGS



Mev Elna du Plessis
Seksie Boekbestellings na Medies



Mev Jeanne Cilliers
Beplanningsafdeling na Medies

# TOTSIENS



Mnr W Gagiano
Reprografiese Dienste



Mnr Machiel Strauss
Gereserveerde Studieversameling



Mev Alma Cronjé
Africana



Mev Manda Lang
Ontsluiting



Mev Christelle van Waesbergh
Vakbibliotekaresse



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# die redaksie verkeer gesellig!



Mev B von Ehrenberg (Sub-redak=
trise)
Mej J du Preez (Redaktrise)



Prof E D Gerryts
Mnr W W Duminy



Agter: Mevv E du Plessis, A van der Watt, Mej A Honiball (Tikster) Mev B von Ehrenberg
Voor: Mev J Cilliers, Mej J du Preez, Mev M Kuhles



Mev B von Ehrenberg, Mnr P de Kock (Fotograaf), Mev M Kuhles (Sub-redaktrise), Mev J Cilliers

# WELKOM



Mnr Hurter van Breda
Seksie Finansiële Administrasie



Mej Anthea McLaren
Ontsluiting



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019